EN NOU VIR DIE GOEIE NUUS

# vrye weekblad

16 - 29 SEPTEMBER
R5,00

ONAFHANKLIK ● ONVERBONDE ● ONVERSKROKKE




## Die mens se beheptheid met oerdiere

### Dinosourusse kom krap in ons mites

### Grond: erwe van wié se vaders?

### Die vreemde psige van Wacko Jacko


Die TV is op die koffie. Die
alarmstelsel slaap rustig. Die
swembad het g'n saak met
skoonmaak. Skoenrieme
breek. Jeans krimp. Knope
spring op die onmoontlikste
tye van jou hemp af. En as sy
net wou bel sou jy nie jou
antwoordmasjien hoef gaar
te luister nie. Ja-nee, jy kan
maar sê ek waardeer die
dinge in die lewe wat werk.

# Die lewe kan net lekkerder wees met die nuwe Corolla.

Jy kan enige van die nuwe Corollas op enige stuk pad vat en self voel hoe lekker die lewe regtig kan wees.

Skop af met die ratse 130. Hy't 'n enjin wat daarvan hou as jy voet in die hoek sit, en hy sal vir jou 'n lewendige vertoning gee wat gekoppel is aan merkwaardige brandstofdoeltreffendheid.

Volgende aan die beurt is die multi-klep 160i met elektroniese brandstofinspuiting. Hy's net so tuis in spitsverkeer as op die lang pad en hy sal sorg dat jy nooit in enige situasie onkant betrap word nie.

En dan is daar die nuwe Corolla 180i. Sy dubbelbonokas-enjin is 'n regte grootmeneer met versnelling wat jou na jou asem sal laat snak en sorg dat stadsverkeer, steiltes en sleep lag-lag kafgedraf kan word. Maar selfs met al die krag is 'n rit in die 180i verrassend glad en stil.

Maar ons het nie al die aantrekkingskrag van die nuwe Corolla onder die enjinkap weggesteek nie. Die kajuit is propvol van die weelde en gerief wat jy verwag, terwyl die bakwerk nou spog met strelende, aërodinamiese lyne.

Maak jouself tuis in iets waarop jy regtig kan vertrou en vind uit hoe lekker die lewe regtig kan wees.

**Alles loop reg, altyd reg**

**TOYOTA**
C O R O L L A




COROLLA REEKS: 130, 160i GL, 160i GL OUTO, 160i GLE, 180i GL, 180i GLE, 180i GSE, 180i GSE OUTO, 180i GSX. TOLVRY INFOLYN: 0800 139111

# UNISA SE BOP HELP MIDDELBESTUURDERS MET DRYFKRAG OM UIT TE BLINK.

REGISTREER VOOR 15 OKTOBER.

Ten einde in die immergroeiende aanvraag na kundige middelbestuur te voorsien, bied Unisa se Nagraadse Skool vir Bedryfsleiding (SBL) die 21ste Bestuursontwikkelingsprogram (BOP) in die begin van 1994 aan.


Sedert sy ontstaan in 1972, ondersteun dié program middelbestuurders wat deskundiges op hul eie gebiede is, om omvattende kennis oor al die funksies van 'n organisasie te verkry. Die BOP se keuserigting Algemene Bestuur is die suksesvolste en bied aan belowende bestuurders die geleentheid vir verdere loopbaanontwikkeling. Dit is 'n middel tot selfverbetering en beroepsvooruitgang en gee aan dié wat dit geslaag het, die mededingersvoorsprong – ongetwyfeld 'n voordeel in vandag se wedywerende sakemilieu.

Die BOP is nog altyd oor 'n middeljaarkalender aangebied en dit sal in die toekoms steeds die geval wees. 'n Algemene Bestuur keuserigting word egter nou aangebied wat oor die 1994 kalenderjaar strek.

Individue wat die program suksesvol voltooi, ontvang 'n erkende BOP Sertifikaat wat deur UNISA toegeken word.


Vir u BOP programbrosjure met volledige besonderhede, skryf asseblief aan:

Die Mededirekteur: BOP
SBL Unisa
Posbus 392
Pretoria 0001
Of skakel Deanna Vogét
by 012-3226777
(Faks 012-3200421)



SBL
NAGRAADSE SKOOL VIR BEDRYFSLEIDING
UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA


LEIERSKAP IN DIE PRAKTYK



**13** Derduisende mense regdeur die land hunker na hul voorvaderlike grond. Die eis is om vinnige restitusie te gee aan mense wat hul grond deur gedwonge verskuiwings verloor het. Maar hoe vinnig kan die regering ou onreg herstel?

**22** *Jurassic Park* ontsluit weer die wonderwêreld van oerdiere en die mens se verlange na fantastiese mites. Spielberg het, soos met ET,'n vreemde emosie regdeur die ganse wêreld gestuur.





**33** In Pippa Skotnes se treffende tentoonstelling *In the Wake of the White Wagons* word die mistiek van die San-kultuur ontgin in beelde wat darem die vernietigde verskynsel bewaar.


vrye weekblad

16 SEPTEMBER 1993

TWEEDE REEKS Nº 7



KORTBEGRIP 6

BRIEWE VAN ONS LESERS 52

**POLITIEK**

GATSHA: 'N MONUMENTALE HOOFPYN 10

ANTI HERNUS EN DIE ANDREAS-FOUT 11

TEC SE RATTE LOOP FYN ÉN DIEP 12

**AKTUEEL**

HEIN GROSSKOPF BEKEN 9

DIE JACKSON-FENOMEEN 18

SA HOU DIE BLINK KANT BO 28

KOM PALESTINA REGTIG TEREG? 30

AFRIKA-GODSDIENS GEDY 31

OPLOSSING IN CONTRA-MOORDE 37

**PROFIEL**

JOAN 'THE BITCH' HAMBIDGE 20

**BOEKE**

INTEENDEEL: HISTORIESE AVONTUUR, PIKARESKE ROMAN 39

JEAN GENET: VERBODE MORALIS 41

ZAKES MDA: TELESKOOP OP TEATER 42

**KUNS EN VERMAAK**

TEATER: GOOSEN OOR "KOFFER" 43

FILM: JANET FRAME SE SKISOFRENIE EN DAARNA 44

**RUBRIEKE**

VLIEG IN DIE SALF 8

POP 35

FYNPROE 45

FILM EN TEATERRESENSIES 46

WYNPROE 48

ONTDEK 'N EETPLEK 48

KLIPOOG 50

BROLLOKS 51

**SPORT**

SA KRIEKET SPRANKEL DIE WÊRELD IN 49

**LAASTE SÊ**

'N BURGEROORLOG IS ONMOONTLIK 54

# kortbegrip

## mense en dinge

**ANOREKSIA:** Terwyl hy in Duitsland was, het die lywige Andries Beyers nie geweet sy AVU word plankdun met Cehill Pienaar se defeksie nie. Toe hy terugkom, was Koos Wonderboom Botha darem nog daar. Ook net. Koos sê hy rol liewer onafhanklikheid toe as die AVU heeltemal sy lyf verloor; NP of KP toe gaan hy nooit wéér nie.

**IN BOTTER GEVAL?** Van onafhanklikheid rol Willem Hefer, Richard Cheary en Mike Melunsky in die botter van 'n ANC wat lekker dikker word van witvleis. Die drie rolling stones meen hulle kan die ANC help met kundigheid in plaaslike regering - asof die civics nooit iets geleer het nie!

**WIE SAL DIE TROP LEI?** Waar bevind die DP hom nou? Voor 'n moontlike leierskapstwis met 'n rusteloos grommende Tony Leon wat na 'n rustige gromlose Zach de Beer sit en kyk met 'n reg-vir-spring houding?

**FERDI VEREER:** Die vryheid van Lichtenburg word aan dr Ferdi Hartzenberg gegee - vermoedelik omdat hy KP is, nie omdat hy 'n vry ligdraer met 'n hart is nie.

**PAC-HERKOMS:** Indien die PAC, die Riverside Lodge op die Lesotho-grens gaan uitmekaarskiet het, het hulle 'n snaakse teiken geskiet. Riverside het oorspronklik aan die ryk en bekende Duncan-familie behoort— en Patrick Duncan moes in die sestigerjare landuit vlug omrede sy lidmaatskap en werk vir die destyds verbanne PAC.

**PAC-ERFENIS:** Digby die plek waar Amy Biehl in Guguletu vermoor is, gedenk Apla sy stigting. Kinders verkondig op T-hemde: Kill them, Apla. Butcher them, Apla.

**LIEGBEK:** Isabel Allende, beroemde Suid-Amerikaanse skryfster, sê: "I loved being a journalist. But I was a lousy one. I lied all the time."

**HEUNINGBEK:** Die koningin van Afrikaanse uitsaaistemme, Esme Euvrard, is op 74 in haar slaap dood. Geloof en geliefd vir haar soet stem en haar gulhartige liefde vir die ganse wêreld, het Esme grande dame-status in radio en ons eerste rolprente gehad.

**'N WIT WELKOM.** Gerrie Pelser van Orania sê die wit Boere Afrikaner Volkstaat (lees Net vir Blankes) gaan hulself bemark as 'n toeriste-attraksie (lees wit toeriste). Die stadsklerk verseker voornemende reisigers die rioelering werk nou goed en daar's ook Boesmantekeninge te sien.




Sowetan

## koerante sê

**SUNDAY STAR, 12 SEPTEMBER:** Negotiators cannot be expected to keep on giving in to Buthelezi's "territorial demands". The real compromises now have to come from the IFP as the tide of events turn against it after KwaZulu's case was thrown out of court.

**THE WEEKLY MAIL AND GUARDIAN, 10 SEPTEMBER:** To exercise its substantial powers, the TEC needs the backing of 75 percent of its members and 80 percent in the matters affecting the security forces. This will give a small handful of some of the extremely minor and unpopular parties the power to block TEC functions.

**BEELD, 10 SEPTEMBER:** Die AVU, en minder so die DP, is klein partye wat gemaal gaan word in die politieke meule tussen nou en aanstaande jaar se verkiesing. Dit is half jammer dat dié twee partye die vroeë slagoffers van die maalproses is omdat albei in hul deel van die spektrum voorloperpartye was en is.

**CITY PRESS 12 SEPTEMBER:** The latest outrage on the East Rand has a clear message for our people - there are evil forces who are hellbent on stopping next year's elections.

## liewe land!

Een van die grootste en modernste moskees ter ere van die profeet Mohammed se verjaardag is deur koning Hassan van Marokko geopen deur 'n laserstraal wat in die rigting van Mekka wys, aan te skakel. Dit het 7 jaar en $500 miljoen gekos om die moskee - met plek vir 100 000 aanbidders - te voltooi.

Suid-Afrika se bevolking het sedert die 1991-sensus met 1 558 000 mense toegeneem. Dit is 2 134 monde per dag om te voed en werk voor te vind.

Die verouderde wêreldbevolking gaan geweldige druk op lande se maatskaplike bystand plaas. Die twee lande met die grootste probleme is Duitsland, wat 'n minus in sy geboorte-aanwassyfer toon, en Japan waar die gemiddelde ouderdom glo 82 jaar is.

Volgens 'n Britse verslag kan mense, danksy wetenskaplike vooruitgang en 'n gesonde leefwyse, 115 jaar oud word.

'n Man van Nebraska wat besope met sy vragmotor oor 'n seun gery het, moet 'n foto van sy slagoffer vir die volgende vyf jaar by hom dra, het die hof beslis.

vrye weekblad

**REDAKTEUR**
MAX DU PREEZ

**MEDE-REDAKTEURS**
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

**POLITIEKE REDAKTEUR**
HENNIE SERFONTEIN

**KOPIEREDAKTEUR**
JOHANNES BRUWER

**ONTWERP**
ANTON SASSENBERG

**BOEKEREDAKTEUR**
WILLIAM PRETORIUS

**FOTOREDAKTEUR**
SALLY SHORKEND

**VERSLAGGEWERS**
LOUIS KIRSTEIN
ESMA ANDERSON
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL

**ADVERTENSIEBESTUURDER**
ELIZE VILJOEN

**FINANSIËLE BESTUURDER**
MARK BEARE

**ADMINISTRATIEWE BESTUURDER**
JOEY FLEETWOOD

**REDAKSIE-ASSISTENT**
NARIKE LINTVELT

**KANTOOR-ASSISTENTE**
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van Carolinestraat 91, Brixton. Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113, die telefoonnommer is **(011) 837-7017** en die faksnommer **837-3567.** Die Pretoria-kantoor se nommer is **(012) 83-4879** en die faksnommer is **83-2181**

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA-PUBLIKASIES, MARKSTRAAT 324, WALTLOO, PRETORIA.



# so sê hulle

*"Nee, ek was gelukkig. Ek kom uit 'n armblanke-omgewing, so ek was nooit goed genoeg vir hulle nie."*
**PIET GOUS,** voorsitter van die Vrystaatse Landbou-unie, op 'n vraag of hy ooit deur die Broederbond genader is

*"How can a 20-year-old girl improve her personal best by more than three minutes in less than a year and break the world record? Well, she's certainly not eating porridge."*
**INGRID KRISTIANSIN,** voormalige 10 000 meter rekordhouer, oor die Chinese atleet Wang Jungxia

*"As ek as militaris dieselfde opmerkings sou maak, sal dit baie ernstiger wees."*
**GENL CONSTAND VILJOEN,** leier van die Afrikaner Volksfront, wat die dreigemente van burgeroorlog wat dr Ferdi Hartzenberg, leier van die KP gemaak het, afmaak as politiekery


*"As jy 'n Jood was wie se venster gebreek is, sal jy by die Gestapo gaan kla?"*
**TINA MARTIN,** 'n terapeut van die Britse Vereniging van Polisievroue, oor die hoë voorkoms van ongerapporteerde seksuele teistering van vroulike offisiere deur manlike kollegas

*"Die kuns van vooruitgang is om orde te midde van verandering te handhaaf - en verandering te midde van orde te handhaaf."*
**AE ABRAHAMSON,** voorsitter van die Suid-Afrikaanse Zioniste-federasie

*"As jy iemand ontmoet, bied jy net jou hand aan as jy daardie persoon vertrou, as jy in hom kan glo. Ek weet wie ek is, hy weet wie hy is en ons lol nie daarmee nie."*
**"KOLONEL" FERRUS MUNRO,** tweede in bevel van die AWB in Kaapland na sy ontmoeting met Nelson Mandela in 'n hotelkamer in Beaufort-Wes waar daar nie hand geskud is nie

*"It is easy for me to phone almost any foreign minister in the world and get access."*
**THABO MBEKI,** die ANC se nuwe voorsitter

*"Ek doen dit nie vir geld nie."*
Die impresario **ANANT SINGH** oor hoekom hy Michael Jackson na Suid-Afrika wou bring.





Andy in *The Star*

# wil jy weet?

Dwight David Eisenhower, die 34e president van die VSA, is op 14 Oktober 1890 op Denison in Texas gebore. Sy pa was David Jacob Eisenhower en sy ma Ida Elizabeth Stover.

Los Angeles in Kalifornië is 2 231,683 kilometer van Dallas in Texas.




Mike Luckovich - *Atlanta constitution*

# het jy geweet?

Mercurius is die tweede kleinste planeet in die sonnestelsel en ook die naaste aan die son. Sy jaar is net 88 dae lank. Die kleinste planeet is Pluto.

Jupiter, die grootste planeet, neem sowat 12 aardjare om een van sy jare te voltooi.

Die volgende totale sonsverduistering sal op 3 November 1994 oor Peru, Bolivië en Brasilië voorkom en vier minute en drie en twintig sekondes duur.

# Ons moet wéét wie het Biko doodgeslaan



MAX DU PREEZ

SESTIEN jaar gelede dié week het polisiemanne een van Suid-Afrika se mees talentvolle en charismatiese leiers, Steven Bantu Biko, só erg aangerand dat hy aan sy wonde dood is.

Die geregtelike ondersoek na sy dood is só deur die polisie belieg dat dit geen vinger gewys het nie.

Daar is 'n hele rits soortgelyke gevalle waar dit algemeen bekend is dat politieke leiers deur sluipmoordenaars van die staat of amptelike moordbendes vermoor is, maar van regeringskant is daar 'n bot ontkenning.

Só is Ruth First in Maputo, Dulcie September in Parys en Jeanette Schoon en haar dogtertjie in Angola deur agente van die staat vermoor. Sterk getuienis oor wie vir dié moorde verantwoordelik was, is die laaste vyf jaar in *Vrye Weekblad* gepubliseer. So ook inligting oor die "teregstelling" van die Mamelodi-dokter, Fabian Ribeiro, en sy vrou; die Natalse prokureur, Griffiths Mxenge, en sy vrou, Victoria; en die wit aktiviste Rick Turner, Neil Aggett, Anton Lubowski en David Webster.

Die hoof van die polisie se Vlakplaas-moordbende, Dirk Coetzee, het vier jaar gelede al met gure besonderhede vertel hoe teenstanders van die regering stelselmatig vermoor en gemartel is. En drie jaar gelede het 'n groot deel van die onsmaaklike waarheid oor die weermag se Burgerlike Samewerkingsburo se werklike doelstellings uitgekom.

Van die polisiemanne en soldate wat by dié beweringe betrek is, is intussen bevorder; ander se aftrede is met groot goue handdrukke gekoop.

DIE LAASTE PAAR weke is dié sweer van die verlede weer oopgesteek: in getuienis voor die ondersoek na die moord op die UDF-leier Fort Calata en sy drie kollegas sê die hoof van Militêre Inligting, genl Joffel van der Westhuizen, dat dit net die veiligheidsmagte kon gewees het wat hulle vermoor het; en weier hy om vrae te beantwoord oor die beplande moord op 'n tuislandleier omdat dit hom kan inkrimineer.

Suid-Afrika moes ook hoor dat die gewese hoof van die weermag, genl Jannie Geldenhuys, aan senior offisiere gesê het dat die uitwis van "vyande van die staat" nie moord is nie.

Wat 'n siek, bloeddorstige era was die Totale Aanslag nie! En boonop een wat tot vandag toe omring is deur 'n "bodyguard of lies" (om Churchill buite konteks aan te haal).

Dit maak dit juis te meer onsmaaklik om na die regering se propaganda-aanvalle op die ANC oor húl geraamtes in die menseregte-kas te luister.

Die ANC se versuim om sterk op te tree teen sy skuldiges ná die aanvanklik positiewe stap om 'n kommissie van ondersoek na wandade in die Angola-kampe aan te stel, is 'n verdere rede waarom eerlike, demokratiese Suid-Afrikaners - en sekerlik alle Christene en ander gelowiges - nou behoort aan te dring op 'n Kommissie vir Waarheid en Versoening soos wat Chili in 1990 ná 'n soortgelyke rekord van marteling en moord gedoen het.

As daar 'n volledige erkenning en openbaarmaking van al die booshede van die apartheidsregering en die stryd daarteen is, kan die katarsis in ons gepolariseerde gemeenskap soveel vinniger en makliker kom en kan ons die swerende wond van die verlede laat genees.

Sonder dié katarsis sal die bitterheid, haat en wraaklus voortduur - dít waarop radikale soos Apla teer.

BIKO IS 'N goeie voorbeeld: sestien jaar ná sy dood het swart Suid-Afrikaners nog nie vergeet en vergewe nie, en bly die wrewel prut. Gaan kyk maar na artikels hieroor in die laaste week se swart koerante.

Maar belangriker nog: as die sondes van die verlede nie in die ope gebring word nie, sal dit 'n ernstige ondermyning van die nasionale morele gewete meebring. Dit is iets wat die nuwe Suid-Afrikaanse gemeenskap allermins kan bekostig.

As ons nasie nie gepurgeer word van al dié traumas en ongeregtighede nie, bly dit in die nasionale onderbewussyn voortsluimer - as bitterheid by slagoffer, en as onderdrukte skuldgevoel by aggressor - en steek later weer met ander simptome kop uit.

En as Suid-Afrika nie op 'n skoon menseregte-lei 'n nuwe toekoms kan begin bou nie, gaan die kultuur van klandestiene staatsoperasies en die minagting van menseregte in die naam van staatsveiligheid net voortduur.

NEUREMBERG-TIPE verhore is potensieel gevaarlik en destruktief. 'n Heksejag onder die veiligheidsmagte kan dié mense meer van 'n probleem in die oorgangstadium maak as 'n hulp.

Maar sonder kennis van die verlede en 'n vorm van skulderkenning deur die geweldenaars - insluitende dié politici wat die klimaat geskep en die opdragte gegee het - kan ons werklik nie 'n oop, verdraagsame demokrasie bou nie.

"Politieke" moordenaars en martelaars van alle kante van die politieke spektrum behoort amnestie te kry, maar die mense van Suid-Afrika het 'n onwrikbare reg om te weet waarvóór hulle amnestie kry.

As ons die reeds wankelende Nuwe Suid-Afrika boonop op 'n fondament van leuens, versluiering en 'n minagting van menseregte bou, kan dit nie stewig genoeg wees om die toetse waaraan dit onderwerp gaan word, te deurstaan nie. ■



(Foto: Huisgeno

Grosskopf, onlangs in Londen afgeneem.

# Hein praat **(uiteindelik)** reguit oor bomme

deur martie meiring

SES JAAR gelede was Heinrich Johannes Grosskopf die mees gesoekte man in Suid-Afrika. As soldaat van Umkhonto we Sizwe is hy beskuldig van drie groot terreurdade.

Nou erken hy: net een keer het hy 'n bom geplant - 'n bom wat niemand gedood het nie. Maar oor die ander het die regering en die pólisie hom valslik beskuldig.

Grosskopf het vandeesweek uit Engeland aan *Vrye Weekblad* gesê hy het om vrywaring gevra vir die bom wat in Julie 1987 in Suid-Afrika by die SA Weermag se Kommandement Witwatersrand in Quartzstraat, Johannesburg ontplof het. Met die ander twee terreurdade waarvan hy op sensasionele wyse ses jaar gelede deur die destydse minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, beskuldig is, het hy niks mee te make gehad nie.

Grosskopf sê hy het deur die Verenigde Nasies se verteenwoordiger by die die Departement van Justisie aansoek om vrywaring van vervolging gedoen het vir sy aandeel in die Wits-kommandementbom, "aangesien dit 'n polities-gemotiveerde aksie was, uitgevoer ter bevordering van die doelstellings en doelwitte van die ANC".

Grosskopf, wat nou beplan om terug te keer na Suid-Afrika, ontken ten sterkste dat hy enigsins betrokke was by die bomontploffings buite die Johannesburgse landdroshof in 1987 en buite die Krugersdorpse landdroshof in 1988 waar drie mense dood is en twintig beseer is.

Grosskopf sê 'n onlangse tydskrifartikel het hom verkeerd aangehaal. "Ek wil dit duidelik stel dat ek, tot nou, nooit betrokkenheid by enige van die Umkhonto we Sizwe-aksies waarvan die SAP my in die openbaar beskuldig het, erken of ontken het nie," sê Grosskopf. En om finaal 'n einde te maak aan die "sensasionele en dikwels belaglike spekulasie, veral wanneer daar veel belangriker sake op die agenda is," wil hy nou sy aandeel in een en onskuld in twee van die drie beskuldigings bekend maak.

Grosskopf se erkenning kom na jarelange bespiegelinge oor sy rol as 'n ANC-guerrilla. In 'n onderhoud in Julie 1990 met *Vrye Weekblad* het Grosskopf gesê: "Oom Adriaan (Vlok) beskuldig my van drie operasies. As ek dit erken, is ek in die gemors. As ek dit ontken, is iemand anders in die gemors."

Onlangs het Grosskopf se eerste roman, *Artistic Graves*, verskyn. Dit handel oor 'n Afrikaner se betrokkenheid by die struggle.

Omdat Grosskopf self uit 'n gesiene Afrikanerfamilie kom en sy pa, Johannes Grosskopf, 'n koerantredakteur en professor in die joernalistiek was, het die beskuldigings teen hom destyds groot opslae gemaak. Belangstelling in sy boek wentel om die moontlike outobiografiese elemente daarin. Grosskopf het self erken dat die boek getemper is deur sy en sy kamerade se ervaringe in die struggle. Die hoofkarakter in die boek word uiteindelik as 'n teensinnige vryheidsvegter uitgebeeld. Grosskopf self is konsekwent deur sy vriende as 'n sagsinnige mens beskryf wat teen geweld gekant is.

IN 1986 HET Grosskopf Suid-Afrika en sy jong vrou van tien maande skielik verlaat en hom by die ANC se militêre vleuel, Umkhonto we Sizwe, in Lusaka aangesluit waar hy opleiding gekry het.

In Maart 1988 het die destydse minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, in 'n opspraakwekkende verklaring gesê dat hy "geen twyfel" het dat Heinrich Johannes Grosskopf by die Quartzstraat-ontploffing betrokke was en dat die polisie glo dat Grosskopf ook by die Krugersdorpse landdroshof-ontploffing betrokke was. Brig Herman Stadler, destyds van die Veiligheidsdiens, het beaam dat die polisie leidrade in dier voege gehad het.

'n Beloning van R50 000 is op Grosskopf se kop gesit.

Vlok se uitlatings het groot beswaar van Grosskopf se moeder, Santie, ook 'n joernalis en skrywer, uitgelok. Sy het 'n verskoning van die minister geëis omdat hy haar seun as 'n ANC-terroris "aangekla, verhoor en skuldig bevind het."

Vlok het in antwoord glo gesê dat hy jammer is dat sy sy verklaring so "beleef" het. Grosskopf se ma het weer geëis dat hy verskoning vra en hom tereggewys dat sy sy verklaring gehoor het en dit nie "beleef" het nie.

Oor die versuim aan Vlok se kant om in die openbaar die saak aan te roer en om op haar briewe te beantwoord, het mev Grosskopf haar briewe in die pers bekend gemaak. Geen toestemming kon verkry word om Vlok se briewe te publiseer nie.

Nou wil Hein Grosskopf terugkom Suid-Afrika toe. Hy is getroud met 'n Engelse vrou en het 'n jong dogtertjie. Hy wil graag nog skryf.

Hy was baie skrander op skool, ook gewild as 'n minsame, uitgaande en sagsinnige mens. Hy kom uit 'n geslag van bekende en sterk akademiese mense - sendelinge, regsgeleerdes, skrywers. Hein het in sy tweede jaar op Wits opgeskop en eers 'n verpleër geword, toe 'n aktivis.


"As ek nie 'n Afrikaner was nie, het niemand ooit my naam geken nie," het Grosskopf, moontlik tereg, aan *Vrye Weekblad* gesê. ■

# Selfs nie Aspro Clear werk vir Gatsha nie

deur hennie serfontein

## Daar is geen strategie op die horison om die Buthelezi-faktor te hanteer nie - selfs nie buitelandse druk nie





Mangosuthu Buthelezi
FW de Klerk
(Foto's: Sally Shorkend)

DIE moeder van alle politieke kopsere. Dís hoe verslae en erg gefrustreerde leiers van sowel die ANC as die regering deesdae voel oor Mangosuthu Buthelezi, die leier van die IVP en hoofminister van KwaZulu.

In gesprekke met leiers van die twee onderhandelingsvennote is dit duidelik dat hulle met hul hande in hul hare sit en geen benul het hoe om hom te hanteer nie. Maar terwyl hulle nou openlik van die "Buthelezi-faktor" praat, is dit duidelik dat dié omstrede politikus deur sy afwesigheid die afgelope byna drie maande by die veelpartyonderhandelinge daarin geslaag het om sy teenstanders te dwing om hom ernstig op te neem en toegewings te maak wat vroeër as onmoontlik beskou is.

Dit is ewe moeilik en frustrerend om die ander "probleemkind", die regses, weer te betrek. Die bilaterale gesprekke tussen die Afrikaner Volksfront se generaals hak elke keer vas by die regse onverbiddelike eis dat die ANC eers die beginsel van 'n Afrikaner-volkstaat moet aanvaar.

'n Formule word desperaat gesoek om Buthelezi te oorreed om terug te kom na die onderhandelingstafel. Met Vrye Weekblad se ter perse gaan, was die ontmoeting tussen Staatspresident FW de Klerk en Buthelezi nog op koers.

Sekere regeringsbronne sê as Buthelezi weier om terug te kom, hoop hulle as tweede prys hy sal nie die verkiesing op 27 April volgende jaar boikot nie.

Toe ek 'n regeringsleier daarop wys dat ons ses weke gelede 'n lang gesprek oor die regering se hantering van die "geval Buthelezi" gehad het en nou weer, sê hy sinies: "Jy kan daarvan seker wees ons sal oor ses weke wéér dieselfde gesprek hê - en nog steeds nie nader aan 'n oplossing wees nie."

Die euforie onder ANC- en regeringsonderhandelaars ná die besluit oor die instelling van die Uitvoerende Oorgangsraad (TEC) verlede week was verrassend. Daar was min of weinig begrip vir die praktiese probleme wat nou opduik weens Buthelezi se volgehoue boikot-aksie.

Die instelling van die TEC beteken dié liggaam sal in belangrike opsigte 'n sekere seggenskap oor die sake van KwaZulu hê. Dit is hierdie ontwikkeling wat Buthelezi so verwoed maak dat hy kort-kort met burgeroorlog dreig.

Dit word nou vir die regering en ANC duidelik dat die eise om 'n federasie nie die belangrikste rede vir sy wegbly-aksie is nie. Om tyd te wen, het die regering en die ANC die kwade dag van optrede en beslissende besluitneming vir 'n verdere maand uitgestel. Daar is besluit dat die TEC en die drie ander verwante wetgewings eers ingestel kan word nadat die tussentydse grondwet gefinaliseer is en dit alles as een pakket deur 'n leiersberaad goedgekeur word.

ANC- EN REGERINGSBRONNE sê hulle sal in die volgende weke uit hul pad gaan om "watter vrese Buthelezi ook al mag hê", te probeer aanspreek.

Maar dit lyk of die regering weer eens die bal mistas as hulle dink 'n grondwet met 'n sterk en absolute federale inslag sal genoeg wees om hom in die proses terug te bring.

Bronne na aan hom sê: "Soos ons De Klerk ken, het hy nog geen plan hoe om Buthelezi te hanteer nie. Die gedagte dat hy eensydig 'n skikking aan Buthelezi moet opdwing, is vir hom eenvoudig 'too ghastly to contemplate', om John Vorster se woorde te gebruik."

Hulle sê De Klerk sal vir eers probeer om "soveel myle as moontlik saam met Buthelezi te loop". De Klerk besef blykbaar dat as daar 'n breekpunt kom, dit nie oor die kwessie van 'n federasie moet wees nie, en hy sal probeer om dit duidelik te maak dat Buthelezi se onredelike eise die rede is vir die politieke konflik.

In 'n gesprek met 'n senior IVP-leier dié week blyk dit dat FW de Klerk se geloofwaardigheid oor 'n breë spektrum binne die IVP 'n sterk knou weg het. Aan Vrye Weekblad is gesê: "Ons vertrou De Klerk nie meer nie, want hy het ons al te veel in die steek gelaat."

Maar die ANC en regering vestig hoop op woelinge binne die IVP. In 'n sekere mate het Buthelezi 'n slagoffer van sy eie sukses onder blankes geword. Want die nuwe parlementêre rekrute, hoewel sterk anti-ANC, is ewe sterk antiregs. Samewerking met die regses of 'n boikot van die verkiesing is vir hulle heeltemal onaanvaarbaar.

Buthelezi se onlangse besoek aan Duitsland, Denemarke en Brittanje was deel van 'n fyn beplande strategie van die ANC-regerings-onderhandelingsvennootskap. Daar is gehoop dat druk deur veral tradisionele en jarelange bondgenote van Buthelezi, soos Duitsland en Brittanje, hom sou oorreed om na die onderhandelingstafel terug te keer.

TOT DUSVER HET dié strategie misluk, want Buthelezi het kategories alle pogings in dié verband ergerlik verwerp. Dit was gereël dat Buthelezi in Duitsland die gas van die Konrad Adenauer Stigting was. Dié organisasie ondersteun Buthelezi al jare, het 'n kantoor in Durban en is deel van die establishment van Helmut Kohl se regerende Christen Demokratiese Party.

Die bestuur van die Stigting het reguit aan Buthelezi gesê sy nuwe alliansie met regse partye mag meebring dat hulle eersdaags hul ondersteuning opskort. Die Duitsers was blykbaar geskud toe dié beweerde dreigement geen indruk op Buthelezi gemaak het nie.


Kohl self was eweneens ontstoke oor sy ontmoeting met Buthelezi, hoewel amptelik niks gesê is nie. In plaas van 'n man tot man tweegesprek het Buthelezi, in sy tipiese onderhandelingstyl, hom met 'n lang memorandum oor die beweerde gebreke van die huidige onderhandelings gekonfronteer. Die gesprekke met die ministers van Buitelandse Sake van Duitsland en Denemarke was stormagtig.

Hoewel die ontmoeting met die Britse minister van Buitelandse Sake, Douglas Hurd, kalm verloop het, is die Britte ook verstom oor Buthelezi se samewerking met regses en sy onbuigsame houding.


IN REGERINGSKRINGE word gesê 'n laaste uitweg is om Buthelezi se ou vennoot, Margaret Thatcher te nader om van hulp te wees. Maar in Britse kringe is gesê dat vanweë haar patologiese huidige anti-John Major-houding sy uit blote dwarstrekkerigheid Buthelezi mag ondersteun.

Tot dusver het dreigemente uit Duitse en ander Europese konserwatiewe kringe dat hulle finansiële ondersteuning aan die IVP sal afsny, by Buthelezi op dowe ore geval.

Daar is ook vasgestel dat twee van die grootste finansiële ondersteuners van Buthelezi twee regse Britse multi-miljoenêrs is - John Aspinall en sir James Goldsmith. Weens hul regse sentimente word gevrees dat hul steun sal voortduur. ■



Hernus Kriel. (Foto's: Sally Shorkend)



Sheila Camerer

# Anti Hernus en die Andreas-fout

## Die verdeeldheid oor strategie loop soos 'n Andreasfout in die aardkors deur die Nasionale Party - selfs deur die Afrikaanse pers, skryf HENNIE SERFONTEIN

"EK lyk soos 'n antie en ja, ek is anti-ANC, maar ek is nie een van Hernus se anti's nie." Dié op die oog af onskuldige, lighartige opmerking deur Sheila Camerer, adjunk-minister van Justisie, tydens die Transvaalse Nasionale Party-kongres verlede week, was 'n berekende steek na Hernus Kriel, die minister van Wet en Orde, en het gewys hoe openlik die antagonisme in die NP geword het.

Kriel en ses ander kabinetskollegas is verlede week deur die *Beeld*-rubriekskrywer Lood "Die Sewe Anti's" in die kabinet genoem wat verbete veg om 'n anti-ANC-alliansie te vestig wat die Inkatha Vryheidsparty (IVP) en die regse Afrikaner Volksfront (AVF) moet insluit.

*Beeld* het die name van ses genoem - ministers Kriel, Kobie Coetsee, Tertius Delport, André Fourie, George Bartlett en Danie Schutte. Die sewende is intussen uitgeken as Rina Venter.

MET HAAR TERLOOPSE opmerking het Camerer dit duidelik gemaak sy vereenselwig haar nie met die "blinde patologiese anti-ANC strategie", soos daar onder die hervormingsgesindes en onderhandelaars na die "anti"-strategie verwys word.

Camerer self is nou betrokke by die onderhandelingspan, waar sy Kobie Coetsee as Minister van Justisie verteenwoordig. Maar polities is sy deel van die pragmatiese onderhandelingsgroep wat Roelf Meyer, Dawie de Villiers, Leon Wessels en Fanie Schoeman (Meyer se adjunk-minister) insluit.

Die Camerer-steek het gevolg nadat Kriel aan die begin van sy toespraak wat oor veiligheid en geweld sou gaan, *Beeld* se rubriekskrywer reguit aangevat het. Oënskynlik was dit 'n aanval op die koerant, maar vir dié wat weet, was dit duidelik dat hy sy kollegas wat die alliansie met Inkatha en die regses verwerp, in sy visier gehad het.

Dit is betekenisvol dat Kriel sy antwoord aan Lood van 'n drie bladsye-verklaring afgelees het, wat agterna terstond aan die pers uitgedeel is.

Op dié wyse het Kriel die huidige twis in die kabinet en onder die top-leierskap, wat tot dusver agter die skerms gevoer is, in die ope gebring.

WAT BELANGRIK IS, is hoe Kriel die saak aangepak het. Op 'n slim wyse het hy die Staatspresident FW de Klerk by sy siening ingesleep deur vir De Klerk te omarm.

Met verwysing na die sewende ongenoemde minister, en die kaal blokkie sonder 'n foto en slegs 'n vraagteken, het Kriel gesê: "Ek wil Lood graag help. Hy kan sommer in die blokkie 'n groepfoto van die kabinet insit. Almal in die kabinet beskou die ANC as ons politieke vyand. Die staatspresident het dit al meermale gesê. Ons is almal anti-ANC. Ons is ook anti-KP, AWB, PAC, en Kommunistiese Party."

Maar belangrik is dat hy nie die IVP en die AVF (waarvan die KP 'n lid is) onder die vyande van die NP tel nie.

Deur FW de Klerk in die openbaar in die geveg te betrek, het Kriel druk op hom probeer uitoefen om die kant van die anti's te kies.

Kriel weet dat weens die komplekse aard van die debat, sy kollegas nie durf om sy simplistiese siening van die ANC te probeer bevraagteken nie.

Die wyse waarop De Klerk in sy toespraak ook die ANC aangeval het, was - bedoeld al dan nie - deur die anti-kamp aangegryp as bewys dat De Klerk hul standpunt ondersteun.

Tot dusver het De Klerk nie kant gekies nie. Hoewel hy bitter graag 'n breë front met die IVP sal wil vorm, lyk dit egter onwaarskynlik dat hy iets met die regses te doen sal wil hê.

Kriel se "klagstaat" oor die sondes van die ANC was op halwe waarhede en verdraaiings gegrond. Die plan is duidelik om soveel emosie rondom die ANC op te wek om die party-leiding in alliansie met die regses en Inkatha te forseer.

Kriel het onder meer gesê die ANC bely nie Christelike beginsels nie, ondersteun sterk sentrale regering, wil nie minderhede beskerm nie en bring slegs lippehulde aan nie-diskriminasie.

Tot dusver het De Klerk egter sy onderhandelingspan - wat almal sterk teen die anti-groep se alliansie-strategie is - ten volle by die veelparty-onderhandelinge ondersteun.

DIE AFRIKAANSE KOERANTE doen lustig mee aan dié politieke gestoei. Die voorste Kriel-ondersteuner is *Rapport*, met die Kaapse dagblad Die Burger 'n effens meer subtiele tweede. *Die Burger* se Transvaalse suster, *Beeld*, staan alleen in sy kritiese houding jeens die Kriel-paranoia, met *Die Volksblad* in Bloemfontein wat 'n meer neutrale posisie inneem.

*Rapport* en sy redakteur, Izak de Villiers, is maande lank al besig om soos 'n keffertjie aan die hakke van De Klerk en sy onderhandelaarspan te blaf en die tipiese Kriel-argumente week ná week te herhaal. Daar is ook al weke lank 'n gedurige toenadering tot die AVF, veral Constand Viljoen, wat soms in 'n verheerliking van regse teenstand teen die ANC uitslaan.

Verlede Sondag het De Villiers sy vlag in 'n openlike aanhang van die Kriel-sentimente gehys. Die manier waarop Kriel se stellings by die kongres tot anti-ANC-besluite deur die kongres verhef is, het heelwat van die versoeningsgesindes in die party van verontwaardiging laat snork.

Waarnemers van die Afrikaanse perswese sit en wonder en wag om te sien wat gaan die grootbaas van die Nasionale Pers, Ton Vosloo, doen met dié ongewone twis binne sy groep.

Vosloo hét al 'n keer die aweregse Ebbe Dommisse, redakteur van *Die Burger*, hokgeslaan toe Dommisse destyds sterk teen die DTA van Dirk Mudge in Namibia propaganda gemaak het ten gunste van die SWA Nasionale Party van AH du Plessis.

Maar daar word ook hardop gewonder waarom Vosloo volgens alle beskikbare getuienis nog nooit 'n woord gerep het oor De Villiers se soms embarrasserende reaksionêre aanslag in *Rapport* nie. ■

# TEC kan vasbyt

deur hennie serfontein

## Die Uitvoerende Oorgangsraad gaan 'n werklike verandering bring in die manier waarop die land regeer word

DIT het tande. Dit kan byt. Dis die ware Jakob waarvoor Suid Afrika al 341 jaar wag. Dis die Uitvoerende Oorgangsraad, algemeen bekend as die TEC, waartoe die Veelparty Onderhandelingsraad onlangs besluit het.

Laat daar geen twyfel wees nie: dit gaan 'n besliste invloed hê op die manier waarop besluite oor kardinale sake geneem gaan word totdat die nuwe regering in Mei aan bewind kom. Soos besluite oor die begroting en die toekenning van geld, die weermag en die polisie, en die bevoegdhede van die Staatspresident en ministers.

Daar's mense in regeringskringe wat walgooi en beklemtoon dat die TEC nie die regering vervang nie, en dat daar nie gesamentlike beheer oor die Veiligheidsmagte is nie. Maar dis om die regses te sus en die ware grondwetlike en politieke implikasie van die stap te probeer verdoesel. En as hiérdie nie magsdeling is nie, was afsonderlike ontwikkeling nie apartheid nie.


Sommige in die ANC en die PAC sê dit gaan nie ver genoeg nie. Ook hier is dit 'n geval van politieke debatspunte aanteken. Of dalk kan hulle net nie 'n politieke deurbraak erken as hulle dit sien nie.

Vra maar vir Mangosuthu Buthelezi, Oupa Gqozo of Ferdi Hartzenberg. Die instelling van 'n TEC met regte en magte is waarskynlik die belangrikste rede waarom Buthelezi die onderhandelinge boikot, terwyl Hartzenberg dit as 'n rede vir 'n revolusie sien.

Dis egter ook waar dat die TEC nie 'n volwaardige tussentydse regering is nie en nie al die magte van die huidige regering oorneem nie. Maar dis eweneens waar dat die TEC absolute gesag het oor die spesifieke oogmerke en bevoegdhede wat nodig is om die politieke speelveld voor die komende verkiesing gelyk te maak. Dis die gesag en soewereiniteit oor dáárdie sake wat van die regering weggeneem en aan die TEC oorgedra word.

Die TEC moet alle struikelblokke in die weg van wettige politieke aktiwiteite en alle vorme van intimidasie uitskakel, terwyl politieke partye vry moet wees om orals ondersteuning te kan werf en vergaderings te kan hou.

In praktyk beteken dit dat al die regeringstrukture in diens van en onder beheer van die TEC sal wees waar dit gaan oor sake wat binne hul bevoegdheid val. En die TEC het die reg om alle inligting oor sake wat hul bevoegdhede raak van enige staatsdepartement of liggaam te bekom. Dit sluit die sentrale regering, provinsiale administrasie en die administrasie van die ses self-regerende tuislande in.



Die vier TBVC-lande word net ingesluit indien hul parlemente 'n soortgelyke TEC-wetgewing aanvaar. Bophuthatswana en die Ciskei verwerp dit steeds.

DIE TEC SAL bestaan uit een verteenwoordiger van elk van die 26 politieke partye, groepe en administrasies wat die hervatting van die veelparty onderhandelings die begin van Maart geloods het. Dit sal eers teen die einde van Oktober ingestel word nadat die leiers die wetgewing hieroor by die onderhandelingsforum as 'n pakket goedgekeur het. Tot dan is die deur nog oop vir Bophuthatswana, die Ciskei, die IVP, KwaZulu en die KP om deel hiervan te word.

Die TEC sal sewe sub-rade instel wat die volgende sake met betrekking tot 'n vrye verkiesing sal hanteer: streke en plaaslike regering en tradisionele owerheid; wet en orde; stabiliteit en sekuriteit; verdediging; finansies; buitelandse sake; die status van vroue; en intelligensie.

Die konsep-wetgewing beperk die magte van die betrokke ministers in sake waaroor die TEC en sub-rade bevoegdheid het. So moet elke regering en administrasie die TEC of die betrokke subkomitee in kennis stel van enige beoogde wetgewing of regulasie wat betrekking het op hul bevoegdhede om die politieke speelveld gelyk te maak.

Nog belangriker: Die TEC kan enige sodanige beoogde wetgewing of regulasie verbied as dit glo dit die TEC se oogmerke benadeel.

In geval van meningsverskille tussen 'n regeringstruktuur en die TEC sal die saak deur die onafhanklike verkiesingshof, wat nog ingestel moet word, besleg word. Die hof se besluit is finaal en bind op dié manier die regering se hande.

Daar is nie voorsiening gemaak vir gesamentlike veelparty-beheer oor die polisie nie, maar 'n nasionale inspektoraat wat bestaan uit lede van polisie-agentskappe - alle bestaande polisie-dienste in Suid-Afrika - sal polisieoptrede voortdurend ondersoek en dophou. Die betrokke sub-raad kan ná klagtes polisiemanne laat skors tot 'n ondersoek afgehandel is.

DIT BEHELS OOK dat die Staatspresident en die Minister van Wet en Orde hul magte kragtens sekere bepalinge van die Polisiewet net kan uitoefen ná konsultasie met die sub-raad. Die subraad oor Verdediging sal weer die optrede van alle weermagte dophou en hulle mag geen stappe doen wat die TEC se oogmerke kan affekteer sonder die medewete en goedkeuring van die betrokke subraad nie.

Die sub-raad is ten volle in beheer van die instelling van die onafhanklike nasionale vredesmag.

Veral van belang is die verreikende gevolge wat die magte van die sub-raad oor Finansies sal hê. Dit behels beheer oor die begrotings en veral die uitgawes van die sentrale regering, tuislandadministrasie en plaaslike rade. So sal die TEC verteenwoordiging hê op alle begrotingskomitees van die regering en streekadministrasies "om te verseker dat fondse nie aangewend word op 'n wyse om die een of ander politieke party te bevoordeel nie."

Alle besluite oor die rasionalisering, privatisering of herstrukturering van regeringstrukture moet eers aan die sub-raad vir goedkeuring voorgelê word. En die sub-raad moet goedkeuring verleen vir nuwe besluite oor die opgradering van poste, of die uitdiens-trede van amptenare. Goedkeuring is ook nodig vir enige internasionale finansiële ooreenkomste. ■




Terug na die grond...'n Optog voor die kantore van Grondsake in Pretoria (Foto: Sally Shorkend)

# grondliggend aan alles...

deur martie meiring

GROND. In die Afrika- en Afrikaner-etos speel erfreg, grondbesit en grondverlies 'n sentrale rol.

Grondhervorming in Suid-Afrika daag al dié emosies uit.

Rekenskap moet nou gegee word van grond wat weggeneem is, grond wat gesteel is, grond wat in pag geneem is en grond wat verruil is.

Ná dekades, selfs eeue, van amper roekelose omgang met die besitreg van mense op grond, word nou geëis dat ou onreg herstel word. Die PAC eis dat alle grond weer in die besit van die "oorspronklike bewoners" kom; die ANC se grondhervormingsbeleid is gemik op die herstel en herverdeling van grond vir swart boere. Die regering erken dat grondbesit herstel moet word, maar verwoede reaksie van regse organisasies dreig oorlog oor die behoud van grond.

Sedert 1913 kon grond van oorspronklike bewoners onder tien wette met talle amendemente vervreem word. Die herstel van hierdie grond, ook die voorsiening van nog méér grond vir mense wat eiendomsreg ontneem is of ontsê is, word deur letterlik duisende mense geëis.

Dis nie alleen eise om sogenaamde voorvaderlike grond nie, of grond wat in kommunale besit was en dus al die afsonderlike gesinne se besitreg is nie, hoewel sulke grond óf in 'n hoofman óf in 'n sendinggenootskap se naam geregistreer is.

## DIE SAW VS DIE KHOSIS

Die staat besit op die oomblik 12 persent van die grond in Suid-Afrika. Die Weermag is die departement wat die meeste grond beheer.

Tans moet 38 Khosis-gesinne van die Gathlose-Maramane-natuurreservaat, waar hulle al vir vyf geslagte woon, in die middel van die Weermag se PW Botha Krygskool by Lohatla in die Noord-Kaap verskuif word op aanbeveling van die SAW. Die Khosis wil nie dertig kilometer verder by Jenn Haven gaan bly nie. Hulle noem dit Jenn Hell want net 15 gesinne kan plase kry, die ander sal op kommunale grond moet boer. Die Khosis is van plan om hand en tand teen die verskuiwing te veg.

In die laaste drie jaar het die SAW al 47 000 hektaar (8 persent) van die grond wat hy beset het, teruggegee aan die Departement Openbare Werke (die "grondbesitter" van die staat.) Dié grond is vir stedelike uitbreiding, padbou, bewaringsgebiede, munisipale gebruik en ongeveer 22 000 hektaar vir landbou. Die SAW benut tans 500 000 hektaar vir opleidingskampe, bombane, vliegvelde, stoorplekke ens.

Daar's ook baie grond waarop mineraalregte bestaan.

'n Twispunt tussen die regering en die wit boere-establishment aan die een kant en swart boere aan die ander kant oor die potensiaal van suksesvolle kleinboerdery in Suid-Afrika lok hewige reaksie. Swart kleinboere sê dat hulle nog altyd genoeg kon produseer vir hul benodighede, maar die wit boere wil glo dat landbougrond in Suid-Afrika beperk is en dat klimaatsomstandighede kleinboerderye teenwerk. Maar baie swart organisasies, gerugsteun deur landboukundiges, meen dat dit juis regeringsbeleid was wat teen swart kleinboere gewerk het. Die voorbeeld van suksesvolle kleinboerdery in Zimbabwe en Kenia word dikwels gestel teen die veralgemening dat kleinboerdery nie juis in Afrika werk nie.

> 'Die geskiedenis bewys dat meeste oorloë oor grond gevoer is.'
>
> - DRIES BRUWER, PRESIDENT VAN DIE TRANSVAALSE LANDBOU-UNIE.

Maar verset teen swart besit van landbougrond loop sterk onder veral die Transvaalse Landbou-unie wat by monde van sy president, Dries Bruwer, sê: "Plase in Transvaal moet in blanke hande bly".

Dis onwaarskynlik. Plase wat deur die Landbank teruggeneem word wanneer blanke boere uitboer, word byvoorbeeld betrek. Swart boere doen wel aansoek vir van dié plase, maar hulle het meestal nie die kapitaal vir sulke aankope nie. Hierdie soort herverdeling sal beslis aan die orde kom onder 'n nuwe regering.

Dikwels was daar geen kompensasie vir die grond waarop mense gewoon het en toe verskuif is nie, slegs betalings vir huise. Op plekke soos Riemvasmaak het die gemeenskap R65 per familie gekry plus R8,10 per huis. Mense wat in 1962 van kerkgrond in Elandskloof verskuif is, het hoegenaamd geen kompensasie gekry nie. Dié mense woon nou in ellendige omstandighede. Baie ander kerkgenootskappe wat titelakte op grond gekry het vir die bewoners van die grond het later van die grond ontslae geraak en van die fondse het teruggegaan na die genootskappe se hoofkantore in die buiteland. Tans word die gemeenskap van Bethanië, wat deur die Berlynse sendinggenootskap gehanteer word, ook met verskuiwing gedreig.

Die wysiging op die Wet op Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings (1993) stel 'n Kommissie op Grondtoewysing aan om alle aansoeke om restitusie te ondersoek en aanbevelings te doen vir die herstel van daardie eiendomsreg al dan nie. Eise om kompensasie word nie deur die kommissie gehanteer nie.

In 'n veldtog om die reklamasie van grond te ▶

bespoedig, vra die Nasionale Grondkommissie (National Land Commission of NLC) dat 'n hof vir grondeise ingestel word, waarin sowel restitusie as kompensasie gehanteer kan word.

Die NLC - 'n sambreelorganisasie vir die gemeenskappe en groepe wat grondhersteleise het - het by monde van sy woordvoerder, Brendan Pearce, en onder die Back to the Land-veldtog 'n ultimatum aan die regering gerig dat alle eise teen Oktober vanjaar gehanteer moet word, anders sal die betrokke gemeenskappe hul oorspronklike grond weer gaan beset.

Omdat baie van die grond wat oorspronklik deur die staat afgeneem is, weer aan ander instansies soos bv stadsrade deurgegee is en nou as privaat besit beskou word, en omdat kompensasie geëis moet word, is die gedagte van 'n grondhof baie geldig.

Die owerheid glo sy kommissie kan eise vinniger hanteer, maar erken dat eise wat nie goedgekeur word nie, wel na 'n siviele hof geneem kan word. Eise vir grond in private besit word wel deur die kommissie ondersoek en aanbevelings gemaak indien sulke eise onder die bevoegdheid van die wet val.

Nog meer verwikkeld is die onteiening van grond onder die Groepsgebiedewet. Want nou is baie van daardie grond in private besit en die kwessie van restitusie word hier amper akademies, maar sulke eise word wel aan die Kommissie gerig.

Meer as honderd eise om grondherstel word tans ingestel. Sommige van dié eise, soos dié van die Amhlubi, gaan terug tot 1837, toe grond deur die Britse owerheid ontneem is. Maar Jan Barnard van die Kommissie op Grondtoewysing meen die afsnydatum vir eise kan 1913 wees, toe die eerste Grondsakewet ingestel is.

Die reg van plaaswerkers toon 'n skrynende gebrek aan beskerming of inagneming en sal die kwessie van grondhervorming nog meer ingewikkeld maak.

Sommige werkers is al in hul vierde, vyfde geslag op plase sonder verblyfreg. Die bekende wynboer Jan Boland Coetzee het al op 'n TV-program duidelik gesê - "'n volgende stap" gaan wees om grond te beding vir plaaswerkers wat hul eie grond wil besit en bewerk. ■



'n Vrou tel droë beesmis op by Mogopa, waar die mense nog in sinkgehuggies bly en hope klippe stille getuienis lewer van die gedwonge verskuiwing in 1983.

# 'ons soek nie 'n annerman se plek nie'

**ESMA ANDERSON** en fotograaf **SALLY SHORKEND** het drie gemeenskappe in die Wes-Transvaal gaan besoek wat hul erfgrond terugeis

"DIE ding wat hulle gemaak het, was nie mooi nie," sê Jordan Rampai, 'n ou omie van die Bakwena ba Mogopa-stam wie se grond net buite Ventersdorp in 1983 onteien is.

Dié gemeenskap van omtrent 5 000 mense is in 'n gedwonge verskuiwing by Pachsdraai - naby Zeerust - in Bophuthatswana afgelaai. Daarna het 'n deel van die gemeenskap na Bethanië in Bophuthatswana getrek. Op albei dié plekke het die gemeenskap baie verarm.

Maar hul verhaal was een van die meer gelukkiges. Op 18 Junie 1991 het die minister van Streek- en Grondsake aangekondig dié gemeenskap se plaas Swartrand word teruggegee nadat hulle die grond beset het toe hulle hul voorvaders se grafte gaan skoonmaak het. Dit is net die helfte van hul grond. Die ander helfte, die plaas Hartebees- ▶

laagte, is steeds in staatsbesit en hulle wil dit óók terughê.

Kort ná sowat 2 000 lede van die gemeenskap se terugkeer in 1991, het Abram Mabidikame hul gemengde gevoelens so aan 'n veldwerker van Trac (Transvaal Rural Action Committee) verwoord: "Aan die een kant is ons gelukkig. Aan die ander kant nie. Die regering het my broek gevat, nou het hulle die een been teruggegee. Hoe kan ek loop met net een been?"

Hartebeeslaagte, hou die gemeenskap vol, was hulle brood en botter. Dit is waar hulle geploeg en geplant het en waar hul vrugbaarste grond was. Swartrand is hoofsaaklik gebruik vir weiding en waar hulle gebly het. Dit is hoekom hul voorvaders albei plase gekoop het om hul kommunale lewenstyl te vervolmaak.

RAMPAI VERTEL DIE VERHAAL van hul verskuiwing, hul gesukkel om weer op hul voete te kom en om hul huise wat met stootskrapers platgestoot is, te herbou:

"Kyk hoe lyk hierdie plek. Ons sukkel om reg te kom, maar ons is darem hierso. Kyk, dis net sinke hier en daar. Ons kan nie bou nie van die armigheid. Almal is nog in die sinke. My huis was gebou. Ons het ordintlike huise gehad. Die sement en alles was my geld. Toe kom breek hulle ons huise met daai bulldozers - kyk nog al die gemors hierso, alles gebreek," sê Rampai en beduie na die hope klippe en stene wat orals rondlê.

"Daai dag toe kom hulle hier. In die nag. Dit was donker. Hulle vat jou net by die arm en gooi jou in die lorrie. Die koppies en alles gebreek. Hulle stoot net die mure om en gooi die stene dié kant toe. Jy slaap nog. Dan skree hulle: kom hier, kom hier! As ek aan daai ding dink, dan weet ek nie...


"Die ding wat hulle gemaak het, was nie mooi nie. Jy gooi nie net iemand weg eenkant toe nie. Toe slaap ons in die veld. By daai Pachsdraai. Dis nie eers 'n behoorlike veld nie. Dis 'n veld wat weggegooi is daardie een. Dis 'n annerman se plek.

"Ons wil nie 'n annerman se plek hê nie. Ons wil net onse plek hê. My pa en pa..." beduie Rampai die voorgeslagte in "...en pa het dié plek gekoop. Onder én bo. Maar nou is ons terug. Ag, solank as ek nog lewe. Ons sal weer so bietjiebietjie aangaan. Maar die Here is daar. Hy sal help."

HUL VOOROUERS HET ál die grond gekoop en gesê dit is die erfenis van hul nageslag, sê Joseph Kgaditswe, die voorsitter van Mogopa se komitee.

Philip Kgaditswe stem saam: "Dit is alles ons grond. Die regering probeer gekke van ons maak. Dit was vir hulle só maklik om ons grond weg te vat, hoekom is dit nou skielik vir hulle so moeilik om dit terug te gee?"

Die gemeenskap probeer nou ook vasstel wat hulle regte is in terme van die diamantdelwery op Swartrand en wie die minerale-regte besit. Indien hulle eintlik geregtig is daarop, sou dit hulle moontlik baie kan help om weer op hulle voete te kom. ■



**Ranthiba Kopanye in sy agterplaas op Varkvlei: "Mens kan niks hier plant nie."**

# 'mag my mense finaal huis toe kom'

"EK groet jou, my pa... my voorvaders... Wees ons genadig sodat julle hele nasie kan terugkeer en die grond bewerk," bid Karel Ramokoka by sy pa se graf op die plaas Schilpadsnest buite Rustenburg.

Ramokoka is een van die ouer lede van die Baphalane, wie se gemeenskaplike grond in die sestigerjare van hulle weggeneem is toe hulle na Varkvlei in Bophuthatswana verskuif is in uitvoering van die tuislandbeleid - 'n onooglike swart kol in Verwoerd se blank Suid-Afrika-apartheidsdroom.

Ramokoka en Ranthiba Kopanye, nog 'n ou man, veg nou al jare om hulle grond terug te kry. Hulle is albei al gearresteer omdat hulle mense "opgesweep het" om hulle grond terug te eis.

Die grond is nou in staatsbesit en word aan wit boere verhuur vir weiding.

Die gemeenskap het die grond gemeenskaplik gekoop in 1917 om hul en hul nageslagte se toekoms te verseker. Maar dié ideaal het nie lank gehou nie. Hulle is in 1962 ingelig dat hulle ▶

verskuif gaan word.

Op 'n massa-vergadering op 29 September 1962, sê hulle, het regeringsamptenare hulle ingelig dat hulle nie meer die grond óf die mineraleregte besit nie, ten spyte van hul titelbewys.

"Hoekom? Ons hou van hierdie grond. Ons het nog nie hierdie nuwe grond gesien nie. Dis nie ons keuse nie," het hulle beswaar gemaak.

Maar ná hul laaste oes, op 31 Augustus 1963, het die stootskrapers en vragmotors op Schilpadsnest aangekom.

"Min van ons goed het die trek deurstaan. Dit was 'n hartseer dag. Dis nie lekker om te sien hoe alles wat jy besit het, alles wat jy opgebou het, sommer net so platgevee word nie," sê Kopanye.

Die gemeenskap is die grond op Varkvlei gegee in ruil vir Schilpadsnest, maar dit was 'n onregverdige verruiling. Die stuk grond by Varkvlei is baie kleiner en dié gebied is baie droog. Warrelwinde waai gedurig die dorre, rooi grond die hele wêreld vol. " 'n Mens kan niks hier plant nie," sê Kopanye.

Hulle is slegs kompensasie betaal vir hul huise - maar net vir die rou boumateriaal teen die markpryse van daai tyd.

> "Mens kan nooit terugkeer na die moederskoot nie, maar jy kan altyd terugkeer na die grond."
>
> - 'N OU TSWANA-GESEGDE

"Hulle het belowe hulle sal ons nog 'n stuk grond gee, maar dit het nooit gebeur nie. Ons word hier net armer en armer. Ons grond by Schilpadsnest was baie vrugbaar, ons kon 'n goeie lewe lei," sê Kopanye.

"Ons sal teruggaan, selfs al gee hulle ons nie toestemming nie. Hulle het ons grond gesteel. Ons voorvaders lê daar begrawe. Dis ons s'n. Ons wil dit terughê."

Tussen die bome en bosse op Schilpadsnest lê stapels klippe: die voorvaders se grafte. Ramokoka stap na die middelste graf. Hier lê sy pa begrawe. Die graf is versier met glasstukke en 'n kleurryke kleipot met water in.

Ramokoka tel 'n klip op en sit dit op die graf. "Ek groet jou, my pa. Ek is hier. Ek is jou kind Karel Ramokoka. Hier is water vir julle om te drink."

Ramokoka rig hom na die ander grafte en sit op elkeen 'n bietjie snuif uit 'n geel blikkie. "Ek het julle kom besoek, my voorvaders. Ek pleit om julle hulp. Daar is geen ander manier as om julle, my voorvaders, om hulp te vra nie. Gee my asseblief nog 'n rukkie lewe.

"Wees ons asseblief genadig sodat julle hele nasie kan terugkeer en die grond bewerk. Help ons in hierdie saak. Doen dit asseblief vir ons gemeenskap."

Ramokoka weet hy word oud en sy dae word al minder. Hy sal gelukkig wees as hy hier by sy voorvaders begrawe kan word en sy kinders en ander lede van sy gemeenskap weer op hul grond kan woon - sy laaste lewenstaak en wens.

Ten laaste rig hy sy gebed aan God: "Here, wees my genadig. Ek vra van U lewe en bykomende dae. Wys ons weereens U wonderbaarlike weë. Ek bid vir my en my gemeenskap. Mag hulle finaal huis toe kom." ■



**Karel Ramokoka bid by sy voorvaders se grafte op Schilpadsnest.**



Ishmael Serwalo staar verlangend na sy voorvaders se grond voor die hek wat hulle met slot en grendel uithou.

# 'ons was voor die wittes hier'

"ONS het nie papiere vir die grond nie, ons voorvaders se grafte is ons kaart en transport. Ons het nooit papiere gekry nie, dis ons erfgrond dié," sê Ishmael Serwalo, een van die oudste oorlewende lede van die Barolong-stam, voor die hek wat dié gemeenskap met kettings en slotte weghou van hul voorvaders se grafte en hul "voorvaderlike grond" net buite Potchefstroom.

"Van die begin af, toe die wittes vir die eerste keer hier gekom het, bly ons al hier. Ons stat se naam was Matlwang, maar dit was te moeilik vir hulle wit tonge, toe noem hulle dit Machaviestad," vertel Serwalo.

Op 78, sê Serwalo, trek hy "al hard aan die pasella". Want volgens die Bybel kan jy verwag om 70 jaar oud te word - die jare daarna kry jy pasella. En voor sy pasella uithardloop, wil hy sy gemeenskap terug sien op die grond van hul voorvaders.

SERWALO SÊ DIE moeilikheid met die wittes het in die laat sestigerjare begin toe hulle deur die Potchefstroomse stadsraad, wat nou die grond besit, aangesê is om hulle beeste te merk en om te betaal om hulle te dip.

"Hulle het gesê ons moet trek, maar ons het geweier. In 1962 het ons 'n hofsaak in die landdroshof gewen. Maar dit was nie lank nie toe is daar ander hofsake. Een in Pretoria in die hooggeregshof en toe 'n appèlsaak in Bloemfontein," sê Serwalo.

Die Barolong is daarna ingelig dat hulle sal moet trek omdat die Weermag die grond wil gebruik vir oefeninge. Lede van die gemeenskap wat in Potchefstroom gewerk het, is omtrent almal afgedank en aangesê om te gaan boer, maar toe hulle by Matlwang aankom, is hulle gearresteer. Die kinders wat by 'n skool daarnaby skoolgegaan het, is uitgeskop en huis toe gestuur.

Die laaste strooi was toe hulle vee in die skut gesit is en hulle R15 per bees, perd en donkie moes betaal en R3 per skaap om hul diere uit te kry. "Ons moes van ons ander vee verkoop om dié wat in die skut was, uit te kry," sê Serwalo.

"HULLE WOU ONS net almal in 'n tuisland gaan ophok," sê Andries Mabaso. "Die storie oor die Weermag was sommer nonsens. Hulle was nou nog nie daar nie en die grond is net in kampe gedeel en verhuur aan wit boere vir weiding. Hulle wou net ons grond hê om geld te maak."

Die Barolong is drie dae voor die gedwonge verskuiwing in 1971 gewaarsku, waarop hulle gesê het dat hulle weier om hul voorvaderlike grond te verlaat.

Toe die vragmotors en stootskrapers opdaag, was daar nie veel wat die gemeenskap kon doen nie. "Ons kon ons nie regtig teësit nie," sê Serwalo. "Ons sou net in die tronk gestop word. Ons moes maar gaan. Ons het almal baie goed verloor in die trek na Rooigrond. Ons meubels is beskadig en baie van ons vee het gesterf. Ons is nooit daarvoor vergoed nie."

Die gemeenskap is by Rooigrond naby Mafeking in Bophuthatswana afgelaai, waar hulle grond sou kry. Op Rooigrond is egter gesê dat hulle slegs tydelik daar kan bly. "Hulle het gesê hulle gee nie vir ons die grond nie en dat die mense wat ons grond gevat het, dit vir ons moet terug gee," sê Serwalo.

Hy en van die ander Barolong het nie lank daar gebly voor hulle na Potchefstroom terug gegaan het nie. 'n Groot groep van die Barolong bly nou in die Ikageng township buite die dorp.

Alfred Mekgoro, 'n jonger lid van die Barolong, sê dit maak hom soms bitter. "Baie van die lede van ons gemeenskap bly nou hier in Ikageng en het nie eens ordentlike plekke om te bly nie. Hulle bly in pondokkies terwyl hulle ordentlike huise gehad het."

Op Matlwang was hulle heeltemal selfonderhoudend, sê Lydia Lekoma. "Ons moes net sout, suiker en seep koop. Verder het ons alles gehad wat ons nodig gehad het. Ons het ons eie oeste geplant en geoes, ons eie vee geslag vir ons vleis. Ons het 'n laerskool gebou en daar was 'n Rooms-Katolieke kerk. Die ruïnes van die Lutherse en Methodistekerke staan nog steeds daar. Daar was ook klein besigheidsmanne wat winkeltjies gehad het en goed reggemaak het. Ons het niks kortgekom nie."


PETRUS KWENA, 'n ouer man, kyk met 'n veraf-uitdrukking in sy oë by die venster uit. "Ons het ons grond, die grond van ons voorvaders nodig. Ons wil by ons voorvaders begrawe word. Witmense kan gaan waar hulle wil, maar ons kan nie eens ons voorvaders se grafte besoek nie dan word ons gearresteer."

Albei kere wat die Barolong probeer het om die grond te beset, het hulle toestemming gekry om die grafte te gaan skoonmaak. Nou is die stadsraad lugtig en hou die perseel onder slot en grendel. Hulle sal nie nou sommer weer toestemming kry om die grafte te besoek nie. ■

# wolf, wolf

deur christi van der westhuizen

## Hoe lank kan Michael Jackson nog die ewige Peter Pan bly?



# hoe laat is dit?

HY is die wêreld se liefling en het al meer eksemplare van 'n plaat verkoop as die Beatles, Bob Dylan, die Rolling Stones - selfs Elvis Presley. Hy is Michael Jackson, naas Presley die grootste pop-ikoon ooit.

En nou beleef hy sy mees dramatiese krisis nóg: verhale van masturbasie en orale seks, soos vertel deur die 13-jarige seun van 'n Beverly Hills-tandarts en draaiboekskrywer, het uitgelek en kan 'n onaangename einde aan Jackson se fleurige loopbaan beteken.

Die wêreld is egter, vreemd genoeg, nog nie bereid om hom te hang nie: die tegemoetkomende reaksie op die skandaal wat die ster omhul, bewys dit. Kyk mens hoe openbare mening teen Woody Allen gedraai het nadat sy verhouding met sy aangenome dogter - en aantygings van molestasie - openbaar gemaak is, verwag mens tog iets soortgelyks met die Jackson-skandaal. Want hy is "weird" - "weirder" as enige ander popster tans op die toneel.

Tabloids bespiegel al lank of hy en sy suster, Janet Jackson, nie een en dieselfde mens is nie - hy lyk dan nes 'n vrou. Boonop het hy uitgebreide plastiese chirurgie laat doen - en sy vel het oor die jare heen misterieus progressief ligter geword. Wanneer hy sy mond oopmaak, klink hy soos 'n elfjarige seun. Hy dra lipstiffie en ooggrimering, sy hare hang in sy oë, op die verhoog gryp hy suggestief na sy broek.

Hoekom is hy dan so gewild? Daar is 'n paar redes waarom hy nié gewild behoort te wees nie: hy konfronteer die samelewing se presiese man/vrou-indeling en sy musiek het nie werklik veel verdienste nie. En nou wil dit boonop blyk dat hy moontlik met seuns lol. Dié soort sensasionele aantygings sal enige ander ster kelder. Maar almal is dit eens dat Jackson onskuldig is: van sy goeie vriend Liz Taylor en sy nie-gematigde biograaf J Randy Taraborrelli tot sy hordes rooiwang-aanhangers.

HOEWEL JACKSON OP die verhoog seksueel suggestief is, is sy openbare persona dié van 'n inkennige seun. Vergelyk mens hom met die ander pop-ikoon van ons tyd, Madonna, is die verskille opvallend. Madonna maak geld deur taboes te ry. Video's met sado-masochistiese beelde of 'n swart Jesus is slim maniere om die kollig op haar te vestig. Sy wek die indruk van seksuele permissiwiteit, en geen ouer kan daarmee akkoord gaan nie.

Jackson, aan die ander, behandskoende kant, lyk aseksueel, onskuldig as dit kom by seksuele sake - soos 'n kind. Hy is die Peter Pan van pop: die seun wat nie wil grootword nie. Hartseerverhale van 'n verlore jeug en 'n uitbuitende pa is al vertel. LaToya Jackson, sy ander suster, het onlangs 'n soortgelyke scenario in haar outobiografie geskets. Jackson het by die Grammy's in 'n toespraak aangedui hy glo wêreldprobleme spruit daaruit dat "children have had their childhoods stolen from them". En dís Jackson se werklikheid.

Daarom is sy Kaliforniese ranch, toepaslik sprokiesagtig genoem Neverland, gevul met kinderlike aanloklikhede: 'n dieretuin met miniatuurdiere, kermisgronde, 'n kindertreintjie. Daarom dat sy stemmetjie seunsagtig fyn is (volgens gerugte as gevolg van estrogeeninspuitings), daarom sy futiele chirurgiese pogings om jonk te bly, daarom dat hy hom omring met kinders en bemoeid is met wêreldwye kinderliefdadigheid.

SY KINDVRIENDELIKE BEELD word bevorder deur die feit dat hy reeds as 'n kind 'n ster was. Sy aanhangers van vandag was nog in doeke toe hy al in hul ouers se sitkamers gedans het. Mense ag hom 'n rolmodel - en verwag modelgedrag van hom. In die oorspronklike weergawe van sy "Black or White"-video simuleer hy masturbasie en vermorsel 'n kar. Toe die geskokte publiek kla, het Jackson om verskoning gevra en die video aangepas.

Anders as hedendaagse African-American rappers, het Jackson hom nog nooit antagonisties as "a nigger with an attitude" verklaar nie. Sy anti-diskriminasie "Black or White" is met gemengde gevoelens ontvang aangesien sy aanhangers - meestal wit - hom nie sien as iemand wat politieke statements maak nie. Hy gee nie polities aanstoot nie.

Musikaal is Jackson onuitsonderlik. Hy het wel, ná dertig jaar in die popindustrie, 'n indrukwekkende aanvoeling vir kontemporêre tendense in popmusiek en vang dit uiters geslaagd vas in sy musiek en video's.

As deel van die Jackson 5 het hy regdeur die sewentigerjare treffers gehad. Sy eerste solo-plaat, *Off the Wall*, het 11 miljoen eksemplare verkoop. *Thriller* het hom as superster gevestig - teen 40 miljoen eksemplare is dit die grootste verkoper van alle tye. Met die "Thriller"-video het Jackson 'n hele nuwe genre ontsluit: dit het, as 'n 14-minute-lange mini-film, die popvideo se filmiese potensiaal gewys en só 'n nuwe tendens begin.

Jackson kon nie *Thriller* se sukses herhaal nie: *Dangerous*, sy jongste plaat, se verkope word as teleurstellend beskou - tog het dit 20 miljoen verkoop. Steeds staan aanhangers ure lank in rye om kaartjies vir sy konserte te koop. In Suid-Afrika is sy eerste konsert binne twee ure uitverkoop.

Die syfers is deels te danke aan sy asemrowende lewende vertonings en deels aan die feit dat hy altyd nuus is. Hy kom uit een van Amerika se bekendste musiekfamilies: die Jacksons ontlok gereeld omstredenheid soos geheime, intieme besonderhede oor hul privaat lewens onthul word. Hy is 'n enigma, 'n swartman wat wit en androgenies geword het. Dié fisieke verandering in die laaste dekade laat mense wonder. En aangesien hy nie so ywerig met die pers flankeer soos Madonna nie, wonder mense meer.

Ons weet wel van Jackson se liefde vir kinders - afgesien van sy gereelde verwysings na hulle, vergesel hulle hom ook na sosiale geleenthede. En dan is daar Neverland, 'n paradys vir kinders. Hy bring sy tyd saam met sy jong vriende deur - hou selfs slumber parties saam met hulle.

Die seksskandaal lig die sluier oor die dinamika van Jackson se verhouding met die publiek en bied mens 'n blik op die redes vir sy gewildheid. Sy sterk openbare vereenselwiging met kinders en besonderhede oor sy verlore jeug laat 'n waas van weerloosheid oor hom hang: hy is 'n tragiese figuur, fisiek en geestelik broos soos 'n kind. (Anders as sy broers, wat stewige kêrels geword het en toe sommer uit die kalklig en in die pop dumper beland het.)

Vir die publiek kan daar geen onheil in dié Peter Pan skuil nie: hy is een van ons, is die gevoel, al is hy die kluts effens kwyt. Sy eksentrieke voorkoms word gesien as deel van sy persona as 'n superster. Dis 'n veilige vreemdheid - iets wat die vesels van die samelewing nie aantas nie.

SY MUSIEK IS veilig, so higiënies soos die lug in sy suurstoftenk (wat hy na bewering saans inasem). Dit handel oor alledaagshede soos liefde of cool mense. Dis maklik verteerbaar, luistervriendelik, breinloos, en weerspieël die ordentlike, ongeërgde, papsagte houding van die laat twintigste-eeuse samelewing.

Sy uitsprake gee niemand aanstoot nie: hy sal nooit die pous gelykstel aan die Antichris nie (soos Sinéad O'Connor) of met Lennon-arrogansie sê hy's groter as Jesus nie.


Nee, hy wys eerder sy sagte sy aan ons, sy surrogaat-ouers: "When you grow up in front of 100 million people, as I did from age 5, you're automatically different," het Jackson by die Grammy's gesê. Smokey Robinson het in die verlede na hom verwys as "'n ou siel in 'n klein liggaam". Die uitsprake wek begrip en meegevoel by mense.

Die publiek verstaan dat hy "automatically different" is omdat hy self nie 'n kind kon wees nie. Hulle begryp dat hy sy eie werklikheid moes skep in 'n poging om sy kinderdae te herwin. Dat hy sy eie sprokie om hom geweef het waarin daar geen bose wolwe is nie - net hy, sy maatjies en ons. Maar dié Peter Pan wankel nou gevaarlik na aan die rand van die werklikheid. En is miskien self die wolf in die feëverhaal. ■

# the bitch, die muse en die masker

deur ina van der linde

**Joan Hambidge** - digter, literator en satiriese rubriekskrywer - laat niemand koud nie. Of sy irriteer jou, óf sy laat jou lag, óf sy laat jou nadink. Sy sê sy gee maar net haar mening



'N KWARTIER vroeër as afgespreek, stap ons by die restaurant in Kloofstraat, Kaapstad in. Joan Hambidge sit reeds by die tafel in die hoek, rug teen die muur.

Dis Saterdagmiddag en sy't nie die strikdas aan waarmee ons haar altyd op foto's sien nie. Vandag het sy 'n bruin leerbaadjie oor 'n bruin-bont hemp, denims en swart toeryg-leerskoene soos wat tieners en studente dra.

Skoongeskrop, ronde brilletjie op, hare kortgeknip soos 'n skooldogter lyk die senior lektor in Afrikaans by UCT jonk, onskadelik en (doelbewus?) onopvallend.

Maar nie vir lank nie. Vanuit haar plekkie-in-die-hoek, word ons joviaal nadergewaai. Sy't presence - 'n Pavarotti na die gees en die vlees, kan mens maar sê.

Heeltemal te jonk vir 'n formidabele akademikus, sê sus Hanlie. Volgende week 37, sê The Bitch, "troetelnaam" wat haar "kritikasters" haar gee. Of sommer "Johanna Hamboud", en ons word getrakteer op die welluidende, plesierige Hambidge-lag. Madeleine van Biljon kom ingewals, groet en gesels. Ander kom stel hulself voor. Ons word deel van die Joan H-roadshow. Maar 'n roadshow waarin sy die skrywer is en besluit presies wat en hoeveel sy ons gaan toelaat om te sien.


Ná byna 'n jaar in Kaapstad het The Bitch haar gebied reeds goed afgebaken: poëet, literêre kritikus, rubriekskrywer met 'n vlymskerp, satiriese humorsin, ywerige briefskrywer en naas André P Brink, seker ons mees wydbelese literator, en moontlik ook die mees wyd-gelese. In een resensie - dié een oor Wilhelm Liebenberg se boek, *As die nood hoog is* - trek sy los met 'n aanhaling uit JA Cusson se *Dictionary of Literary Terms and Literary Theory*, verwys sy na poësie van Fernando Pessoa, spring van Thomas Pynchon na Corlia Fourie, na Brian McHale na Brink. Maar so dat die "gewone leser" kan byhou.

"Mense haat my of hulle hou van my." Dit geld haar rubriek, "Op my Literêre Sofa", in *Beeld*, en dit geld haar kollegas en studente. "Maar mense het 'n onvermoë om raak te sien dat ek die een week gekskeer en die volgende week ernstig is. Hulle soek die hele tyd satire en lees dit mis wanneer ek wel ernstig is."

'n Kompulsiewe leser: Vier koerante op 'n dag - twee Engels en twee Afrikaans - elke week *Time* en *Newsweek*, plus verskeie plaaslike tydskrifte. Elke roman op die lys van beste verkopers, die meeste nuwe vakliteratuur wat verskyn. Alle nuwe Afrikaanse boeke. En sy onthou alles. Vertel my in detail wat ons twee jaar gelede ná 'n toevalige ontmoeting in 'n restaurant op Pietersburg geëet het.

Een van ons produktiefste digters - in een jaar het drie digbundels van haar verskyn, en tot hede het sy 'n volle dosyn die lig laat sien. Nou werk sy aan 'n novelle, nog 'n digbundel met die titel *Teenstrydige Tekens* en sy skryf kortverhale in 'n kompeterende mark met ander "groot kortverhaalskrywers".

Sy skryf elke dag ligdag en saans. Maar veral Sondae. Van tienuur tot sesuur en dan antwoord sy nie foon nie en staan nie op voor sy nie 'n stuk werk voltooi het nie.



ONS PRAAT NOORD teenoor Suid. Ná 12 jaar aan die Universiteit van die Noorde van literêre teorie doseer en uitmergelende politiek, was die aanpassing in die Kaap dramaties. Sy verwys vaagweg na "goeters wat ek moes verwerk" en " 'n soort waterskeiding".

En dan: "UCT is baie akademies. Maar die studente is nie meer ingelig as die studente by UN nie. Studente lees nie. Hulle is kinders van die TV-era. Hulle wêreld is virtual reality, computers en TV. Dit gaan 'n bepaalde invloed hê op die letterkunde, want ons werk met mense wat ander definisies het van letterkunde. Hulle lees nie die klassieke tekste nie. Hulle verwysingsraamwerk is *Who's the Boss* en *Golden Girls*."

Sy sou kinders wou verbied om TV te kyk. "Ek kyk nooit TV nie. Ook nie nuus nie. Dit irriteer my as ek die formule begin herken - selfs die *Golden Girls* het 'n formule. Die grappe funksioneer op 'n sekere manier, hulle dialoog het 'n sekere formule..."

"Nee man," por Die Suster, "vra haar goeters

soos waar sy vandaan kom en so-aan." "Ja," sê Hambidge, "soos saam met wie ek slaap en of ek nog 'n virgin is".

Soos haar kinderjare en hoekom die Engelse naam? Pa se voorgeslagte was Iers, haar ma Afrikaans. Sy skram weg van "diep onthullinge" oor haar kinderjare. Nee, sy het 'n goeie verhouding met haar ouers. Veral met haar ma. "Ons is vier dogters en sy het elkeen met 'n eie persoonlikheid en identiteit grootgemaak. Dis tog 'n teken van 'n soort vryheid."

HAAR KINDERJARE IN Pretoria en Standerton. 'n Stil, introverte kind. Baie min interaksie met ander kinders.

"Ek het alles rondom my as belaglik ervaar. Skool was vir my simpel. My onderwysers het by my ouers gekla dat ek nie in die klas oplet nie en sit en boeke lees. In my laaste skooljaar het ek agtergekom as jy oorpresteer, los die onderwysers jou uit. Daarna het ek absoluut my eie lewe gelei - baie gestap en gelees - veral Elisabeth Eybers en Van Wyk Louw".

'n Buitestaander. Primêr "omdat ek as kind reeds geweet het ek is gay - ek het dit nie eers ontdek toe ek agtien of dertig was nie". Daar was nooit druk van haar ouers om haar pienk valletjies-rokke te laat dra nie. "Die dag toe ek my ouers sê ek is gay, het hulle gesê hulle weet. Daar was nie 'n skokreaksie nie, of jy weet, guess who's coming to dinner-soort-van-ding nie".

Introvert? "Ek is nog steeds 'n introvert, maar ek het net 'n beter masker." Op universiteit (Stellenbosch) het sy besluit sy gaan leef soos sy wil en sy het nie ander se toestemming nodig daarvoor nie.

"En ek gaan nie kompromieë aan nie. Nie oor my resensies nie en nie oor wie ek is nie. Ek sê nie goed om ander tevrede te stel nie. Ek sê dinge wat ek dink reg en eerlik is. Natuurlik is ek kwesbaar wat my werk betref. As mens kritikus is en nog skryf ook, stel jy jou bloot aan mense wat dink 'Aha, hier's my kans om haar terug te kry'.

"Ek lag sulke kritiek af. Dis deursigtig en vermaaklik. Dis die suiwerste vorm van 'n boemerang, want as jy iets sê wat persoonlik en deursigtig is, nie waar is nie, word dit uiteindelik uitgewys.

"Kritiek is nie absolute uitsprake nie. As jy van iets hou op 'n bepaalde tyd van jou lewe, is dit irrelevant as ander nie daarvan hou nie. Dis die beste wat jy kan gee. Ek voel oor al my boeke dis my kinders. Daar's 'n soort geboorteproses. Ek het die beste gedoen binne my vermoëns en as iemand kom sê dis te intellektueel, nou ja."

DAAR IS MENSE wat vernietig voel ná 'n resensie. "My standpunt is get real honey, get real. Ek meen regtig. Dis mos net 'n mening. Legitieme besware is een ding, maar hierdie ou keffertjies wat jou aan die hakskene byt, vind ek vermaaklik."

En wat van 'n uitlating eenkeer dat sy doelbewus verhoudings aanknoop en dan die liefde goedsmoeds versmaai sodat die muse op haar skouer kan kom land?

Heel ernstig: "Ek is sinies oor verhoudings want ek weet hulle hou nie. Wanneer ek betrokke raak, weet ek die lewensduurte is net so lank. Ek dink dis die definisie van 'n moderne verhouding. Ek bewonder mense wat verhoudings het wat 20, 30, 40 jaar lank hou. Myne hou nie lank nie. Ek dink nie ek is verhoudingsmateriaal nie. Ek dink dis 'n onvermoë om verhoudings te laat werk. Miskien maak ek net dom keuses." Sy lag.

"Maar ek dink ek gaan vandag die mens ontmoet met wie ek die res van my lewe gaan spandeer." En dis so naby as wat Hambidge jou toelaat.

# LAAT WEET ONS

Weens 'n fout by ons drukkers het sommige intekenare die vorige uitgawe van *Vrye Weekblad* minus 'n paar bladsye gekry. Ons vra groot om verskoning. Intekenare wat só 'n onvolledige tydskrif gekry het, kan ons gerus skakel of 'n poskaart stuur sodat ons vir dié intekenare 'n krediet van een uitgawe kan reël.

Ons wil ook graag alle ander lesers wat afleweringsprobleme het of sukkel om *Vrye Weekblad* in die hande te kry, vra om asseblief vir Joey Fleetwood by 011-837 7017 te skakel sodat sy dié probleme kan oplos. Of stuur 'n briefie of poskaart aan

Posbus 177, Newtown 2113.

Ons lesers is ons grootste bate. Help ons om beter vir julle te sorg.

"MARIÉ DU TOIT IN BRECHT/EISLER"
(KABARET SONGS)

ENGELS - AFRIKAANS - DUITS

'N GRAHAMSTADFEES - TREFFER

BEGELEIDING:
WALDO MALAN

SAMESTELLING EN REGIE:
STEPHAN BOUWER

BY TRUK (PRETORIA) SE
THÉÂTRE RENDEZVOUS
OP 29, 30 SEPT. EN 2 OKT.

BESPREKINGS:
COMPUTICKET



'n Vlaag dinomanie het die wêreld getref. Steven Spielberg se rolprent Jurassic Park is maar één uitdrukking van die dinosourus-gier. Van Kalifornië tot Japan, van die Kaap tot in Transvaal stroom mense na dinosourus-tentoonstellings, verslind boeke en comics oor dié oergediertes, versamel dinosourus-plakkers en bou modelle vir die vale. Is dit sommer net 'n terloopse gier? Of spreek dinosourusse iets dieps in ons psige aan - 'n hunkering na 'n verlore paradys? Verwondering oor 'n vroeë verlede wat ons nou eers ontdek?

OP DIE VOLGENDE BLADSYE BEKYK *VRYE WEEKBLAD* DIE DINOSOURUS-KOORS.

# die dinosourus verdryf die draak

deur johannes bruwer

## Die koms van die dinosourusse het die menslike bewussyn ingrypend verander. Nou beskou ons reptielagtige monsters in 'n heel ander lig

UIT een oogpunt is dinosourusse oergediertes wat lank, lank gelede uitgesterf het. Uit 'n ander oogpunt is hulle pas gebore, die jongste van al die diere.

Dinosourusse het maar onlangs gestalte gekry, toe wetenskaplikes hulle noukeurig begin vorm het uit die stof van die aarde. Hul evolusie het merkwaardig vinnig geskied - reg voor ons oë het hulle gegroei van dooie klip tot ontsagwekkende vlees en bloed (en tand en klou) en selfs tot mitologiese wesens.

So gou het hulle deel van ons bewussyn geword dat 'n mens jou amper kan verbeel jy onthou hulle asof hulle altyd daar was: 'n herinnering uit die kollektiewe onbewuste.

Maar dis 'n illusie. Geen mens het dinosourusse ooit in lewende lywe gesien nie. Hulle het onder die son verdwyn, hul gebeentes het diep in die aarde weggesink millennia voordat die eerste mense daar was. (Die strokiesprente wat dinosourusse en "oermense" saam wys, ontken die gaping van sowat 60 miljoen jaar tussen die laaste dinosourus en die eerste homo sapiens.) Voor die negentiende eeu het dinosourusse uit die mensdom se oogpunt glad nie bestaan nie. Niemand het geweet daar was ooit so iets nie; voor Charles Darwin was die blote idee van dinosourusse ondenkbaar.

HEELPARTY MENSE wat deur die eeue heen op hul versteende voetspore of beendere afgekom het, het sekerlik fabelagtige denkbeelde gevorm - maar in hul vryste verbeeldingsvlugte kon hulle nie raai hoe fantasties dié kreature in werklikheid was nie; of hoe oud nie. In die kunste is deur duisende jare heen geen uitbeelding van gediertes wat 'n mens as dinosourusse herken nie.

Daar is wel uitbeeldings van mitiese diere wat verlangs fisieke ooreenkomste met dinosourusse toon: drake, leviatane, griffoene en diverse ander reptielagtige en gevleuelde monsters met kloue, sterte, skubbe, skerp getande snawels en dies meer. Talle kulture het al sulke denkbeeldige gediertes geskep. Hulle het gewoonlik 'n simboliese betekenis binne 'n bepaalde mitologie.

In die Westerse kultuur is die geboorte van die dinosourusse voorafgegaan deur 'n versameling mitiese gediertes wat breedweg as reptielagtige monsters beskryf kan word. Veral die Christelike mitologie is ryk aan dergelike kreature, waarvan 'n groot verskeidenheid uitgebeeld word in die kunste. Om te sien hoeveel gedaantes hulle kan aanneem, hoef 'n mens net te kyk na die skilderye van Hieronymus Bosch, of Pieter Breugel.


Van groot (die draak van Openbaringe) tot klein (die slang van Genesis) het al dié reptielagtige monsters voor die koms van die dinosourusse tradisioneel één ding gemeen: hulle versinnebeeld die magte van die bose.

Dinosourusse bring 'n revolusie mee. Eensklaps vertolk reptielagtige ongediertes 'n heel ander rol in die Westerse mitologie. Die bonatuurlike monsters word vlees en bloed, verander van 'n kwaadaardige bedreiging in weerlose slagoffers van die natuur.

Maar al lê dinosourusse die bonatuurlike mantel neer, gee hulle aan reptielagtige ongediertes 'n kragtiger mitologiese bekoring as ooit tevore. Oor die demoniese drake van die Christelike mitologie was g'n mens ooit so gaande soos oor die uitgestorwe oerdiere nie. ►

**Uncle Scrooge ontmoet 'n dinosourus in 'n verlore vallei.**





**Heelparty strokiesprentkunstenaars verkondig die mite dat dinosourusse en oermense saam bestaan het - soos die Amerikaner VT Hamlin in sy strokie *Alley Oop* (1935).**

Van jonk tot oud is dol op dinosourusse. 'n Kultus het om hulle ontstaan, met idole en al: hul gelykenisse word afgebeeld op enigiets van T-hemde tot posseëls; plastiek-modelle van hulle word stuk vir stuk saam met tydskrifte verkoop, "genuine" versteende dinosourus-eiers uit China word ywerig in Amerika bemark, lewensgrootte robot-dinosourusse gee skares wêreldwyd plesierige rillings, rekenaar-geanimeerde fabels en legendes oor hulle spoel in 'n golf deur die massamedia.


IS DINOSOURUSSE 'n vlietende gier? Dit sou 'n oorhaastige oordeel wees om hulle af te maak as 'n verbygaande bemarkingsmode in die popkultuur. Dinosourusse is veel méér as 'n interessante tema vir comics, speelgoed en films. As simbole het hulle onverwags diep in die moderne psige ingekruip: die kennismaking met dinosourusse het mense se siening van hulself en hul werklikheid net so ingrypend en onherroeplik verander as sê maar Freud, Einstein of die kernbom.

Dinosourusse is veelvlakkige simbole, gelaai met soveel gekonsentreerde betekenis dat 'n mens hulle as 'n nuwe argetipe kan beskou.

Wat gee hulle so 'n magiese trefkrag? Hul blote gestalte en voorkoms oorweldig reeds jou verbeelding: met dinosourusse het die fisieke natuur verskrikliker, aanskouliker monsters geskep as enige mitiese wese waarvan mense kon droom. En boonop in 'n meer ondenkbaar geskakeerde verskeidenheid as selfs Bosch. Jy kan 'n dinosourus kies om jou gemoed te pas: van logge leviatane wat met falliese nekke wiegend voortstu deur moerasse tot vlieënde gevaartes met gewebte vlerke soos reuse-vampiere.

Die groot dinosourusse se fisieke mag is simbolies belangrik. In hul tyd was hulle, soos die mensdom vandag, die oënskynlike heersers van die aarde. Hoe summier hulle deur die groter gesag van die natuur onthef is van hul heerskappy, bied onrusbarende stof tot nadenke. As simbole van die broosheid van lewe spreek hulle sterk tot die groen bewussyn van dié ekologies bewuste eeu.

Maar die dinosourusse se rampspoedige lot gryp dié bewussyn straks ook om onbewus selfsugtige redes aan. Dit bied 'n soort ironiese troos vir 'n gewete wat geteister word deur die groeiende skuldlas oor die verwoesting wat mense onder aardse lewensvorms saai. Die uitsterwing van die dinosourusse plaas 'n versagtende perspektief op menslike ekologiese sondes soos die uitwissing van die dodo en soveel ander wesens. Watter ramp waaraan mense aandadig is, kan vergelyk met dié wêreldwye massa-moord wat deur die natuur self gepleeg is?



**Draak op Keltiese munt, eerste eeu voor Christus.**

Dinosourusse het ons begrip van tyd ingrypend verander. Waar voorheen net mistige newels was, vorm hulle nou 'n vaste baken in die verlede waaraan ons die ouderdom van lewe op aarde tasbaar kan meet. Skielik is ons wêreld baie ouer as wat ons ooit besef het, is die paar duisend jaar van die mens se opgetekende geskiedenis verleng tot 'n voorgeskiedenis van miljoene jare.

Dié omwenteling in mense se tydsbegrip kan traumaties wees, want dit raak aan diepgewortelde religieuse konsepte oor die oorsprong van lewe. Toe Steven Spielberg se *Jurassic Park* onlangs in Israel uitgereik is, het dit sommige streng ortodokse Jode omgekrap dat die rolprent lewende wesens voorstel wat honderde miljoene jare gelede geleef het. Dit pas nie in die Joodse kalender nie - daarvolgens is die aarde en die heelal 5 753 jaar gelede geskep.

Ook in die Christendom word heelparty fundamentaliste ontstel deur die evolusionêre implikasies van dinosourusse. Maar baie mense vind 'n nuwe en sinryke verwondering in die manier waarop dinosourusse die mites van oorsprong verander het. Dinosourusse gee 'n verstaanbare, episodiese struktuur aan die verhaal van lewe op aarde: hulle bied 'n konkrete skakel tussen jou en die oerslym, hulle help jou konseptueel om die gaping te oorbrug tussen die lewe en die niet.


Die verbintenisse wat ontdek word tussen die huidige wêreld en die vergange wêreld van die dinosourusse, gee die mens van vandag 'n oorweldigende indruk van watter verstommende wendings die natuur werklik kan neem. As voëls, selfs die klein mossie, van die ontsagwekkende dinosourusse kan afstam, word ander moontlike transformasies vir jou geloofwaardig: ook die oorspronklike transformasie waarin lewe uit lewelose materie gebore is.

DIE NUWE BEELD wat dinosourusse in die Westerse mitologie aan reptielagtige monsters gee, hang saam met 'n verandering in die Westerse selfbeeld. Die drake en skubberige mitiese monsters van vroeër was nie net simbole van eksterne bose magte nie, maar ook projeksies van die skaduagtige drifte wat mense in hul eie psiges vermoed het.

Eeue lank al beskou die Westerse kultuur die ►



**'n Paar reptielagtige demone deur Pieter Bruegel... *Die Val van die Opstandige Engele* (1562).**



**St Joris, St Martha en die Draak deur die Renaissance-kunstenaar Paolo Ucello.**

mens as inherent boos, 'n wese waarin die fragiele teuels van godsdiens en beskawing 'n kwaadaardige natuur in toom moet hou. Die reptielagtige monsters van die Christelike mitologie vergestalt dié "dierlike", "redelose" sy van die mens.

Is dit toevallig dat die opkoms van die dinosourusse - die reptielagtige monsters waarvoor 'n mens oplaas begrip en selfs simpatie kan hê - min of meer saamval met die opkoms van die sielkunde, die wetenskap wat menslike drifte uit die domein van die demoniese en onkenbare haal en in die gebied van die rasioneel uitlegbare plaas?

Die vrees vir die demoniese is 'n uitdrukking van die vrees vir die onbekende. Tans verkeer sowel die menslike psige as die reptielagtige monster nog in 'n gebied tussen die bekende en die onbekende, en beskou ons die mens sowel as die dinosourus met 'n mengsel van begrip en vrees.

Aan die een kant wil ons al hoe meer glo daar's 'n rasionele verklaring vir alle menslike handelinge, selfs oënskynlik "bose" handelinge soos dié van die reeksmoordenaar: as jy in sy persoonlike geskiedenis soek, sal jy 'n verband tussen oorsaak en gevolg vind wat met die demoniese niks te doen het nie. Aan die ander kant laat die reeksmoordenaar op die silwerdoek steeds jou nekhare rys.

So ook met die reptielagtige monster. Aan die een kant ontdek die wetenskap eienskappe van dinosourusse wat hulle al hoe meer "bekend" en meer bemind maak: hulle was nie noodwendig almal koudbloedige reptiele nie, moontlik het hulle selfs hul kleintjies versorg en in groepe saamgeleef, en so meer. Ons raak reptielagtige monsters so goedgesind dat Spielberg een kon verhef tot 'n lieftallige simbool van die goeie - ET, die onbekende as die vriend wat jy net moet leer ken.

Aan die ander kant is ons nog geensins oortuig van die gesag van die rede nie, projekteer ons steeds die onbekende as die demoniese. Jy skrik jou nog lam vir 'n reptielagtige monster soos in *Alien*: 'n beeld van pure boosheid.

Maar tog, maar tog... Sommige nagmerries sal ons nooit weer kan terroriseer nie. Ons sal reptielagtige monsters nooit weer ernstig kan sien as bonatuurlike demone nie. Dié bose drake is vir ons verslaan deur die dinosourusse - ons jongste kinders, ons oervoorgangers. v


# g'n sendeling-posisie vir oerdiere

deur bernard simon

## Tirannosourus seks: Hoe het die dinosourusse voortgeplant?

DAAR is 'n nuwe tergende vraag onder die menige tergende vrae oor dinosourusse waarmee wetenskaplikes hulself deesdae besig hou: hoe op aarde het dié reuse-diere met hul vreemde anatomieë die geslagsdaad beoefen?

Die eerste bevinding was dat dinosourusse nié reusagtige penisse gehad het soos wat 'n mens sou dink hulle nodig gehad het nie, en dat daar nié 'n been in die dinosourus-penis (soos by byvoorbeeld die walrus) was nie.



Om die waarheid te sê, alle getuienis dui daarop dat die dinosourusse baie beskeie bedeeld was - albei geslagte. Die grootste dinosourus-eier wat nog gevind is, is so groot soos 'n rugbybal, en dit is dwarsdeur die natuur met voëls en reptiele so dat die opening waaruit die eier kom, tot die maksimum gerek word wanneer die eier gelê word.

Het jy al ooit in al die tekeninge en beelde van dinosourusse 'n manlike dinosourus gesien met 'n penis? Nee, want, sê die Britse dinosourus-kenner prof Beverly Halstead, dinosourusse se seksorgane sit nie soos mense s'n tussen hul bene nie, maar is weggesteek onder die stert.

Soos met vandag se voëls en reptiele die geval is, was dinosourusse se genitalieë geplaas in 'n gleuf wat 'n cloaca genoem word, sê Halstead. Wanneer die manlike orgaan vol bloed word, swel dit uit en vul dan die vroulike dinosourus se holte. ('n Manlike brontosourus van 80 ton se cloaca was so groot soos 'n man se vuis.)

Halstead sê dit moet verskriklike fyn maneuvrering gekos het om die twee stelle seksorgane in die regte posisie te kry.

Deesdae se voëls en reptiele is klein en beweeglik en dit is nie moeilik om cloaca met cloaca bymekaar te bring nie. Maar dinosourusse is by die ton geweeg en was tot 20 meter lank. Dit het beteken dat die manlike dinosourus altyd sy gewig grotendeels self met twee of drie pote moes ondersteun as hy met die wyfie paar, anders het hy haar doodgelê.

Halstead glo dinosourusse het altyd van agter af gepaar en die mannetjie moes sy stert onder dié van die wyfie inmanipuleer om kontak te kan maak. Dit het beteken daar kon nie groot passie wees nie, want dit was 'n delikate operasie. "Their mating had to be done with great delicacy and great decorum. It must have been utterly charming to watch, quite unlike our own species," sê hy.

Lê kon hulle nie lê en paar nie, sê die Amerikaanse navorser Robert Bakker. As 'n olifant omval, breek hy sy ribbes en as hy te lank lê, kan sy longe beskadig word. En olifante is baie kleiner as van die dinosourusse wat tot meer as 80 ton geweeg het.

Die paleontoloog Keith Rigby van Notre Dame Universiteit sê Halstead se teorie van hoe dinosourusse gepaar het, kon nie met stegosourusse gewerk het nie. Alle stegosourusse het gepantserde rûe en sterte gehad met penne op wat aanvallers gekeer en sekerlik voorkom het dat daar van agter af gepaar kon word.

Die teorie dat dinosourusse in diep water moes paar waar ligaamsgewig nie so 'n faktor is nie, word weer teengegaan deur die feit dat daar dan nie genoeg beheer oor liggaamsbeweging was nie en dit was 'n fyn operasie om claoca by cloaca uit te bring.

Al waaroor paleontoloë saamstem, is dat ons waarskynlik nooit sal weet hoe dinosourusse gepaar het nie.

Ons is dan nie eens seker of hulle warmbloedig was of nie... v

# majestueuse monsters

**CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** ontmoet *Jurassic Park* se oermonsters

STEVEN SPIELBERG had nog altyd 'n oog vir die fantastiese: sy lys trefferfilms - en monsterfilms - getuig daarvan: *Jaws*, *ET - The Extra-Terrestrial*, *Close Encounters of the Third Kind*, *Gremlins*, die *Indiana Jones*-trilogie.

En nou, in 1993, sien ons die Tyrannosaurus Rex van alle monsterprente: *Jurassic Park*. *Jurassic Park* is 'n monster in meer as een opsig: die prent beloof om die grootste lokettreffer van alle tye te wees. Reeds in die eerste 23 dae ná uitreiking het dit in Amerika alleen $200 miljoen gemaak - 14 dae vinniger as *Batman*, die vorige rekordhouer.

Monsters, groot en klein, betower Spielberg: van die bloeddorstige mensvreterhaai in *Jaws* tot *Gremlins* se fraai, wollerige goedjies wat ongevraagd in grynslaggende miniatuur-duiwels verander. En dan is daar *ET*, die nimlike klein kreatuur met die gloeiende hart.

Nadat hy in *Jaws* korte mette van dié aardgebonde vismonster gemaak het, het Spielberg in *Close Encounters* en *ET* monsters in die buitenste ruimte gaan bymekaar maak. Met *Jurassic* diep hy monsters op wat 65 miljoen jaar gelede van die aardbodem af verdwyn het. Want Spielberg stel net belang in buitengewone gedrogte en hulle - ET uitgesluit - is gemener, afgrysliker en slinkser as enigiets wat aardlinge nog gesien het.

T REX en vriende verteenwoordig die toppunt in die Spielberg-parafernalia. Monster-fundi Stan Winston en rekenaar-animator Dennis Muren sorg vir die mees realistiese sci-fi-gediertes ooit: hulle is majestueuse skeppings - van die logge bragiosaurus met haar gemoedelike kraalogies tot die T Rex se skubberige 3 636 kilogram-sware liggaam (ja, háár kraalogies: Jurassic Park-dinosourusse is almal vroulik om voortplanting te voorkom).

Spielberg se monsters is karakters uit eie reg: hul persoonlikhede word vergestalt in hul voorkoms, maniërismes en gesigsuitdrukkings. Die grootogige, saggeaarde ET het, onooglik ofte not, sagkens in fliekgangers se harte gekruip. Aan die ander, bloedlustige kant is daar die predatoriese velociraptors in *Jurassic*: warm op die spoor van twee paniekbevange kinders, tik die een ongeduldig op die grond met haar toonnael.

Hoewel *Jurassic* tegnies die asem wegslaan, is die verhaal maar dun: John Hammond (Richard Attenborough), 'n biljoenêr-ontwikkelaar, skep die ultimate besienswaardigheid: 'n "pret"-park op 'n tropiese eiland wat Disney World saai laat lyk. Hy nooi paleobotanis Ellie Sattler (Laura Dern) en paleontoloog Alan Grant (Sam Neill) uit om sy vernaamste lokmiddel te besigtig: lewende dinosaurusse, "geskep" uit gefossileerde DNS deur Hammond se span wetenskaplikes.

Die wonder verkry 'n nagmerrie-agtige aanslag wanneer 'n storm losbars en die elektrisiteit gedoof word. Soos dit nou maar werk, bevind Sattler en Grant hul op daardie rare oomblik - saam met 'n geldgierige prokureur (Martin Ferrero), 'n pessimistiese wiskundige (Jeff Goldblum) en Hammond se kleinkinders (Joseph Mazzello en Ariana Richards) - voor die T Rex-hok. En die oorlewingspel begin.

*JURASSIC PARK* is bedoel om te vermaak - en dit slaag as 'n avontuurverhaal, 'n wetenskapfiksieriller wat jou vasnael in jou stoel.


Van noemenswaardige toneelspel is daar nie juis sprake nie. Die akteurs is in die skadu van die dinosourusse: die kyker - effens geïrriteerd met menstonele - wag vir T Rex om weer sy skrikwekkende gevreet te wys.

In dié genre is Spielberg die virtuoos: sy tydsberekening laat jou op die punt van jou stoel sit. Die gevoel van gespanne afwagting bou gedurig op - soveel so dat jy dronk raak van 'n sensasie van ysingwekkende opwinding. Hy speel slim met jou verwagtinge: die film open met die onrustige klank van takke wat breek soos iets onbekends al nader kom. 'n Dino? Nee, 'n stootskraper. Die film vibreer met 'n donker energie: die bloedige einde van 'n parkwerker hoef slegs gesuggereer te word: die kyker se koorsige verbeelding voltooi die prentjie (heel moontlik met grusamer gevolge).

Spielberg se hiperboliese aanslag is nie beperk tot sy dinosourusse nie: John Williams se oordonderende musiek dik die drama meer aan. En wanneer 'n T Rex 'n prokureur tussen sy tande vasgryp, hoor ons die Spielberg-CRUNCH!!!

Spielberg wend darem 'n poging aan om ons serebraal aan te spreek: die swart geklede wiskundige raak kortliks in 'n halfhartige debat met Hammond gewikkel oor die gevare om aan die natuurlike evolusionêre proses te torring. Dern se karakter lewer ook feministiese kommentaar op mans se nare vernietigingsdrang.

Anders as *ET*, doen *Jurassic Park* geen emosionele beroep op kykers nie. Die hartsnare bly onaangeraak. En, soos *Jaws*, bekyk Spielberg die mens se onmag voor die bloeddorstige aardmoeder en haar onbuigsaam wrede, koue wette van oorlewing. Instinkte is al wat saak maak: die dinosourusse is gewetenlose, pre-historiese (premenslike) doodmasjiene - die mens, fisiek weerloos, kan slegs wegvlug. (En so word die moontlikheid van 'n *Return to Jurassic Park* darem verseker.) v



**'n Bragiosaurus knibbel aan 'n blaar**

## soek jy 'n gallimimus na jou smaak?

GEWONDER wie was verantwoordelik vir die monsteragtige koningin-eierlêer in *Aliens*? Of die moorddadige robot-cum-Arnold Schwarzenegger in *Terminator*? Hulle is die marionetmeester Stan Winston se skeppings. En Winston is deels verantwoordelik vir die verbasend "egte" dinosourusse in *Jurassic Park*.

Steven Spielberg wou "gewone" spesiale effekte in *Jurassic Park* gebruik. Dit sou beteken vol-grootte dinosourus-robotte gemaak van rubber en draad wat met die hand gemanipuleer word. Dennis Muren, 'n animator wat spesialiseer in grafiese rekenaar-tekeninge, het Spielberg oortuig sy manier is goedkoper en meer realisties - en illustreer dit toe met 'n rekenaar-geanimeerde toneel waar 'n trop Gallimimusse verbygalop.



**'n Trop Gallimimusse warm op Sam Neill se spoor**


Winston en sy handlangers het stapsgewys só te werk gegaan: sketse van die dinosourusse gemaak; kleimodelle van die sketse gemaak; afstandbeheerde hidroliese skelette gemaak; uiteindelik die beweegbare, vol-grootte skelette met rubber oorgetrek. Muren en sy kollegas het die dinosourus-skelette op hul rekenaarskerms ontwerp; hulle geanimeer en daarna ingekleur om soos Winston s'n te lyk.

Die ongelooflike 13-meterlange T Rex is op vlugsimuleerder-platforms gemonteer. Van 'n model een-vyfde die T Rex se grootte is bewegings elektronies oorgesein. Velociraptor-tonele wys deels 'n man in 'n velociraptor-pak en deels modelle gemanipuleer deur 14 marionetbeheerders. Die kombuistoneel waar Hammond se kleinkinders holderstebolder voor die twee gulsige velociraptors vlug, is deur die grafiese rekenaarkunstenaars gehanteer.

Winston dink sy marionette is meer as poppe: "Die dinosourusse wat ons geskep het, is eg. Ons het karakters vir hulle geskep. Die bragiosaurus is 'n baie meer sagmoedige dier as die velociraptor: die een is 'n koei; die ander 'n piranha." Muren voeg by: "Ons moes 'n vertoning, 'n houding kry, sodat jy in hul oë kan kyk en 'n siel daar kan sien."

## dino-syfers

- **Jurassic Park** se begroting was oorspronklik $56 miljoen. Dis met 'n skrale $9 miljoen oorskry. Somtotaal: $65 miljoen.
- **ET**, Steven Spielberg se vorige monstertreffer, is die wêreld se suksesvolste film ooit. In Amerika alleen het dit $399 miljoen gemaak. **Jurassic Park** behoort selfs beter te vaar as die tweede suksesvolste film ooit, **Star Wars** ($322 miljoen): kenners skat 'n koele $330 miljoen vir **Jurassic**. Sommige sê dit kan selfs groter as **ET** wees.
- MCA/Universal, die ateljee wat **Jurassic** uitgereik het, kan 'n ronde $2 miljard wêreldwyd insamel - insluitende video-uitreikings en die verkoop van **Jurassic**-goedere soos T-hemde.
- Steven Spielberg is nie betaal tydens die verfilming nie - sy betaling het begin die dag toe die film uitgereik is. Hy is die rykste regisseur op aarde - en sal vir **Jurassic** meer as $100 miljoen ontvang.



**Die rykste regisseur op aarde: Steven Spielberg**

## 'n tikkie selfspot

'n Ironiese metafoor val op in *Jurassic Park*: John Hammond, die ontwikkelaar van *Jurassic Park*, mik vir die groot geld - en verkoop sy park met dieselfde logo as waarmee Steven Spielberg sy film verkoop. En terwyl ons koes vir die *Jurassic*-T-hemde, koes Spielberg vir die dollars.

# Die blink kant van Suid-Afrika

**Dis Vredesmaand - en is jy 'n huppelkind of 'n suurknol? Mens staar jou maklik vas teen die struikelblokke op die weg na vrede en voorspoed. Maar gaan dit werklik net sleg? Nee, sê die positiewes - eintlik het die land verbasend baie goeie nuus**

WIE wen vandag in Suid-Afrika: die optimiste of die pessimiste?

Die kanse is dalk dat die pessimiste 'n kortkop voor is, maar optimisme, goeie nuus, blymoedigheid, voer 'n dapper stryd om te oorleef. In dié maand van vrede in Suid-Afrika word die blymoediges gedaag om die swaarmoediges te troef. Kan hulle?

Die optimis sal na die wêreld kyk en sê: Suid-Afrika se oorgangsjare is wel traumaties, maar ons wéét mos geen geboorte is sommer só maklik nie!

Die pessimis sal sê: Ja, maar híérdie oorgang sal nooit verby gaan nie?

Werkloosheid is die wêreld se nommer een probleem op die oomblik. Maar dan sê John Kehoe, 'n uiters gewilde internasionale bemarker van positiewe sakebenadering: dis die beste tyd om geleenthede aan te gryp.

Dis daardie waaghalse wat huise bou, strandoorde beplan, oeste saai wat die verbeelding aangryp - en die pessimiste die kop laat skud.

'n Optimis sal balans in alles sien, die pessimis nie: die kosinflasie is hokgeslaan, hoera! Maar die petrolprys gaan inflasie opstoot, sies! Die optimis sal nou fietsry en sy eie groente plant en by boeremarkte vleis koop. Die pessimis gaan vir Elliots bel om te vra hoeveel dit kos om Nieu-Seeland toe te verhuis.

Dr Anton Rupert, die allerbeste bemarker van goeie hoop in die land, glo Suid-Afrika het 'n baie goeie toekoms, as die mense dit net wíl. Ook het Rupert die gevleuelde woorde aan Suid-Afrika gegee: "Ons moet hoop hê - nie wanhoop nie. Ons moet 'n wekroep hê, nie 'n swanesang nie." (Anton Rupert: Pleitbesorger vir Hoop, deur WP Esterhuyse, Tafelberg.)

Rupert was nog altyd uitgesproke oor mense wat innerlik agterdogtig is en hulself in wanhoop verlustig en sodoende 'n gebrek aan vertroue by die massas wek wat dodelik gevaarlik is.

POLITICI WAT DAAGLIKS ons brood smeer met sogenaamde "werklikhede" het ook skielik twee kampe begin vorm. Die goeie nuus-manne: Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa wat die onderhandelingsproses as 'n goeie nuus-revolusie om 'n tafelronde bestuur teenoor slegte nuus-manne: Ferdi Hartzenberg, Eugene Terre-Blanche, Apla en Peter Mokaba wat vrees saai.

'n Oorgangsregering kom tot stand, die land kan weer regeer word, maar die pessimiste sien nét die geweld en die regses wat na die roer wil gryp.

In Mamelodi het die gemeenskap sy eie goeie nuus ontwikkel. Moss Chikane en Ben Mahlati het saam met 'n aantal werkloses 'n padbouprojek, stormwatervore, begin. Hulle het al sowat drie kilometer voltooi - met skenkings wat van tyd tot tyd inkom. Die klip kom uit die koppies agter die dorp en klipkappers moet opgelei word om die klip te hanteer. Tien werkloses is al opgelei om volwaardige padbouers te wees. Nog tien is opgelei om noodhulp te kan doen. Daar wag nog net 162 kilometer om gedoen te word.

"Natuurlik gaan ons dit nog doen. Ons is dan reeds besig om ander gemeenskappe ook aan te vuur met hierdie soort werk: dit beteken net dat almal trots is op wat hulle het en dit vir die toekoms doen."


'N KLINIESE SIELKUNDIGE verwyt die "goedkoop handel in apokaliptiese nuus" as 'n draak wat in die naam van "goeie verwagtinge" vernietig moet word. "As jou buurman jou vertel hoeveel van die mense by die werk afgedank is, hoeveel die land gaan verlaat en hoeveel diefstalle die laaste drie dae in sy buurt plaasgevind het, moet jy vir hom vertel van jou vrou se suksesvolle koeksisterstalletjie by 'n vlooimark, jou neef wat met alle geweld van Perth wil terugkom en dat jou skoonma haar jaarlikse besoek uitgestel het!"

Klink dit soos 'n Pollyanna wat hier praat?


En hoekom nie?

*'n Klompie haasbekkies van die Laerskool Melpark het ook gretig vertel waarom hulle optimisties is (lees vir optimisties: lekker voel)*

deur virginia keppler



Johan Potgieter: hou die boompies



Doreen Menyoko: Ons moet saambly.

**JAN POTGIETER:** Die lekkerste ding vir my is om die alfabet op 'n stuk papier neer te skryf. Ons moet vrede in ons land kry en die mense moet ophou om die klein boompies af te kap want hulle moet nog groei sodat ons land ook baie groot bome kan hê.

**SHIRLEY DINTOE:** Dis lekkerste om te verjaar. Gold Reef City is vir my die mooiste plek in Suid-Afrika.

**NIEL COETZER:** Ek is gelukkig as ek kan gaan bungee jump en gaan swem. Die mooiste is al die diere in die wildtuin. Ek hou ook van vrede en almal moet lief wees vir mekaar want Suid-Afrika is lekker en ek hou daarvan om hier te woon.

**KIM DUMMER:** As ek somtyds so rondstap dan sien ek baie mooi dinge en vriendelike mense. Dis vir my lekker om altyd nuwe vriende te maak. En my pa het my rolskaatse gekoop en dis nie eens my verjaardag nie!

**DOREEN MENYOKO:** Ek is baie lief vir my ouers. Ek hou van skool en om te skryf en te lees. Die mooiste plek in Suid-Afrika is Pretoria. Ons moet vrede hê en ons moet saambly en niemand moet weer doodgemaak word nie.

## 'vrede lê nie so ver nie'

Vrye Weekblad het goeie nuus gaan soek - en gekry van:



**DIE STAATSPRESIDENT, FW DE KLERK:** Waar staan Suid-Afrika vandag? 'n Vreedsame werkbare politieke skikking is binne ons bereik.On word internasionaal aanvaar, die ekonomie lyk beter.
Die ernstige geweld in ons land is totaal onaanvaarbaar. Dit is egter nie die vrugte van hervorming nie. Dit is die na-oes van die bitterheid en stryd van die verlede en 'n gevolg van minderheidselemente se misbruik van nuutgevonde vryheid. Dit is ook deel van korttermyn onsekerheid vóór die onderhandeling en verkiesing afgehandel is.
Die meeste politieke partye en die meeste Suid-Afrikaners streef na 'n nuwe, beter Suid-Afrika waarin ons land se verskillende taal- en kultuurgroepe in vrede kan saamleef.
Solank dit die wil van die meerderheid is, is moedeloosheid 'n missplaaste emosie.



**AARTSBISKOP DESMOND TUTU:** This is God's world en God is a God of love, justice and peace. When we were struggling against the awfulness of apartheid we used to tell our people "Alles sal regkom" because God could not be frustrated forever. It was impossible for injustice to prevail forever over justice, it was impossible for a lie to overcome the truth forever. And we have been proved right.
Death, violence and darkness cannot have the last word. Life, peace, light and goodness will prevail, for if God be for us who can be against us?

**DR CHRIS STALS,** president van die Reserwebank: Daar is heelwat bemoedigende tekens. Ná 'n daling van vier jaar het die ekonomie die afgelope ses maande gestabiliseer en nie verder versleg nie.

**EBRAHIM PATEL,** SA se rugbybaas: Ek is dankbaar dat nieteenstaande al die problematiek van die land, Suid-Afrikaners die nodige karaktertrekke toon om nie te verval in 'n vlaag van pessimisme nie, en dat daar nog 'n gees van optimisme in die land bly en om te help om die probleme op te los.

**DS EDDIE BRUWER,** sekretaris van Kerklike Aksie Noodhulp: Wat my vol verwagting maak, is die geweldige verborge potensiaal van die weggedrukte en onderdrukte gedeelte van ons samelewing. Hulle is nie meer mense van die nag wat gejag word nie. Ek sien elke dag nuwe gesigte en hoor nuwe gedagtes. Ek vra myself af: Waar was die mense tog voorheen?!

**TV-AANBIEDER EON DE VOS** se "goeie nuus": As jy uit die fliek kom en jou motor is nog daar! En daarby:In die verlede het ek serious death threats gekry toe ek 'n swart skoonheidskoningin op TV gesoen het. Laasweek was ek saam met koningin Jacqui in Welkom- nie juis 'n liberale plek nie— maar ons was albei vreeslik welkom daar!

**REGTER DEON VAN ZYL,** vise-president van Atletiek Suid-Afrika, sê hy is 'n groot optimis. "Daar is baie meer goeie trou en vertroue tussen verskillende groepe. Sport is 'n brugbouer soos min en ons het veral vriende in Afrika gemaak."

**BERIGTE:** Martie Meiring, Ina van der Linde, Louis Kirstein, Virginia Keppler. **FOTO'S**: Sally Shorkend.

# Moeë Arafat in die slaggat

## Die prominente Midde-Oosterse kommentator prof Edward W Said is skepties oor die merkwaardige ooreenkoms tussen Israel en die Palestynse Bevrydingsorganisasie oor die "Jerigo Eerste-plan"

DIE "historiese deurbraak" tussen die PLO en die Israelse regering is 'n gesamentlike besluit om 'n nuwe stadium in die versoeningspogings tussen dié twee vyande aan te dui - maar terselfdertyd laat dit die Palestyne steeds in 'n ondergeskikte posisie: Israel bly in beheer van Oos-Jerusalem, die nedersettings, soewereiniteit en die ekonomie.

Hoewel ek steeds glo in 'n vreedsame twee-staat-oplossing, laat dié skielike nuwe plan heelwat vrae ontstaan.

Die plan is onduidelik in die besonderhede, eenvoudig in die breë buitelyne. Israel erken die PLO. Dit sal "beperkte outonomie" en "vroeë bemagtiging" vir Palestina toelaat in die Gaza-strook, een vàn die mees miserabele plekke op aarde, en Jerigo, 'n klein Wesoewer-dorpie 90 km verder. Jasser Arafat sal glo toegelaat word om die gebiede te besoek, maar nie om daar te gaan bly nie. 'n Paar honderd lede van die Palestynse Bevrydingsleër, tans in Jordanië, sal toegelaat word om interne veiligheid, dws polisiewerk, te hanteer. Munisipale beheer oor gesondheid, sanitasie, onderwys, posterye en toerisme sal deur die Palestyne beheer word.

Die Israelse leër sal wegbly van die bewoonde gebiede, maar vir eers nie onttrek nie. Israel sal steeds die grond, die water, oorhoofse veiligheid en buitelandse sake in dié "outonome" gebiede in die Wesoewer beheer, want die ongedefinieerde toekomstige Israel sal die gebied tussen Gaza en Jerigo en die Allenby-brug na Jordanië beheer - en ook omtrent al die water en grond.

Die vraag bly staan: hoeveel grond gaan Israel vir vrede prysgee?

Daar word heelwat gepraat oor groot somme geld vir ontwikkeling. 'n Arabiese koerant sê Arafat bring $2,7 miljard na die ooreenkoms. Die Wesoewer kry glo 'n bykomende $800 miljoen. Skandinawië, Amerika en Arabiese regerings het glo ook geld belowe, maar die Palestyne het al geleer om skepties te wees.

DIT IS DUIDELIK dat die PLO homself van 'n nasionale bevrydingsbeweging in 'n soort kleindorpse regering getransformeer het met 'n handjievol mense in beheer. PLO-kantore in die buiteland, almal die resultaat van jare van kosbare stryd waardeur die Palestyne die reg verdien het om hulself te verteenwoordig, word toegemaak, verkoop of sommer net gelos.

Vir die meer as 50 persent Palestyne wat nié in die besette gebiede woon nie - 350 000 staatlose vlugtelinge in Lebanon, twee keer soveel in Sirië en heelwat ander elders - is die plan die finale onteiening. Hul nasionale regte as mense wat in 1948 vlugtelinge geword het, regte wat jare lank deur die VN, die PLO en Arabiese state bevestig is, word nou ongedaan gemaak.

Alle geheime ooreenkomste tussen 'n baie sterk en 'n baie swak vennoot sluit noodwendig toegewings van die swakker vennoot in wat uit verleentheid verberg word. Ja, daar is steeds heelwat besonderhede wat onderhandel moet word, net soos daar onvoorsienighede is waaroor nagedink moet word en hoop wat vervul of beskaam moet word. Nietemin ruik die PLO se huidige ooreenkoms na die isolasie en uitputting van die PLO-leierskap en na die geslepenheid van Israel. Baie Palestyne vra hulself af hoekom ons ná jare van toegewings weer eens aan Israel en Amerika moet toegee in ruil vir beloftes en, op die beste, vae verbeterings in die besetting wat nie eens gaan gebeur voor "finale status"-gesprekke oor drie of vyf jaar nie.

Ons het nog nie eens 'n uitdruklike onderneming gekry van Israel (wat nog nie erken het dat hy 'n besettingsmag is nie) dat die besetting met al sy komplekse wette en strafmetodes beëindig gaan word nie. Niks word gesê oor die 13 000 politieke gevangenes wat steeds in Israelse tronke sit nie. En kan die Israelse weermag inmarsjeer nes hulle wil? Wie besluit en wanneer?



Ons moet by wat ook al deur wie ook al geteken gaan word, invoeg dat Palestyne die reg tot vryheid en gelykheid het en niks daarvan afstaan nie.

Beperkte "self-regering" is tog nie iets waarom jy mense kan mobiliseer of langtermyn-hoop kan gee nie. Belangriker nog, Palestyne moet nou die wydste moontlike seggenskap in hul toekoms gegee word, omdat dit nou in groot mate bepaal ▶

gaan word - miskien onherroeplik, miskien onwyslik. Dit is ontstellend dat die Nasionale Raad nie dadelik byeengeroep is en die verwerplike chaos veroorsaak deur Arafat se jongste metodes nog nie aangespreek is nie.

Twee weke gelede het die enigste werklik onafhanklike lede van die PLO se Uitvoerende Komitee, Mahmoud Darwish en Shafiq al-Hout, uit protes bedank. Nog 'n paar oorweeg dit glo. Hout sê Arafat word 'n outokraat wie se persoonlike hantering van Palestynse finansies rampspoedig is.

Ek tel nie meer as vyf mense nie wat in Tunis saam met Arafat gesit het, sonder enige regsagtergrond of ervaring van gewone burgerlike lewe, en besluite uitgebroei het wat ses miljoen mense raak. Daar was geen raadpleging om van te praat nie. In die gebiede self het die besetting erger geword, en dit ná tien rondes samesprekinge. Toe ek dié somer daar was, was daar niemand wat nie dié konneksie gemaak en die onderhandelaars en Arafat geblameer het nie.

MET DIE PLO besig om te disintegreer en toestande in die besette gebiede swakker as ooit, was daar nooit 'n ernstiger interne krisis vir Palestyne as dié afgelope somer nie - dit is nou totdat Arafat sy ontvlugting in die Israelplan geneem het, wat met een veeg die Israeli's van 'n lastige insurreksieprobleem gered het.


Ek bewonder dié Palestynse ampsdraers wat dapper voorgee dit is die eerste stap na die beëindiging van die besetting. Maar enigiemand wat die toenemend ondeurdagte en onverantwoordelike metodes van Arafat se lewenslange leierskap ken, sal beter daaraan toe wees as hulle klaar begin werk vir 'n ander toekoms.

Natuurlik kan geen politieke skikking van 'n lang en bloedige konflik almal pas nie. Om deur Israel en Amerika erken te word, beteken dalk persoonlike vervulling vir Arafat, maar dit begin nie om die Palestynse behoeftes aan te spreek of die leierskapkrisis op te los nie.

Ons stryd gaan oor vryheid en demokrasie; dit is sekulêr en, tot onlangs, redelik demokraties.

Arafat het die *intifada* eensydig gekanselleer - wat dalk nuwe ontwrigtinge, teleurstellinge en konflik vir Israeli's en Palestyne tot gevolg gaan hê. In die laaste paar jaar het Arafat se PLO, ons enigste nasionale instelling, geweier om sy verskeie steungroepe te mobiliseer, om sy mense se beste talente na vore te roep. Nou moet die PLO alles inspan om die lojaliteit en instemming te probeer herwin wat hy nodig het om 'n nuwe stadium in te vaar nadat sy toekoms verpand is - sonder ernstige debatvoering of behoorlike voorbereiding, sonder om sy ondersteuners die volle en bittere waarheid te vertel. v

© *The Nation News Service*



'n Saamtrek van die Zion Christian Church buite Pietersburg.

# Afrika hervorm die Christendom

deur ina van der linde

## In die godsdiens keer mense nou terug na hul wortels

DIE dag gaan kom dat die ou tradisionele godsdiens wat in Afrika beoefen is voor die koms van die sendelinge en die Christendom, gaan herleef, het die nou afgetrede professor Gabriel Setiloane van die departement Godsdiensstudies aan die Universiteit van Kaapstad, 16 jaar gelede voorspel.

Nou lyk dit of Setiloane se voorspelling besig is om waar te word, te oordeel na debatte op konferensies en seminare.

Waar swart Christene tot onlangs nog huiwerig was om openlik oor die onderwerp te praat omdat sendelinge eeue lank afkeurend reageer het op die "heidense gebruik en bygelowe", word dit nou prontuit bespreek.

Onlangs was dit weer so tydens die Instituut vir Teologiese Navorsing aan Unisa se konferensie oor godsdiensvryheid en 'n handves van menseregte. Dié keer het dit begin by 'n waarneming deur prof Dons Kritzinger in sy referaat dat die 1991 sensus die tradisionele godsdiens van Afrika heeltemal ignoreer in die opname - maar dat dit waarskynlik naas die Christendom die meeste aanhangers het. 'n Lang en lewendige debat het gevolg en die res van die twee dae wat die konferensie geduur het, is gereeld teruggekeer na dié gesprek.

'n Swart deelnemer stel dit só: "Die einde van apartheid beteken ook die vrymaking uit die gevangenisskap waarin Christene die tradisionele geloof geplaas het." ■

Dr Gordon Mitchell, dosent in Ou Testament en Godsdiensopvoeding aan UK, bevestig dit: "Hierdie is nie net 'n herlewing nie. Dit is soos 'n onderstroming wat besig is om 'n magtige golf te word. Dit was al die tyd daar, maar vir jare is witmense daarvan afgeskerm."

Mitchell het die laaste tyd verskeie kongresse oor godsdiensopvoeding in Transkei, Ciskei en Natal bygewoon. Orals tel hy dit op - ook in die klaskamer.

Die herlewing van tradisionele godsdiens het oral in Afrika plaasgevind nadat die koloniale juk afgegooi is. Elke koloniale land het 'n Westerse godsdienstige implanting beleef. Ná bevryding word teruggereik na die wortels. Dit het te make met die herontdekkking van identiteit, en met swart bewussyn - nie net op politieke gebied nie, maar ook op godsdienstige en kulturele gebied.

"Swart studente sê die tradisionele godsdiens was al die jare deel van hul kultuur, maar hulle is nie toegelaat om met witmense daaroor te praat nie. Die studente sê hulle is trots om daaroor te praat," sê Mitchell.

VRA MENS DIE ou ghoeroe Setiloane daaroor, antwoord hy met meewarigheid en 'n houding van ek het jou mos gesê.

"Dit was altyd daar en dit moes een of ander tyd kom. Sodra die stryd om bevryding verby is, vra die mense: 'Wie is ek nou werklik?' Maar daar is geen manier hoe die mense heeltemal na die ou godsdiens kan terugkeer nie. Hulle weet nie meer presies hoe die oue gelyk het nie. Dit beteken ook nie dat hulle Christenskap gaan afgooi nie, maar dat Christen-wees 'n ander kleur kry. Dis 'n proses van integrasie van twee wêrelde wat lankal in die hoofstroomkerke ingedra is, maar wat die wittes in die kerk nie weet of verstaan nie."

Prof Willem Saayman van sendingwetenskap, Unisa, wys daarop dat die Christendom en die TAG nie langer van mekaar onderskei kan word nie omdat dit soos twee strome is wat inmekaar vloei.

Navorsing deur twee teoloë aan Ford Hare, N Kili in 1988 en A Mxekezo in 1991, bevestig dat die grens tussen Christenskap en die tradisionele godsdiens vaag is en dikwels nie bestaan nie. 'n Vraelys aan skoolkinders het gewys dat 180 uit 212 aan die opstanding van Jesus glo. Terselfdertyd sê 200 uit die 212 hulle glo aan die mag van hul voorvaders. Hulle het meestal geen probleme om die twee sieninge te integreer nie.

Dr DL Mosomo van sistematiese teologie en teologiese etiek, Unisa, sê die belangstelling in en optekening van die tradisionele godsdiens as 'n akademiese aktiwiteit, het bygedra tot die groter openheid in gesprekke deur gewone mense. Die onderwerp is nie langer taboe nie, maar word deesdae openlik op grondvlak gevoer.

Terwyl die Christendom en Islam daarop ingestel is om volgelinge te werf deur aggressiewe sendingwerk, is die tradisionele godsdiens verdraagsaam en akkommoderend teenoor ander godsdienste en word aanhangers nie gewerf nie. Dis juis dié kenmerk van die tradisionele godsdiens wat dit vir die Christendom en Islam moontlik gemaak het om in Afrika pos te vat.

Met die koms van die swart bewussyn-beweging, is die Christendom al hoe meer beskou as "die witman se geloof" en net nog 'n instrument in die hande van wit onderdrukkers.

SETILOANE SKRYF IN sy boek, *The image of God among the Sotho-Tswana*: "Miskien was die god van die sendelinge nie God nie, maar die god van die Europeërs waarmee weggedoen kan word met die koms van politieke onafhanklikheid en die herstel van die Afrika-kultuur... Inderdaad, die hele bespreking in die Weste wat gefokus is op die God-is-dood-teologie - suggereer dat die Weste self die beeld van God verloor het en te make het met die afwesige skepper... of die redder van individuele siele bedoel vir 'the pie in the sky'."

Ware godsdiensvryheid, sê Mosomo, sal net kom deur in woord en daad af te sien van die Westerse teologiese bagasie. Dit het nou tyd geword vir 'n nuwe godsdienssin waarin plek gemaak word vir die Afrika-kultuur en begrippe en waarin die bevrydende aspek van die Christendom beklemtoon word.

Sentrale elemente van so 'n nuwe godsdienssin behels 'n nuwe liturgie met klem op die verbondenheid aan die gemeenskap.

Die proses is lankal aan die gang. Nie net in die Onafhanklike Kerke nie, maar selfs binne die sogenaamde hoofstroomkerke, soos die Metodistekerk waarvan hy 'n lidmaat is, sê Setiloane. Verskeie konsepte en rituele wat tradisioneel deur byvoorbeeld die Sothos en Tswanas beofen is, is óf opgeneem in die Christelike godsdiensbeoefening, óf dit het onder die oppervlak onveranderd gebly. Ander het Christelike konsepte en begrippe geneem en dit opnuut omvorm en herinterpreteer om ooreen te stem met tradisionele gebruike en sienings.

John Mbiti, 'n Afrika-teoloog aan die Universiteit van Bern, Switserland, kom tot die slotsom: "Onsigbaar, ongemerk en nie-amptelik bevat die godsdienstradisies van Afrika die enigste blywende moontlikheid vir 'n grondslag, 'n fondasie en 'n riglyn vir lewe in Afrika-gemeenskappe."

Dit blyk dat die Nuwe Suid-Afrika nie net politieke omwenteling behels nie, maar ook op godsdienstige gebied die fondasies gaan skud. v

## 'n Nuwe era in die kerke

MENSE wat tot die tradisionele godsdiens van Afrika behoort, maak ongetwyfeld die tweede grootste godsdienstige groepering in die land uit, sê Dons Kritzinger, direkteur van die Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing, Universiteit van Pretoria.

Volgens die 1991-sensus behoort meer as 25 miljoen - oftewel 66,4 persent - van die 37,7 miljoen mense in die land tot die Christelike geloof, 1.3 persent tot die Hindoe-geloof, 1,1 persent is Moslems en 0,2 persent Judaïste.

Die sensus-klassifikasie ignoreer egter heeltemal die tradisionele Afrika-godsdiens.

Volgens die sensus het meer as 11 miljoen - oftewel 29,7 persent - beswaar aangeteken teen die vraag oor godsdienstige affiliasie en/of aangedui dat hulle tot geen geloof behoort nie.

Kritzinger, wat self uitvoerig navorsing oor geloofsgroepe in die land gedoen het, lei hieruit af dat die meeste van dié in laasgenoemde groep tot die tradisionaliste behoort.

Die meer as 25 miljoen Christene in die land behoort aan letterlik duisende denominasies.

Opmerklik is dat die sogenaamde "hoofstroom" Protestantse kerke soos die NG Kerke, die Metodiste, die Anglikane, die Presbiteriane en die Lutherane, almal 'n afname toon van 52 persent in 1980, tot 41 persent in 1991. Die NG Kerk-familie, naas die Onafhanklike Kerke die grootste in die land, het afgeneem van 17,9 persent (3,49 miljoen) na 15,6 persent (3,2 miljoen).

Die oorgrote meerderheid - 5,4 miljoen, oftewel 26,1 persent - behoort tot 'n groot verskeidenheid Onafhanklike Afrika-kerke. Dié groep bestaan uit meer as 4 000 kerke, waarvan die meeste klein huis- of gesinskerke is. Dit sluit nie die Zion Christian Church (ZCC) van biskop Lekganyane in nie, wat 1,5 miljoen aanhangers het. Dit het sedert 1980 met 4,7 persent gegroei en is nou groter as die Suid-Afrikaanse familie van Anglikaanse kerke (1,18 miljoen).

Dié verskynsel lui 'n nuwe era in godsdienstige verhoudings in, sê Kritzinger. Die Onafhanklike Kerke het godsdienstige diskriminasie aan die lyf gevoel en kan met nuwe sieninge vorendag kom in die debat oor godsdiensvryheid.

# 'n Gevaarlike bekoring

deur johannes bruwer

## Russell Scott se beelde lok kinders aan soos motte na 'n vlam



*Lucky Fish* deur Russell Scott ... die rus van die dood?



*Priests Meeting on Violence* deur Johannes Segogela. Dié kalmte van 'n futiele vergadering - ver weg van die storm - het 'n ironiese botoon.

IS dit 'n geldige toets vir 'n beeldhouwerk dat kinders daarvan hou? Miskien. Miskien ook nie altyd nie. Maar Russell Scott se groot beelde in en om die Goodman-kunssaal in Johannesburg lok al die kleingoed wat daar verbykom.

Hulle klouter op die beelde (waarvan bewerkte boomstompe die kern vorm), maak hulle oop en klim in (sommige skarnier oop om die holte binne te onthul), loer geesdriftig deur die patryspoorte en pantserglas-venstertjies in die stamme, en draai die een wat soos 'n astrolabium op asse in staalsirkels gemonteer is (*Vandal's Trajectory*) lustig in die rondte.

Dié plesierige speletjies het die kunssaal se mense onmiddellik skrikkerig laat voel, want dit kon die kinders (en straks die kunssaal) duur te staan kom. Staalplate met skerp snykante hier en daar, soos die twee lemme waarop die beeld *Headmaster* balanseer om vorentoe en agtertoe te kan kantel, sou maklik - jy weet nooit - 'n vingertjie of 'n toontjie kon afsny. Die skerp plate is vinnig met rooi omhulsels bedek.

Dié bygevoegde rooi omhulsels - die gevolg van 'n simbiotiese wisselwerking tussen kunswerk en samelewing - versteur nie die werke nie, maar word vreemd genoeg 'n hegte en sinryke deel van hul samestelling. 'n Belangrike tema in die werke is juis die gevaarlike speletjie, die verband tussen bekoring en bedreiging. Dit word onder meer uitgespel deur die veiligheid-versperring wat die beeldhouer as déél van die beeld *Headmaster* daaromheen opgerig het.

DIÉ WAARSKUWING IS figuurlik: eintlik lok die beeld jou om deur die versperring te stap, om in te loer by die pantserglas-venster en te kyk waarheen lei die lang rubberpyp wat uit die beeld kom. Dis 'n spreekbuis met 'n tregter aan weerskante: een buite en een binne die holte in die geskarnierde stam, waarin 'n klein mensie kan klim en van binne deur die pyp boodskappe (of bevele) kan skreeu aan iemand buite. (Die "master" in die titel verwys ook na die kenteken His Master's Voice, waar 'n hondjie na die grammofoon-spreekbuis luister.)

Dat dit net 'n kind is wat so kan inklim en bevele kan skree uit die boomstam (wat deels 'n pantservoertuig versinnebeeld), is ook betekenisvol. Verskeie van die beelde, soos *Vandal's Trajectory* waarin jy deur die Casspir-agtige skietgate loer en 'n kettie-mik gemonteer as 'n visier aan die ander sien, trek 'n verband tussen die onverskillige kattekwaad van kinders en die destruktiewe impulse van grootmense (oorlog, doodslag, konflik en so meer). Die astrolabium-montering is 'n ironiese kommentaar op die arrogante aggressiwiteit waartoe die mens in staat is: 'n wese wat sy destruktiewe geweld nie net teen ander mense nie, maar selfs teen die heelal rig, soos 'n stoute kind wat met 'n kettie na die sterre skiet.

DIE MEESTE van die beelde vermaak jou naas die visuele bekoring met 'n dergelike swartgallige humor, waarin die verbale konteks van die titels 'n belangrike rol speel. In *Lucky Fish* hang die "gelukkige" vis - versteen tot graniet - morsdood binne 'n boomstam-sarkofaag. Daar is ook verwysings na die kranksinnige verband tussen aggressiewe geweld en selfdestruksie, soos in die doodskis-agtige beeld *What Would You Do If...*, die beeld waarmee Scott onlangs 'n meriete-prys in die Volkskas Atelier-wedstryd gewen het.

Hoewel die vorm van die natuurlike boomstam herkenbaar behou word as sentrale verwysingspunt in die beelde - wat daarmee ook aansluit by die invloedryke werk van Jackson Hlungwani - word die bewortelde, knoetserige boomstompe deur Scott met kunsmatige stowwe soos staal en glas aangevul in 'n soort cyberpunk: die wetenskap wat die organiese versmelt met die nie-organiese, wat die natuur vir eie doeleindes wysig.

Enkele van die beelde neig te veel na die meganiese en die serebrale om 'n mens emosioneel te bekoor - soos die klein metaalbeeldjie *Fable With Solenoid* wat deur 'n elektriese stroom in beweging geplaas word. Maar oor die algemeen het Scott se beelde 'n meesleurende aanslag, 'n vernuftige vermenging van sensuele vorm en fyn ironiese inhoud wat jou nie net imponeer nie, maar ook groot genot verskaf.

• Ook nou in die Goodman-kunssaal te sien, is Willie Bester se collages van gevonde voorwerpe, wat die stryd teen apartheid dokumenteer en hulde bring aan gestorwe leiers soos Chris Hani en Oliver Tambo; Johannes Segogela se houtbeeld-groepe, waarvan verskeie - soos *Priests Meeting On Violence*, *The Burial Of Apartheid* en *Stop The Violence* - 'n weemoedige, sagweg ironiese perspektief op ons verskeurde samelewing plaas; en 'n groep skilderye van Gail Behrmann wat my persoonlik koudgelaat het, maar vir ander dalk 'n dekoratiewe bekoring kan inhou. Al dié tentoonstellings duur tot 24 September.

# Herinneringe aan 'n verlore wêreld

## Die kultuur van die San is dood, maar lewe voort

deur johannes bruwer

WERKE uit verskeie reekse etse waarin die kunstenaar en argeoloog Pippa Skotnes besin oor die tragiese ontmoeting tussen die San en die Westerse beskawing word saamgevat in die tentoonstelling *In The Wake Of The White Wagons* in die Standard Bank-kunssaal in Johannesburg.


Skotnes, bekroon as Standard Bark se Jong Kunstenaar van 1993, is veral besiel deur die geskrifte van Lucy Lloyd. Dié versiende vrou het in die 19e eeu saam met haar swaer, Wilhelm Bleek, 'n omvattende reeks onderhoude met lede van die San gevoer en hul mondelinge vertellinge en geskiedenis noukeurig opgeteken. Die meer as 12 000 bladsye van hul transkripsies - merendeels Lloyd se werk - vorm vandag 'n unieke bron van inligting oor die verlore kultuur van die San: inligting wat vandag onbekombaar is, selfs by die afstammelinge van dié nomade wat in die vorige eeu soos diere gejag en uitgewis is.

In haar etse bring Skotnes hulde aan dié mense se verlore kultuur. Maar wie 'n tranedal oor die underdog of politieke visuele tirades teen die verdrukker verwag, het dit mis. Haar werk vermy melodrama, oppervlakkige stellings en eensydige oordele. Met fyn digterlike sensitiwiteit sien sy in die botsing van twee kulture nie net die vernietiging van die een deur die ander nie, maar ook 'n versmelting van die twee waarin die lot van die "verdrukker" verweef is met die lot van die "verdrukte", en albei onherroeplik gewysig word. Al duur dit 'n tyd voordat die oorheersende kultuur dit besef.

Skotnes self is in sekere sin 'n verteenwoordiger van die Westerse kultuur wat die San se kultuur verswelg het. Maar daardie kultuur is tóg nie dood nie: dit lewe ironies - en wonderbaarlik - voort deur haar waarderende oë, die oë van 'n Westerling vir wie die tyd nabetragting gebring het, en danksy die geskrifte van 'n ander Westerling 'n eeu gelede wat besef het watter geestelike skakels alle mense bind.

DIT IS IMMERS dié geestelike skakels wat Skotnes in staat stel om die visuele simbole van twee kulture - die gestileerde tekens van die San-rotskunstenaar en die gestileerde tekens van die Westerse etskunstenaar - te verenig in 'n sinryke harmonie. En in dié vereniging van simbole ontdek 'n mens verwonderd in watter mate twee oënskynlik teenstrydige kulture, ondanks die konflik tussen hulle aan die een kant, aan die ander kant mekaar ook in soveel opsigte weerspieël.

Skotnes plaas byvoorbeeld in die reeks *White Wagons* telkens die afgeslote ruimte van die trekboer se ossewa naas die afgeslote ruimte van die San-skuiling, hetsy grot of opslaan-koepelhut.




***"For/kweiten ta//ken"*, een van die agt groot kleur-etse waarin Skotnes hulde bring aan bepaalde enkelinge onder die San wie se verhale in die 19e eeu opgeteken is deur Lucy Lloyd en haar swaer, Wilhelm Bleek. Skotnes se byskrif lui: "Also known as Rachel, /Kweiten ta//ken was the wife of =Kasin and the sister of Dia!kwain. She described something of the relationship between the rain and young women and the seclusion rituals practised by women during periods of menstruation."**

Die behoefte aan beskutting, aan die veilige samehorigheid van die groep, spreek uit albei. Die betekenisvolle verskil is egter: die San se sirkelvormige skuilings verteenwoordig 'n tuiste in harmonie met 'n bekende omgewing, die ganse vrye natuur; terwyl die hoekige skuiling van die trekboere 'n verskansing teen die onbekende versinnebeeld, 'n pantserwa wat hulle - slegs tydelike nomade - deur gevare moet voer op pad na 'n vaste stukkie grond wat hoekig afgepen en besit sal word. Die gewere wat deurgaans by die trekboere verskyn, versinnebeeld die onsekerheid en disharmonie met hul omgewing.

'n Dergelike, fyn geweefde spel met visuele simbole kenmerk deurgaans Skotnes se etse (die vlag wat die koloniseerder in die aarde pen om dit as besitting te eis, teenoor die drasakke van die /Xam waarin hulle goedere vervoer word oor 'n aarde wat hulle nooit besit nie, en so meer). Maar nêrens raak dié komplekse verwewing van simbole oormatig bedag of serebraal literêr nie.

Dis in die eerste plaas sintuiglik dat haar komposisie jou aangryp - van die sagte, atmosferiese stemming van die reeks *Sound From The Thinking Strings*, waarin die magiese dieremitologie en geesteswêreld van die San met



**Plaat 1 van die etsreeks *White Wagons*, waarin die San se eerste kennismaking met wit trekboere uitgebeeld word. Skotnes haal as vertrekpunt vir dié reeks 'n teks van die Ierse sendeling Samuel Dorman aan, waarin 'n Hietshware-Boesman van die Oos-Kalahari vertel van die ontmoeting met die witmense in hul waens. Dit begin so: "The first time we saw the wagons was when the Trek Boers went up to Lake Ngami (Ngabee meaning the giraffe). We thought the wagons were big animals. There were many oxen going before, and these animals were going after, as we thought. Some of the old Bushmen had seen such things before. They looked like elephants, but they were white. We watched them a long time, and we saw that some of them stopped..."**

ekspressiewe skakering en 'n flikkerende spel van lig en skadu vasgevang word, tot die meer vas gestruktureerde, maar meesleurend evokatiewe komposisies van die *White Wagon*-reeks. Die gestileerde geometriese lynvorms in dié reeks word nie bloot dekoratief gebruik nie, maar vernuftig ingespan om die figuurbeelde betekenisvol te verbind in 'n veelseggende eenheid.

Die werke raak diep aan jou rede en jou gevoel, vul jou met weemoed én verwondering. Die vernieting van die San-kultuur was 'n tragiese verlies. Maar werke soos dié verseker dat dit nie 'n volslae sinlose verwoesting was nie: dat jy daaruit 'n duur gekoopte betekenis kan haal, 'n perspektief kan kry waaraan jy die handelinge met jou eie kultuur met groter verantwoording kan meet.

Die tentoonstelling duur tot 25 September in Johannesburg, en sal daarna te sien wees in Pietermaritzburg, Newcastle, Durban, Kimberley, Pretoria en Kaapstad. 'n Katalogus met verskeie essays wat die werke toelig, is teen R5 in die kunssaal te koop. ■

# christi pop speel



deur christi van der westhuizen

★★★★★ Verslawend
★★★★ Oorrompelend
★★★ Oulik
★★ Beige
★ Nat

# 'n hipnotiese ineenstorting



**★★★★PJ HARVEY - *RID OF ME***
**TEAL TRUTONE: CD**

PJ HARVEY is 'n moeilike vrou. Luister na haar musiek en lirieke en jy weet dit. Jy weet ook dat enige Freudiaanse sielkundige se tone skoon sal krul by die aanhoor van *Rid of Me*. Freud self sou moontlik volumes kon wy aan haar: sy herinner nogal ietwat aan sy "histeriese" vroulike pasiënte met hul donker hunkerings en "jaloesie"-geïnspireerde aversies.

Polly Jean Harvey het, saam met basspeler Steven Vaughan en tromspeler Robert Ellis, in 1992 opspraak gewek met hul konserte in Brittanjé en hul debuutplaat *Dry*, bestempel as "memorable". *NME*, die perstuiste van Indie-musikante, het haar eerste single, "Dress", plaat van die week gemaak. Steve Albini, bekend as musiek-vervaardiger, is nader gehark om *Rid of Me* se produksie te behartig. Harvey is dus aweregs: uit die hoofstroom sal sy bly.

Sy klink soos 'n vrou op die rand van 'n senuwee-ineenstorting. Begin by die titels op *Rid of Me*: "Man-size", "Man-size Sextet", "Snake", "Rub 'til it Bleeds" - dinge is duidelik nie heeltemal pluis nie. Op die omslag lyk sy soos 'n moderne, anorektiese variasie op die Medusa; agterop is sy 'n solipsistiese sfinksagtige figuur. Luister na haar musiek en jy besef dié is 'n vrou wat innerlike struwelinge uithamer: haar aanslag is kras, hard en wild op die oor. Anders as selfs die mees weerbarstige grungegroepe rand sy die oor aan: dié is geen gladde rit nie.

'n Onrustige, gespanne en hipnotiserende ritme - wat beelde van 'n ingehokte dier voor die geestesoog oproep - vorm die ruggraat van die meeste snitte. Die liggaam van elke lied is morsig: 'n verwoede Harvey bars eensklaps uit en verloor gewelddadig beheer terwyl sy wanhopig en gefrustreerd snik, kerm en skree. Haar kitaarwerk weerspieël haar emosie woes - heelparty songs ontaard in 'n skrikwekkende kakofonie. Sy wil-wil oor die lyn van rasionaliteit val, maar keer haarself telkens - net betyds.

Hier en daar skemer 'n samehangende melodie deur: soos in "Legs" wat open met roerende sigeuner-agtige sang en dan 'n verkwikkend estetiese wending na mineur ondergaan. Haar wêreld is smerig: dood, siekte en geweld sluimer teneerdrukkend. Daar besmet liefde (in "Yuri-G"), of wurg die lewe uit jou uit ("Hook"). Sy sluit "Legs" op tipies swartgallige wyse af: "I might as well be dead/ But I could kill you instead."

Op die eerste single van die plaat, "50 Ft Queenie", klink Harvey, verrassend genoeg, soos 'n uitbundige skoolseun. Die refrein is duister: "Glory, glory lay it all on me/ Fifty feet Queenie, fifty and rising/ You bend over Casanova/ No sweat, I'm clean/ Nothing can touch me."

"Man-size Sextet" en "Mansize" (met manlikheid as tema) is twee weergawes van een song: op eersgenoemde vergesel tjello en viool haar weerlose sang. Indrukwekkend genoeg speel Harvey self die instrumente. "Mansize" verraai punk-invloede en neig na industriële rock. "Man-size Sextet" klink soos iets uit die klankbaan van *Psycho*. Die lied eskaleer in intensiteit tot by die klimaks: "Get girl out of my head/ Douse hair with gasoline/ Set it light and set it free."

Harvey het die eerlike emosie van Sinéad O'Connor en, soos Tori Amos, gebruik sy haar musiek as katarsis, 'n suiweringsproses waarmee sy haar troebele innerlike werklikheid ontlaai. Anders as Amos is daar geen pretensie hier nie - slegs suiwere selfloutering. Luistergenot is dit nie.

# en:

**★★★ MARC COHN - *THE RAINY SEASON***
**TUSK: KASSET**



Marc Cohn

Cohn klink soos Joe Cocker sonder die oemf! Tog is hy in staat tot aangrypende liedjies soos "Mama's in the Moon". Hy maak reguit, eerlike pop-rock met observasies oor die lewens van gewone mense. So nou en dan glip 'n country-twang deur; sy gospel-invloede vergestalt in liedjies soos "Baby King", 'n snit met 'n Christelike strekking.

**★★ LUCKY DUBE - *VICTIMS***
**GMP: CD**



Lucky Dube

Lucky is plaaslik en oorsee bemind - sekere aanhangers meen hy is die grootste reggaesanger sedert Marley en Tosh hul dreadlocks rondgeswaai het. *Victims* is egter musikaalgesproke teleurstellend sag: belowende inleidings val plat in die eenselwige, vervelige reggaeritmes en grys synth-klanke. Dube spreek sy mening sterk uit oor 'n aantal emosie-belaaide onderwerpe (aborsie, geweld, liefde tussen swart en wit) - tog is daar geen emosionele infleksie in sy stem te bespeur nie. Lirieke wat spreek van naïwiteit en die oorvereenvoudiging van lewensbelangrike sake ontneem sy boodskap van enige potensie. Wat miskien goed is, aangesien hy verbasend eng is in sekere opsigte.

## die tagtigs is op ons!





Noudat dit okay is om in Suid-Afrika te toer, sak talle verloopte 80s-sterre - soos Bonnie Tyler en Al Jarreau - op niksvermoedende musiekliefhebbers ter plaatse af. Vir diegene wat nostalgies voel, hier is die toerskedules:


| | |
|---|---|
| Tyler: | Ellisras: Mogolsaal, 17 Sept. |
| | Tzaneen: Skousaal, 18 Sept. |
| | Pretoria: Saambou Bank-arena, 20 en 21 Sept. |
| | Bloemfontein: Callie Humansaal, 23 Sept. |
| | Springs: Binnenshuise sportsentrum, 24 Sept. |
| | Klerksdorp: JG Strydomsaal, 25 Sept |
| | Welkom: Ferdie Meyersaal, 27 Sept |
| | Johannesburg: Standard Bank-arena, 29 Sept |
| | Oos-Londen: Orient-teater, 30 Sept |
| | Uitenhage: Binnenshuise Sportsentrum, 1 Okt |
| | Oudtshoorn: Kangogrotte, 2 Okt |
| | Kaapstad: Three Arts-teater, 4 en 5 Okt |
| Jarreau: | Pretoria: Rembrandtsaal, UP, 15 Okt. |
| | Johannesburg: JCE-sportstadium, 16 en 17 Okt. |
| | Durban: Village Green, 21 en 22 Okt. |
| | Port Elizabeth: UPE-sportstadium, 24 Okt. |
| | Kaapstad: Groenpuntstadium, 27 Okt. |

**vrye** *weekblad*

DIE ENIGSTE NUUSTYDSKRIF IN SUID-AFRIKA WAT DIE NAAM WERD IS

# 'n Jaar se stimulerende leesstof én twee boeke - vir net R100?

As jy vir 'n jaar lank op *Vrye Weekblad* inteken teen die reeds verminderde bedrag van R100, ontvang jy twee splinternuwe boeke van Tafelberg Uitgewers:
*Foxtrot van die Vleiseters* van Eben Venter en *X-Ray Visagie en die Vingers van God* deur Harry Kalmer.
Hierdie twee boeke kos jou andersins R74,90 (*Foxtrot* R39,95 en *X-Ray* R34,95) by alle goeie boekwinkels.




In *Foxtrot van die Vleiseters* speel Eben Venter klaar met die Ou Suid-Afrika. Wanneer die TV-beeld PW Botha se kop heeltemal skeef trek met die aankondiging van die laaste Noodtoestand, kan jy maar weet: die nate van die ou orde trek los, en enigiets is moontlik en enigiets wórd moontlik. Johannes Steenekamp van Wildeperdehoek word John-John in Joeys, Petrus Steenekamp swem 'n laaaang swem met Busiwe, pas uit die wêreld van comrades en die struggle, en op die ry af ontmoet die oue die nuwe, die moontlike die onmoontlike.




*X-Ray Visagie en die Vingers van God* is Harry Kalmer se eerste roman, 'n spanningsverhaal vol onveilige seks, versteekte agendas, demokratiese geweld, verdagte politiek, literêre pretensie en vasvrakompetisies. Dis eindelik die bende, "Die Vinger van God", wat "direkte demokratiese geweld" uitoefen en X-Ray voor 500 000 kykers ontvoer en hom dinge laat beleef wat hy eerder sou wou vermy.

Intekenare kry *Vrye Weekblad* vóór die naweek in hul posbusse, of, in die geval van Groter Johannesburg of Pretoria, by hul voordeure afgelewer. BTW en afleweringskoste is by die R100 ingesluit. Jy kan ook vir ses maande inteken teen R60, maar dan kry jy nie 'n boek nie.

• Dié spesiale aanbod geld net vir 'n beperkte tyd en net die eerste 25 intekenare kry *X-Ray Visagie en die Vingers van God* en *Foxtrot van die Vleiseters* - so stuur dadelik dié vorm aan VWB-intekenare, Posbus 177, Newtown 2113. Jy kan per tjek, posorder of kredietkaart betaal.

Ja, ek wil graag *X-Ray Visagie* en *Foxtrot* hê.

Naam: ..................................................

Adres en poskode: ..................................................

..................................................

..................................................

Telefoonnommer: ..................................................

Kredietkaartnr: ..................................................

Vervaldatum: Maand .................... Jaar ..........

Handtekening: ..................................................

☐ tuisaflewering

☐ per pos

**vrye** *weekblad*

# Die Sandinistas, die CIA, Oliver North en die man **met die bom**

**TONY AVIRGAN,** een van die oorlewendes, het uiteindelik vasgestel wie die bom nege jaar gelede tussen 'n groep internasionale joernaliste in Nicaragua geplaas het. Maar wie het die sluipmoordenaar opdrag gegee? Avirgan het onstellende getuienis...

OP 20 Mei 1984 het 'n kragtige bom tydens 'n nuuskonferensie ontplof in La Penca, 'n contrakamp aan die grens tussen Nicaragua en Costa Rica. Drie joernaliste en verskeie contras is dood. Twintig ander joernaliste, ek inkluis, is beseer; sommige het 'n arm of 'n been verloor.

Die skynbare teiken - die voormalige Sandinista-bevelvoerder Edén Pastora, wat toe besig was om te baklei met die Sandinistas, die CIA, ander contra-faksies en die dwelmkartels - het met ernstige beserings oorlewe. In die dae ná die aanval het ondersoekers bevind die bom is na die kamp gebring en gedetoneer deur iemand wat hom met 'n vals naam as fotograaf voorgedoen het. In die chaos ná die ontploffing het hy weggeglip.

'n Nege jaar lange ondersoek deur my en ander joernaliste, asook twee dokumentêre prente, verskeie boeke, talle artikels, 'n geslaagde verdediging in 'n lastersaak in Costa Rica, 'n onsuksesvolle hofsaak in die VSA en 'n polisie-ondersoek in Costa Rica het almal getuienis opgelewer dat die CIA die bom geplant het.

Nou is die bomplanter uitgeken. En dit blyk dat hy nie lid was van 'n regse sel of groep nie. Sy regte naam is Vital Roberto Gaguine, en hy was, in die tagtigerjare, lid van 'n ultra-linkse faksie van Argentinië se Revolusionêre Volksleër (ERP) wat vir Nicaragua se teen-intelligensie gewerk het. Sy geheime sel is in Managua opgelei in spioenasie en sabotasie en het onder leiding van twee veteraan-revolusionêre gewerk: 'n hooggeplaaste Kubaanse intelligensie-operateur, kol Renan Montero, en 'n Argentyn, Enrique Gorriaran Merlo. Dié sel het onder meer in 1980 die sluipmoord gepleeg op die voormalige Nicaraguaanse diktator Anastasio Somoza in Asunción, Paraguay.

'n Paar maande gelede het ons voortgesette ondersoek na die bom-ontploffing die eerste duidelike skakel met die Sandinistas opgelewer. Jare lank het die Sweedse joernalis Peter Torbiornsson volgehou hy het die valse fotograaf vir die eerste keer in 'n hotel in San José in Costa Rica ontmoet. Torbiornsson het gesê omdat hulle albei 'n onderhoud met Pastora wou hê, het hulle besluit om saam te reis, en dis soos dit gekom het dat Torbiornsson die bomplanter na die nuuskonferensie in La Penca gebring het.



Toe ons onlangs met Torbiornsson gesels, het hy ons vertel hy het 'n bekentenis om te maak: hy het nog die hele tyd gelieg. Torbiornsson het erken hy het die bomplanter, wat homself Per Anker Hansen genoem het ('n naam wat hy uit 'n gesteelde Deense paspoort gekry het), op 'n party in Managua ontmoet in die teenwoordigheid van kolonel Montero en ander intelligensie-amptenare.

Toe hy die fotograaf ses weke later weer in Costa Rica ontmoet, sê Torbiornsson, het hy geredelik ingestem dat "Hansen" hom vergesel om 'n onderhoud met Pastora te probeer kry.

Torbiornsson, 'n rolprentvervaardiger wat die Sandanistas simpatiekgesind was, het aan ons erken dat dit vir hom roetine was om videobande en inligting oor die contras te oorhandig aan die destydse minister van Binnelandse Sake, Tomás Borge, se kantoor. Toe hy "Hansen" in Costa Rica ontmoet, het Torbiornsson vanweë sy verbintenis met Montero aangeneem hy is op 'n sending om inligting vir die Sandinistas te versamel en hom verwelkom. Dit, sê Torbiornsson nou, is hoe dit gekom het dat hy die bomplanter na die nuuskonferensie in La Penca vergesel het.

Nadat ons Torbiornsson se storie gehoor het, het ons verskeie kere na Nicaragua gereis en met sleutelleiers van die Sandinistas gesels om 'n verduideliking te probeer kry. Ricardo Wheelock, hoof van Militêre Intelligensie, het ontken dat hy enigiets van die bom weet, maar voorgestel dat ons met Tomás Borge gesels. Borge het ook gesê hy weet niks, maar onder 'n bietjie druk het hy erken Montero het "sy eie operasie" bestuur en het 'n "duisend geheime". Hy het nie sy belofte gehou om 'n ontmoeting met Montero te reël nie.

In ons eerste ontmoeting met Daniel Ortega het die voormalige president werklik ontsteld gelyk. Hy het belowe om ondersoek in te stel en 'n verslag vir ons op te stel. Toe ons weer ontmoet, het die stemming heeltemal verander. Hy het ons berispe omdat ons so begaand was oor dié "klein voorval" wat gebeur het in 'n oorlog waarin duisende Nicaraguane dood is. Hy het ons gesê as Noordelinge kan ons, al probeer ons hoe hard, nooit die wêreld op dieselfde manier sien as "mense van die Suide" nie. Sy verslag is nooit opgestel nie en ons vrae het onbeantwoord gebly.

Die bomplanter van La Penca is uit 'n versameling foto's uitgeken deur 'n onlangse oorloper van die ERP, wat die man herken het as Martin de Ingles (ook bekend as Martin die Engelsman). 'n Halfdosyn ander voormalige ERP-lede in Argentinië het dié uitkenning bevestig. Joernaliste in Argentinië het toe vasgestel dat "Martin die Engelsman" in werklikheid Vital Roberto Gaguine is, 'n voormalige mediese student.

'n Vingerafdruk van Gaguine, verkry van Buenos Aires, het ooreengestem met 'n ander vingerafdruk van "Hansen" op 'n aansoek om 'n rybewys toe hy in Panama was, jare voor die bomplanting. Dié vingerafdruk is verkry deur die ondersoekende verslaggewer Doug Vaughan, wat jare lank met ons saamgewerk het aan die ondersoek.

Kundiges het gesê die vingerafdrukke stem ooreen, Vaughan het Gaguine se pa en broer in Miami opgespoor en hulle het "Hansen" op foto'wat op die dag van die bomontploffing geneem is, uitgeken as Vital Roberto Gaguine.


Waar is Gaguine nou? Dit blyk dat hy dood is, opgeblaas in 'n selfmoordaanval deur die ERP op 'n Argentynse militêre basis in 1989. Maar selfs dit is nie seker nie. Al wat herwin is, was as en stukkies tande.

Noudat die bomplanter uitgeken is, moet die Sandinistas se militêre leiers alles aangaande hul rol in die aanval in die openbaar bekendmaak. Dit sal nie aanvaarbaar wees om te sê dit is deur een faksie of departement beplan en uitgevoer nie. Totdat die Sandinistas se top-leiers vertel wat hulle weet en die bomplanting veroordeel, moet die ganse leierskap aanspreeklik gehou word.

Baie vrae bly egter nog onbeantwoord. Hulle wentel om optredes deur die VSA sowel as die Sandinistas voor en ná die ontploffing. Hoe verduidelik 'n mens al die getuienis wat die vinger wys na die regses, getuienis wat ingesamel is deur ons, speurders van Costa Rica en ander joernaliste en ondersoekers? In Costa Rica het speurders genoeg getuienis ingesamel vir 'n regter om twee CIA-operateurs, John Hull en Felipe Vidal, te laat aankla van moord in verband met die ontploffing. Albei het na die VSA gevlug en hoop die jongste verwikkelinge sal vir hulle die weg baan om na Costa Rica terug te keer.

Maar aanklaers in Costa Rica sê hulle is nie van plan om die aanklagte teen Hull en Vidal te laat vaar vanweë die jongste inligting oor die bomplanter se politieke verbintenisse nie. Die staatsaanklaer Jorge Chaverria sê al die inligting wat hy versamel het, dui daarop dat contras en hul ondersteuners vir die bom verantwoordelik is, nie die Sandinistas nie.

Ander vrae is: Waarom het amptenare van die VSA, onder andere ambassadeur Curtin Winsor en ambassadeur Otto Reich van die nou geslote Kantoor vir Openbare Diplomasie, vals identiteite vir die bomplanter en valse inligting uitgestuur wat die pers en Costa Ricaanse ondersoekers mislei het? Waarom, volgens die hoof van die Costa Ricaanse polisie-laboratorium, het 'n Amerikaanse amptenaar die bom se ontsteker uit die laboratorium verwyder, belowe dat die CIA dit sal ondersoek - maar dit nooit terruggebring nie? Waarom, volgens 'n betroubare getuie, het Oliver North net drie dae voor die bomontploffinging in die geheim na Costa Rica gereis? Waarom is die bladsye in North se dagboek leeg of verwyder wat die dae om die ontploffing betref? En waarom was North se stuurjonge, Rob Owen, in 'n veilige huis in San



**Oud-president Daniel Ortega van Nicaragua. (Foto: AP.)**

José saam met John Hull en die CIA se kantoorhoof tot 4 vm die nag van die bomontploffing?

Volgens die Argentynse joernalis Julio Villalonga, wat 'n studie van die ERP gedoen het, is die groep in groot mate geïnfiltreer deur informante en *agents provocateurs* van die Argentynse Militêre Intelligensie, wat noue bande met die CIA het. Dit was instrukteurs van die Argentynse weermag wat Nicaraguaanse contras in die geheim opgelei het in die vroeë tagtigerjare. Villalonga se boek *Gorriaran: La Tablada y 'Las Guerras de Inteligencia'* en *America Latina* (*La Tablada en "Die Intelligensie-oorloë" in Latyns-Amerika*), wat vanjaar uitgegee is, sê dokumente wat onlangs in Paraguay uitgereik is, onthul dat een lid van die Somoza-moordbende 'n viervoudige agent was, wat tegelyk gerapporteer het aan intelligensie-agentskappe in Kuba, Nicaragua, Paraguay en Chili. Ná die suksesvolle sluipmoord op Somoza, skryf Villalonga, het Gorriaran se groep besluit om hulself uit te huur as sluipmoordenaars om geld in te samel vir hul eie revolusionêre bedrywighede.

TEN TYDE VAN die bomontploffing in La Penca wou die CIA, die contras, die kokaïensmokkelaars en die Sandinistas almal Pastora uit die weg hê. Kan dit wees, soos een van ons vroeë bronne gesê het, dat die aanval in La Penca 'n "kruisstroom van belange" tussen die linkses en die regses verteenwoordig?

Die bevestigde uitkenning van die terroris van

# Explosion at rebel hideout kills four

SAN JOSE (Costa Rica) — A bomb that exploded at a news conference at the secret jungle headquarters of Nicaraguan rebel leader Eden Pastora killed four people and wounded 28, including foreign journalists, the Red Cross said last night.

Mr Pastora, known as "Commander Zero", suffered burns and shrapnel wounds in the Wednesday night blast, which had earlier been blamed for five deaths.

Mr Oscar Robles, the Red Cross chief of national rescue operations, said the discrepancy over the number of fatalities was due to confusion at the scene and in transporting the victims from the Nicaraguan hamlet of La Penca to Costa Rica.

Killed in the explosion were Linda Frazier, a reporter for the English-language Tico Times of San Jose and wife of Associated Press Central American correspondent Joseph B Frazier, and Jorge Quiroz, a Costa Rican television cameraman.

Mr Robles said a guerilla known only by her battle name of "Rosita", who was in charge of the rebel camp near La Penca, and another still unidentified guerilla were also killed.

No group has claimed responsibility for the attack.

The blast happened as reporters crowded around Pastora for a question-and-answer session on the second floor of the wooden house. — Associated Press.

**Só het *The Star* van 1 Junie 1984 oor die ontploffing berig.**

La Penca is 'n groot stap vorentoe. Maar dis nie die einde van die storie nie. Ons stem met ons kollega Julio Villalonga saam: "Vir my is dit nie die einde nie. Dis die begin."

• Tony Avrigan is 'n vryskut-joernalis wat tien jaar lank in Sentraal-Amerika gewoon het. Hy en sy vrou, die joernalis Martha Honey, het die bomplanting in La Penca ondersoek.

© *The Nation News Service*

# die woord wat die lot beklink

*Inteendeel* deur André P Brink. Human en Rousseau, R59,99.

**GERRIT OLIVIER**

WF HERMANS het gesê dat elke skrywer net een roman het wat telkens opnuut geskrywe word; dit is net die manier waarop wat anders is. Hierdie uitspraak kom by 'n mens op by die lees van André P Brink se *Inteendeel*. Die uitgewer verwys na die roman as "seker die mees radikale vernuwing" in Brink se loopbaan, maar by so 'n gevestigde skrywer ontleen die vernuwing sy interessantheid grotendeels aan die wyse waarop bekende temas weer opgeneem word.

Laat ek begin by dit wat die leser tref as herkenbare bemoeienisse in Brink se oeuvre. Uit hierdie kort aanduiding sal blyk dat Brink, getrou aan sy aard en sy enorme belesenheid, die leser ook hier in uiters vindingryke romanstrukture invoer. Die feit dat die boek uit 301 bladsye en presies 300 inskrywings bestaan, laat al klaar 'n uiters deurdagte opbou vermoed.

Soos in *Houd-den-bek* en *'n Oomblik in die wind* gryp Brink terug na die vroeë Kaapse geskiedenis, na die gegewens rondom die flambojante Fransman Estienne Barbier, wat op die tweede titelbladsy benoem word as "soldaat, reisiger, ontdekker, bouer, skribent, leser, latinis, minnaar en leuenaar". *Leuenaar* is die sleutelwoord.

As historiese avontuur en pikareske roman bied *Inteendeel* egter ook 'n blik op die konfrontasie met 'n nuwe vasteland, én op die geskiedenis as speelplaas van morele en eksistensiële konflikte. Aan die Kaap is Barbier besig om deur al sy kleurryke avonture en voortgesette rolle met die owerheid na 'n persoonlike bestemming toe te werk.

As vegter om geregtigheid, maar ook as grootprater en fantas rig hy sy laaste epistel aan die slavin Rosette teenoor wie hy hom so skandelik gedra het. Dat die "Donker Gat" waarin hy gevange gehou word, ook in ander opsigte 'n nulpunt is, blyk uit die ongedateerheid van die brief ("sine die") en die eerste sin, ontleen aan Derrida: "Ek is dood: jy kan nie lees nie: dié sal (daarom) nie 'n brief gewees het nie."

TYDLOOSHEID, 'N DOOD wat nog net op voltrekking wag en die skipbreuk van alle "Bonne-Espérance" is dus die situasie van waaruit Barbier sy brief - wat in die stikdonker letterlik nie geskryf kan word en ook nooit deur die "jy" gelees sal word nie - komponeer. Hierdeur kom daar 'n ander, deurlopende motief tot stand wat aan elke leser van Brink oorbekend sal wees: die aktivering van die (verbeelde) skryfdaad as betekenisgewing.

Barbier se woorde, en dus die hele roman, is *skrif* in die betekenis wat Derrida aan dié begrip heg. Van tyd en selfs van sy eie teenwoordigheid kan Barbier nie seker wees nie, maar hierin vind hy 'n "rare en vreeslike vryheid" (13) waarin net die "storie" oorbly, slegs die aanhoudende en onvoltooide skep van betekenis. Bowendien "vermeenvuldig" die storie "in onvertelbare ander. En selfs dit mag wensdenkery wees. Dalk *word* ek vertel" - ja, deur iemand anders wat oor "wie weet twee-honderd-en-vyftig jaar probeer om *my* te verbeel"! (14)


Barbier vermoed hier 'n radikale ander epistemologie as dié wat in sy tyd gebruiklik was: ook wat dit betref, is hy 'n buitentydse figuur. Dit beteken ook dat die konsep van historiese waarheid by implikasie reeds nog 'n "storie" en verbeeldingsvlug is - en deurgaans in die roman, dikwels met gebruik van die uitdrukking "om die waarheid te sê", word die wankele aard van die waarheid beklemtoon: nie net deur Barbier se neiging om uitspattige heroïese versinsels aan die "waarheid" vooraf te laat gaan nie, maar ook deur die gedienstigheid van taal (kyk die rol van Latyn) aan belange. Wie skryf, lieg altyd, maar skryf is ook vryheid.

LATER IN DIE ROMAN sê Barbier hy is 'n "sentimentalis". Hiermee bely hy 'n hebbelikheid waaraan ander Brink-karakters hulle soms sonder ironie skuldig maak. Dit gee aan hom natuurlik ook die vryheid tot 'n taamlik skoolseunagtige romantisering van Afrika: fabelagtige drome van 'n "geweste anderkant tyd en orde", *terra incognito*, Ulthima Thule, wat kristalliseer in die droom om Monomotapa te bereik.

Die ruimte ontbreek om oor dié metaforisende "storie" van die onbekende uit te wei - maar dis kostelik om te sien dat die Monomotapa wat hier uitgebeeld word, sterk op die Franse stad Orleans lyk! En dit skakel met die bestendige teenwoordigheid van Jeanne d'Arc, Barbier se maagdelike bewaarengel, wat hom op 'n naïewe huishoudelike manier aanspoor om die eindpunt te bereik van dié weiering wat hy in sy aanvanklike "Nee!" uitgeskreeu het.

NAAS DIE WEDUWEES wat vir Barbier op sy omswerwinge as seksuele versnaperinge dien, is daar belangrike vrouefigure: Jeanne wat hom aanpor om steeds vir geregtigheid te veg, Rosette, die slavin wat algaande volkome met die land self vereenselwig word, en Louise Couvret, wat hom so goed verstaan dat sy byna 'n agtiende-eeuse terapeut vir hom word.

Van belang is dat dié drie vrouefigure almal ook letterlik onbekend bly; hulle is die leidsterre na wie Barbier hom rig wanneer 'n weersin in hom begin ontstaan teen die man as geweldenaar teenoor land, vrou en inboorling. Jeanne is die morele steunpilaar in sy volgehoue maar immer mislukte strewe na geregtigheid; Rosette word die vasteland waaraan hy hom in boetedoening onderwerp tydens die laaste van sy drie reise, wat ook 'n reis na binne is.




As sentimentele oordrywer en vegter-verloorder bied Barbier menige momente waarin die leser van *Inteendeel* sig kan verkneukel. Met 'n boek op sak waarin alles moontlik is, Cervantes se *Don Quichote*, word hy 'n plaaslike variant van die maer ridder van La Mancha. Maar sy diepsinnigheid verveel 'n mens ook: sy Afrika-mitologie, en ook sy vroue-mitologie, wat nie so sterk op seksuele eenwording berus as in Brink se ander boeke nie, maar nietemin mitologie bly. En sterk verliteratuurd daarby.

VERDERE ONTLEDING sou kon aantoon hoe Barbier, veral op dié momente waarin sy storie na metafisiese *closure* begin beweeg, sinswendinge en aforistiese samevattings en simbolieke afrondings begin gebruik wat vol eggo's is van Brink se ander ek-vertellers. Daar is 'n oorbekende galm by, en hierbenewens 'n binding van motiewe en idees wat die voorlopigheid waarmee die brief aan Rosette aangekondig word, 'n bietjie na leengoed uit die postmodernisme laat lyk.

In die Donker Gat mag alles grensloos geword het, maar die een ding wat Barbier - en die een wat hom twee-en-'n-half eeu later verbeel - nooit faal nie, is die klinkende en beklinkende woord, waarin sy lot ook as noodwendigheid geformuleer word. ■



Arnold Schwarzenegger as die *Terminator*

# die dodelike amerikaanse films

*Gideon Strauss van die Departement Wysbegeerte, UOVS, skryf:*

Ek verstom my telkens aan William Pretorius se verwarde en ondeeglike kommentaar op die kultuurmaaksels van ons dag - nou weer sy kritiek op Michael Medved se beswaarskrif teen Hollywood, *Hollywood vs America: Popular Culture and the War on Traditional Values* (*Vrye Weekblad*, 8 Julie 1993).

Nie dat ek alles wat Medved sê, kan verteer nie - sy verknogtheid aan "die skone" dui op 'n verbygegane estetika wat die aard van die kunste op 'n verleidelike manier misdui, en sy klagte teen die "te veel" seks en geweld in films van vandag spreek nie die veel groter probleem van hul verbeeldingloosheid aan nie.

Maar as Pretorius nou vir Hitler by die hare wil bysleep asof net sulke mense skoonheid in die kunste hoogag (en dus impliseer dat Medved - 'n ortodokse Jood! - 'n kripto-nazi is), dan bring hy sy eie etiek as kritikus in die gedrang. Dit sou maar dieselfde wees om te sê dat Pretorius 'n Afrikaner is, en dat Verwoerd 'n Afrikaner was, so Pretorius moet 'n rassis wees. Die estetiese tradisie wat skoonheid as die wese van die kunste beskou, is wel verdwaal, maar dit is deur die eeue verteenwoordig deur vele denkers met integriteit.

Dan beweer Pretorius dat die films wat Medved kritiseer nou maar eenmaal die begeertes van die Amerikaner - miskien van alle mense - bevredig: kyk dan hoe maak hulle geld. Maar dit is juis dié argument, en die argument dat hierdie films maar net die werklikheid verbeeld, wat Medved inderdaad oortuigend verkeerd bewys. Hulle maak nié geld nie, veral nie vergeleke met die meer besadigde maar ewe verbeeldinglose gesinsfilms nie, en hulle verbeeld geensins die werklikheid nie.

Dit sou help as Pretorius meer deurdag kon omgaan met dit wat hy wil kritiseer, selfs meer volgehoue krities. Wie wil dan nou voorkom as 'n apologeet vir Rambo? Amerikaanse films ís immers dodelik: maar eerder dodelik vir die verbeelding as vir die moraal van hul gehoor.

*WILLIAM PRETORIUS antwoord: Dankie vir u brief en belangstelling. Ja, Medved se klem op geweld- en seksprente ignoreer die groter probleem van verbeeldinglose Amerikaanse rolprente. 'n Mens moet toegee dat van die prente wat Medved afkeur nie altyd lokettreffers is nie. Maar prente vol geweld en seks soos* Basic Instinct *en Schwarzenegger se* Terminator*-reeks, ongewens volgens Medved, was reuse loket-suksesse.* Indecent Obsession, *wat Medved pas openlik verdoem het, met Robert Redford as 'n ryk sakeman wat 'n miljoen dollar vir 'n aand se seks met Demi Moore aanbied, maak geld soos bossies in Amerika, asook Spielberg se jongste,* Jurassic Park, *wat volgens Medved se standaarde vir geweld afgekeur kan word. Dis vir my 'n duidelike bewys dat Amerikaners wel van dié soort prente hou.*


*Verder, my aanhaling van Hitler was nie 'n aanval op Medved se godsdiens of op hom persoonlik nie, maar het my teleurstelling met sy argumente, die inhoud van sy boek, uitgespreek - miskien te melodramaties, maar 'n joernalis moet 'n indruk in 'n beperkte ruimte maak! Pleks van 'n kreatiewe analise oor redes vir geweld in rolprente, of vars insigte oor huidige Amerikaanse rolprente, gee Medved ons, myns insiens, 'n geykte pleidooi vir "beeldskone" kuns. My aanhaling impliseer dat dié soort pleidooi al gehoor is, met uiters onaangename gevolge vir die kunste.*

*Ek is ook geen apologeet vir Rambo nie. Soos enigiemand wat my "verwarde en ondeeglike kommentaar" ken, sal besef, het ek Rambo en die macho-etos gereeld afgekeur. Maar laat die laaste woord aan Medved self oor. In 'n onlangse onderhoud meen hy resensente wat aanhoudend geweld-en-seks-prente prys, is deel van die probleem - en sekerlik ook diegene wat sy argumente aanval!*

# 'n dierbare dinosourus

*Kaljander van die Karoo* deur Elizabeth van der Merwe, illustrasies: Cora Coetzee. Tafelberg.

**MARTIE MEIRING**



KALJANDER is 'n dierbare, vet, lompe dinosourus wat saam met sy doringtak-stokperdjiemaat, Ritter-die-Ruiter, die Karoo oorkruis op soek na vriende en vreemdelinge. Die goeie, gewillige en welwillende ou dinosourus is presies soos elke kind graag sy gunsteling dinosourus sou wou hê.

Kaljander en Ritter is twee uiters verteerbare moraliste wat selfs aan stekelige turksvyblare nuwe toeganklikheid verleen deur hul onbaatsugtige vriendskap. Die twee ontmoet die Drie Susters (elk met 'n eiesoortige legende) en ook 'n skilpad wat sy hasievriend gehelp het om 'n droogte te oorleef! Hulle gaan deur die pragtige Meiringspoort en tot by die Kangogrotte waar Kaljander helaas besef dat hy nie deur al die grotte weens sy grootte kan wandel nie. Maar, tipies Kaljander, terwyl Ritter alleen verder ondersoek instel, leer hy toe die verskil tussen stalagtiete en stalagmiete!

Elizabeth van der Merwe het dié verhale vir die eerste keer in 1958 gepubliseer en in 1962 is 'n herdruk gemaak. Nou, 35 jaar later, bly die verhale ewe gewild en ewe lighartig stigtelik. Miskien het die hernieude belangstelling en liefde vir dinosourusse met die tweede herdruk te make, maar beslis is daar 'n stewige klomp geografie in wat enige jong kind meer bewus van sy land sal maak. En Cora Coetzee se tekeninge is sjarmant in swart en wit.

# die verbode moralis



Genet betoog in 1968 in Chicago teen die Viëtnam-oorlog

*Genet* deur Edmund White, Chatto and Windus, R103,83.

**WILLIAM PRETORIUS**

JEAN GENET, een van die belangrikste Franse skrywers sedert Proust, is in Suid-Afrika merendeels as dramaturg bekend. Sy romans, *Our Lady of the Flowers*, *Funeral Rites*, *The Miracle of the Rose*, *The Thief's Journal* en *Querelle of Brest*, was tot onlangs verbied.

Dit maak Edmund White se *Genet* dubbeld welkom as 'n deeglike herwaardering van Genet en 'n inleiding tot die lank verbode werk van dié vername literêre figuur.

Hy was homoseksueel, verwyf, 'n weeskind wat 'n prostituut geword het en 'n dief met 'n hartstogtelike liefde vir lees (hy het meestal tweedehandse boeke gesteel). Hy was 'n tyd lank in die tronk, waar hy sy romans geskryf het. Hy was 'n begaafde, passievolle skrywer en het 'n gunsteling geword van intellektuele soos Jean Cocteau, Simone de Beauvoir en Jean-Paul Sartre, wat die 600 bladsye lange *Saint Genet* geskryf het - 'n werk wat Genet se uitgewer, Gallimard, as "twak" beskou het.

Later was Genet 'n voorstander van ongewilde politieke sake soos die radikale Black Panthers in Amerika en die Palestyne. Kort voor sy dood in 1986 het hy die komplekse, outobiografiese *Prisoner of Love* oor dié sake voltooi.

Genet was teenstrydig, veeleisend. White sê hy kon 'n getroue vriend wees, maar hy was ook verraderlik; innemend, maar geneig tot woedebuie en kleinlikheid. Hy was 'n vrouehater, maar het heelparty vroue bevriend. Hy het in weelderige hotelle en in krotte vertoef, en skoonheid bo alles op prys gestel.

Hy was egter ook vrygewig, en het vir sy manlike minnaars en hul gesinne gesorg nadat hulle getroud is. Maar om sy minnaar te wees was om vasgevang te wees in sy obsessies en ambisies, en hy het Abdallah, 'n koorddans-arties, tot selfmoord gedryf nadat 'n besering sy loopbaan tot 'n einde gebring het. Hy is met gesnyde polse gevind, omring deur bloedbevlekte eksemplare van Genet se romans.

WHITE SE HOOFTAAK is om Genet te ontmitologiseer. Sy hoogs gespanne romans, vol mistieke seks, is outobiografies, met, tereg, geen grens tussen feit en fiksie nie - hy was 'n liriese kunstenaar, kreatief. White, self 'n romansier, ontrafel Genet se lewe slim uit die boeke, en wys hoe formidabel sy talente en prestasies was. Onderweg plaas hy Genet in die konteks van sy tyd - die boek is ook 'n kitskursus in die Franse en Amerikaanse geskiedenis, letterkunde en politiek van die laaste tagtig jaar.

Interessant is die hooftema wat na vore kom: dié van Genet as moralis. Sy styl het eweveel belang gegee aan almal en alles: "he avoids easy moralising and prefers to find common themes rather than shocking differences among his characters... this evenhandedness was to become an Olympian reversal of accepted values". Diefstal was nóg goed nóg boos, net 'n menslike handeling. Hy was 'n moralis wat geen perke gestel het nie, die soort wat 'n mens ongemaklik laat voel, omstrede vir die goedgemanierde of bourgeois samelewing.

Dit is ook in sy lewe te sien. Terwyl Genet se "andersheid" hom moreel gemaak het, in staat om uitgeworpenes en underdogs te aanvaar, het dit sy politiek pervers gemaak. In die Tweede Wêreldoorlog het hy by Nazi-soldate sowel as Franse weerstandsvegters geslaap. Toe hy oor die betogings teen die Viëtnam-oorlog verslag doen vir *Esquire*, het hy mense onthuts deur geesdriftig te raak oor die stormende polisiemanne se dye.

WHITE BEWEEG SIMPATIEK en verstandig deur Genet se politiek, prys sy moed en insig, maar wys ook uit wanneer hy sofisties of onduidelik raak. Genet het byvoorbeeld die venynige brutaliteite van Stalinisme as blote "anekdotes" beskou, terwyl hy die Baader-Meinhof-bende skandalig aangeprys het as "heilsaam" - die soort snert wat Shirley MacLaine hier gepraat het oor hoe geweld die land "reinig".

Die mees omstrede aspek van Genet se lewe is sy uitgesproke homoseksualiteit, maar hy was maar net eerlik. Dit het niks te doen gehad met gay lib nie - 'n term wat hy gehaat het. White was dus 'n vreemde keuse vir die biografie: hy is 'n gay, wit Amerikaner, 'n produk van gay liberation; Genet was onbetroubaar, 'n seksuele oortreder, 'n buitestaander, sy lewe en werk vol van die gevaarlike beelde en politieke onkorrektheid wat dikwels deur gay liberation teengestaan word. Maar White is 'n wakker, versigtige biograaf en die twee ontmoet, verrassend, meer dikwels as wat 'n mens dink is moontlik of verwag.




**Nie almal in Amerika is gelukkig met Bill Clinton as president nie. Heelwat van die kritiek kom, verrassend, van die "liberal left", soos dié strokiesprent. Dis uit die Amerikaanse tydskrif *Against the Current*, wat beskryf word as 'n joernaal wat dialoog bevorder tussen "activists, organisers and serious scholars of the Left". Dis nie *Die Huisgenoot* nie. Die tydskrif kos R10 en word plaaslik versprei deur Phambili Books, tel (011) 29-4944.**

# die teater as volkstem

*When People Play People* deur Zakes Mda, Witwatersrand University Press. R66,78.
*And Girls In Their Sunday Dresses* deur Zakes Mda, Witwatersrand University Press. R34,36.

**JOHN MATSHIKIZA**

TEATER in Suid-Afrika, of Suider-Afrika, verkeer onder net soveel druk as op enige ander plek ter wêreld. In sy twee boeke lewer dr Zakes Mda uit sy ervaring as deelnemer aan "teater vir ontwikkeling" en as dramaturg 'n bydrae tot die vraagstukke: wat is teater, vir wie en waarom word dit bedryf, en gaan dit oorlewe?

Soos ander deelnemers aan dié debat laat Mda ons met meer vrae as antwoorde. Dit maak dit vir my moeilik, want ek wil graag oplossings vir die krisis op alle gebiede van die kunste sien - nie deur teorie nie, maar deur die toepassing van nuwe rigtings.

Mda se versameling van vier werke uit sy eie pen, *And Girls In Their Sunday Dresses*, gee ons 'n voorbeeld van sy eie praktiese rigtings in die toneel. Dis 'n versameling van vier verskillende style, waarvan twee nie eens vir die verhoog bedoel is nie. Een word beskryf as 'n "cinepoem" (*The Final Dance*). Die ander is 'n hoorspel, *Banned*, wat in die BBC se Wêrelddiens aangebied is. Dié twee verkennings van die film en die radio is egter duidelik sytakke van Mda se hooftema, die lewende teater, wat verteenwoordig word deur die titelstuk en *Joys of War.*

Die tweede boek, *When People Play People*, is 'n geleerde werk oor die rol van teater in ontwikkelende samelewings. Dis hoofsaaklik gegrond op Mda se eie ervaring in die ontwikkeling van The Theatre of Marotholi, 'n groep wat begin het as 'n uitreik-eenheid van die departement van Engels aan die Universiteit van Lesotho, waar Mda departementshoof was in sy jare van ballingskap.

Albei boeke sal van belang wees vir akademici wat deur 'n taamlik lang, koel teleskoop na die teater in Suider-Afrika kyk. Nie een van die twee bied 'n meesleurende antwoord op die strikvraag wat "teaterwerkers" - soos ons onsself tot ons skande laat noem het - in die gesig staar nie.

DIE STRIKVRAAG, soos Mda dit in die eerste gedeelte van *When People Play People* stel, is: hoe kan "die mense" die mag gegee word om hulself uit te druk deur teater, of trouens in enige ander medium? Die dramaturg, verteenwoordig deur Mda self in 'n stuk soos *And Girls In Their Sunday Dresses*, is een ding. Die aktivis/katalis, soos verteenwoordig in die werk van die Marotholi-groep, is 'n heel ander ding.

In dié opsig weerspreek Mda die dramaturg oënskynlik Mda die aktivistiese akademikus, wat argumenteer dat ware teater vanuit "die mense" self moet kom, deur prosesse van deelname op dorpsvlak, eerder as van buite in die vorm van vooraf geskrewe werke vir gestruktureerde repetisies en opvoering.

Mda se versameling toneeltekste gee ons die werk van 'n dramaturg op soek na vorm, inhoud en subteks in sy eie eensame wêreld. Die mismoedige wêreld van Suider-Afrikaanse vervreemding is die een konstante element.



Maar terwyl Mda se *And Girls In Their Sunday Dresses* ons toegang gee tot die eensame muse onder die druk van ballingskap en die pyn van onteiening, bring sy *When People Play People* ons tot stilstand by teorie. En soos alle respektabele teoretiese werke verskuil dit die werklikheid op die grond, terwyl dit ons die kontoere van die grond in intieme besonderhede wys.

Akademiese beperkinge dwing dr Mda, en andere, tot die verkenning en ontwikkeling van "modelle" wat teater en die wisselwerking daarvan met gemeenskappe verduidelik. Maar teater, en alle kunsvorms, ontwikkel hulself hardkoppig met volslae minagting van dergelike modelle, sodat die pynlik deeglike navorsing baie gou irrelevant word.

'n Bepaalde voorbeeld uit *When People Play People* is die gewilde musiekspel/teater-tradisie van lifela, geïmproviseerde poëtiese wedstryde wat voorgesing word aan waarderende, en hoogs intelligente en kritiese gehore, en in gelyke mate opgevoer word in plattelandse en stedelike Lesotho en in nywerheidsgebiede van Suid-Afrika, waar talle van die lifela-digters as trekarbeiders 'n bestaan maak.

Net een van die toneelstukke wat in *When People Play People* herdruk word, probeer die lewende tradisie van lifela binne die toneelstuk se struktuur ontwikkel. Dit lyk vir my of lifela en ander idiome die grondslag behoort te wees van 'n hele beweging van ontwikkelingsteater, nie net vir "teater-vir ontwikkeling" nie, maar vir die groei van 'n klassieke Suider-Afrikaanse teater waarvan die kiem al daar is.

Marotholi het al waardevolle werk gedoen deur "stemlose gemeenskappe" in Lesotho te bereik en Mda se twee volumes weerspieël sommige van die resultate van dié werk.

MAAR, SOOS MDA self sê, die metode om teater na die "mense" te bring en hulle aan te moedig om in hul alledaagse stryde daarvan gebruik te maak, is potensieel so onbevrydend soos die "van-bo-af-ondertoe" metodes van regeringsveldtogte oor, sê maar, geletterdheid of gesondheid.

"Die mense", in Lesotho, in Suid-Afrika, of enige ander plek, het hul eie verfynde vorms van kunstige kommunikasie, wat ook vermaaklik is. Dit is vorms wat ondersteun moet word en waaruit al ons sukkelende dramaturge iets kan leer.

Die waarde van Mda se werk lê daarin dat dit sommige van dié vorms aan ons bekendstel. Maar ek hoop hy sal in die toekoms vir ons meer voorbeelde uit die te min waardeerde populêre kultuur verskaf waaruit ons kan leer - en minder gedoemde "modelle" wat aan die nuuskierigheid van akademici gerig is.

# die vrae waarvoor mense te bang is

deur beverley mitchell

## Met haar toneelstuk ***'n Koffer in die Kas*** kry Jeanne Goosen dit reg om Suid-Afrikaners te laat nadink oor indringende vrae - sonder dat hulle afgeskrik word deur 'politieke teater'



**Jeanne Goosen: "Ons sal nog moet stof vreet"**

"ONS sal sit in ons fokken skuldgevoelens, ons kak inhou en dit broei in ons derms, en daai eiers sal ons uitbroei vir die volgende paar geslagte." Aldus Jeanne Goosen, wat net drie uur geneem het om *'n Koffer in die Kas* te skryf.

Dié toneelstuk, beskryf as "die hoogtepunt van Afrikaanse teater vanjaar", is besig om 'n nuwe rigting in Suid-Afrikaanse teater in te stel - al is dit 'n politieke stuk met 'n boodskap, vind dit aanklank by baie mense. Hoe het Goosen dít reggekry?

In die verlede het politieke teater mense afgeskrik omdat dit gepreek het. En juis hierin lê Goosen se resep vir sukses: 'n stuk met 'n politieke boodskap wat reguit bors toe slaan - sonder om te preek.

"Teater moes nog nóóit gepreek het nie, dis pedanties, vervelig, dis die plig van die teoloë, van die dominees," sê Goosen. "Dit moet terreur, anders praat jy net met die converted."

Maar teater is ook nie daar om oplossings te bied nie, dit "moet 'n spieëlbeeld van die werklikheid wees waar probleme blootgelê word," sê Gerrit Schoonhoven, regisseur van die stuk. "Jy moet die ball in die gehoor se court gooi."

GOOSEN SÊ SY het lankal die idee vir dié stuk gehad, maar net vir die gepaste tyd gewag. En die gepaste tyd was die aanbreek van die Nuwe Suid-Afrika waar almal nou bely en sê apartheid is iets van die verlede.

Maar is dit werklik agter die rug? vra sy. "Ek dink nie dis verby nie. Daar word nog altyd oor die Holocaust geskryf, al is die Tweede Wêreldoorlog meer as veertig jaar verby. Die Holocaust het 'n paar jaar geduur; apartheid was 'n uitmergelende pyniging wat dekades geduur het. Ek dink nie ons gaan so maklik daarvan afkom nie."

En dís waarom sy meen geslagte ná ons sal nóg oor apartheid skryf.

Goosen stel 'n belangrike vraag in die stuk: Almal vra nou om vergifnis, almal huil, almal wil met mekaar praat, maar kan witmense verwag dat swartmense so gou gaan vergewe?

"Ons sal nog moet stof vreet in dié land," sê Goosen. "Van geboorte af is ons siele ons ontneem. As jy matriek geslaag het, is jy afgestomp tot algehele normaliteit. Die dissidente is die odd-ones-out, hulle is die lastigheid wat gestraf moet word. Jou sertifikaat om gelukkig te kan lewe, om 'n huis te kan bekostig, om 'n pelsjas te kan dra, om elke dag vleis te kan eet, kon jy net kry as jy afstomping aanvaar het. Deur ons marvellous onderwysstelsel, afgestomp tot normaliteit. Verwoerd se tesis is dan daaroor geskryf: *Die Afstomping van die Gevoel.*

"Geen wonder dis 'n uitputtende land nie. Miskien is Jesus Christus ons enigste redding. At least vermeerder die vissies en brood."

DIE STUK SLAAG ook omdat dit nie net een dimensie het nie - dit vind plaas op verskillende vlakke. Aan die een kant gaan dit oor die politiek, die gebrek aan kommunikasie tussen wit en swart in Suid-Afrika, uitgebeeld deur die stilte van die swart man in die kas. Aan die ander kant gaan dit ook oor die mens se kommunikasie met sy donker kant - waar jy voor jou bewuste en onbewuste vrese te staan kom - jou "ongevraagde en onverdiende" rassistiese reflekse, jou eie desperate eensaamheid en die sake wat jou daagliks met frustrasie en hulpeloosheid omvou. Dit is dié vlak wat lank in 'n mens se geheue bly. Die stuk stel vrae wat jy net vir jouself sou gevra het. Dinge wat jy nooit vir enige ander mens eens sou kon fluister nie. Maar Goosen neem dié vrae en maak dit publieke eiendom.

*'N KOFFER in die Kas* se einde stel ook baie vrae. Sommige mense sal meen dit is 'n bietjie negatief. Die swart man weier om met die wit vrou te kommunikeer. Hy loop weg terwyl sy hom terugroep: "John, please come back, I need you!"

Maar Goosen meen dit is nie eintlik negatief nie. "As 'n mens kyk, is dit die swart man wat uit die kas klim. En dis die wit vrou wat in die kas bly. Dis die wit persoon wat die kasdeur oopmaak vir die swarte om vry te leef. Maar nie die wit persoon wat in daai sin die voorregte gee nie, dis sy vertwyfeling wat die swart man eien in daai kas, en wat hom vry maak om uit te stap as vry mens. Dit sou onrealisties wees om dit 'n totale positiewe einde te gee. Dis te maklik."

Maar as die swart man net één woord gepraat het, sou die stuk 'n oplossing aangebied het. Goosen sê die trauma van post-apartheid is 'n wit probleem. "Swartmense vertrou nie maklik witmense se confessions nie. Ons probeer almal verstaan, ons probeer ons so dood verstaan dat ons eintlik fokkol verstaan nie. Ons diagnoseer dit dood. Ons almal se probleem is dat ons so baie praat. Ek self is skuldig. Ons luister nie meer nie. Die vraag is, het ons al óóit geluister?"

Daar moet dus nou 'n poging wees om te leer kommunikeer. Apartheid het ons van mekaar vervreem. Dit gaan 'n lang pad wees. In die stuk kom die poging om te kommunikeer van die wit kant af. "Dit is nie net die regstreekste poging om te probeer kommunikeer nie, maar die ironie is juis dat die blanke se twyfel die gaping gee vir die swarte in die kas om uit te stap en met sy nuwe Afrika aan te pas. Dit is die vrou, wat die blanke versinnebeeld, wat nou sal moet agterna kom. En come hell or high water, dit gaan óf hel óf utopia wees," voorspel Goosen.

Dié stuk gaan baie mense aanraak want dit is persoonlik. Dit gaan binnekort in die Kaap en op die platteland toer. Die reaksie op die platteland sal interessant wees om dop te hou want dáár is dié boodskap noodsaaklik. ■

# die engel agter die muur

deur christi van der westhuizen

## Jane Campion se rolprent *An Angel at my Table* laat jou kennismaak met 'n merkwaardige vrou waarin die skeppende vlam byna geblus is deur brutale skok-terapie



**Alexia Keogh as die jong Janet**

JANE CAMPION beweeg: in 1986 het sy in Cannes die Goue Palm-prys vir die beste kort film ontvang vir haar *Peel* - 'n film wat sy as eerstejaar-student geregisseer het. Haar stroom kort films wat hierop gevolg het (*Passionless Moments, A Girl's Own Story, After Hours* en *Two Friends*) is met verskeie Australiese pryse bekroon.

In 1989 het haar eerste vollengte film, *Sweetie*, gemengde reaksie ontlok by die Cannes-filmfees: die Franse het dit blykbaar gehaat, terwyl ander kritici mal was daaroor. *An Angel at my Table*, haar 1990-film oor die Nieu-Seelandse skrywer Janet Frame wat nou in Suid-Afrika open, het agt Venesiese filmpryse gewen. Vanjaar het haar *The Piano*, wat as 'n Gotiese romanse beskryf word, die Goue Palm vir die beste film gewen.

'n Indrukwekkende loopbaan - soos dit 'n inspirerende regisseur betaam. "Toe ek die Australiese filmskool verlaat het, het ek gedink niemand sal my toelaat om kommersieel die soort films te maak wat ek daar gemaak het nie - hulle was te vreemd of ongewoon," vertel Campion. "Maar nadat my skoolfilms by Cannes gewys is en die ontvangs daarvan sterker was as vir die meer 'normale' werk wat ek gedoen het, het ek besef daar is 'n gehoor vir my om myself te wees."

MET *AN ANGEL* het Campion 'n onderwerp aangedurf wat uit die staanspoor by filmgangers, gevoed op 'n dieet van snelbewegende Hollywoodprente, ongewild kan wees. Die films is gegrond op Janet Frame se trilogie outobiografieë: *To the Is-land, An Angel at my Table* en *The Envoy from Mirror City*. Ons volg Frame se lewe vandat sy as 'n mollige, intelligente kind verdiep raak in poësie; deur haar adolessensie waar tragedie toeslaan; haar studiejare in onderwys; haar diagnose as skisofreen en gevolglike opname in 'n sanatorium; haar reis na Europa waar sy deurmekaar raak met die *avant garde* van die vyftigerjare.

Campion was ongemaklik oor *An Angel* in rolprentvorm omdat die film oorspronklik - in drie uitgawes - vir TV gemaak is. By die première was die gehoor se reaksie oorweldigend positief.

Campion buig nie voor die bestaande voorkeure vir aantreklike akteurs in films nie: Frame - as 'n uiters teruggetrokke en onbeholpe mens - is nie jou tipiese filmheldin nie. Sy beeld die ongewone vrou menslik uit - met 'n merkwaardige sensitiwiteit, sonder om in sentimentaliteit te verval. Die komplekse omstandighede van Frame se lewe word helder weergegee. Campion is subtiel: aksie en uitdrukkings moet genoegsaam tot die kyker spreek. Hoewel die film nie langdradig is nie, moet die kyker konsentreer om by te bly.

Die kyker ontwikkel 'n ongewone deernis vir die karakter - ongewoon, want Frame behoort tot 'n seldsame spesie mens: sy raak al hoe meer verstrengel in die slierte van isolasie - in dié mate dat sy nie kan aanklank vind by mense nie. Sy is verstoot, sink weg in haarself met boeke as haar enigste uitlaatklep, en is dan, as gevolg van 'n gebrek aan identifikasie met mense, pynlik verbouereerd as sy wel met mense in aanraking kom.

Skisofrenie is gediagnoseer toe Frame - met die hulp van 'n "besorgde" dosent - in die sanatorium beland het. Die gedagte dat sy aan skisofrenie ly, het haar agt jaar lank lamgelê. In dié tyd het sy meer as 200 elektriese skokbehandelings ontvang. Op die vooraand van 'n eksperimentele leukotomie (die chirurgiese beskadiging van wit senuweevesels in die brein) wen Frame se eerste boek, *The Lagoon*, 'n belangrike literêre prys en red haar só van 'n operasie wat moontlik al haar kreatiwiteit kon gedoof het. Mens hoef slegs aan Frances Farmer te dink om te besef wat die uitwerking van destydse eksperimentele psigo-chirurgiese operasies was. Kerry Fox, die hoofspeler, druk die wonder van Frame as skrywer só uit: "From Janet I got the underlying essence of the words, what words could do and how they could fire the imagination."

Campion beskryf haar reaksie op Frame se *To the Is-land* só: "Ek het gelag en gehuil, verbaas om deur sulke eenvoudige - en oënskynlik naïewe - skryfwerk geroer te word." Nadat sy Frame ontmoet het, het sy besef dis te danke aan "'n unieke mengsel van haar reguit, kinderlike varsheid, tesame met 'n hoogs ontwikkelde en deeglik opgevoede brein. Die eenvoudige sjarme van die boek was geen ongeluk nie; dit is doelbewus uitgewerk."

Frame is lank as die "mal skrywer" van Nieu-Seeland gesien. Met haar outobiografieë draai sy dié mite die nek om en bied terselfdertyd aan mense wat haar nie ken nie, die kans om insig te verkry in die lewe van 'n uitsonderlike individu - en natuurlik mense oor die algemeen. Menseverhoudinge is belangrik vir Campion: sy hoop om dit op volwasse en deurdagte wyse te interpreteer - en om "komplekse goed meer eenvoudig te maak".

*An Angel* kan gesien word as 'n vrouefilm: 'n prent waarin vroue se gedagtes en aspirasies sentraal staan. Fox sê die film was "very much a woman's baby". "Op stel is daar geen ego toegelaat nie. Alles is bespreek, uitgesorteer en verwerk. Daar was totale samewerking."

Campion maak geen eksplisiet feministiese statements nie. Die film bring wel 'n vrou wat onverklaarbaar onbekend is, na vore. En te danke aan die bewussyn van 'n regisseur soos Campion haal 'n belangrike figuur in die geheime geskiedenis van vroue uiteindelik die silwerdoek.

**Janet Frame (Kerry Fox) in Londen**



met *nettie pikeur*

# eet tamaties op straat want dis vakansie in die lente

DIT was 'n lang, koue, nat winter, soos Snoopy sou sê. En dalk is dit nog nie verby nie. Maar my bro', nou skyn die son, die taxi's se kollekte-boys skree "Kaap toe! Kaap toe!" by die venster uit, die water skitter want dit is springty, en almal is vrolik. Boonop verskyn die mooiste tamaties op die mark, en 'n tamatieslaai met feta, olywe en 'n vinaigrette is puur lentekos.

Maar kom ons begin voor. Mies Pikeur het vakansie gaan hou, net so 'n dag of vyf, 'n spring break. En 'n regte Kaapse vakansie met die liewe Patrys-van-Montagu deurgebring. Ons het planetarium toe gegaan, straatkos geëet (ag, dit ruik altyd lekkerder as wat dit proe), espresso's by die Keniaanse koffiewinkel gedrink tot ons oë stokstyf staan, ou post-hippie pals op Groenmarkplein gaan opsoek, en tamaties vir Afrika geëet - sommerso op straat uit die rand-a-bag, soos vrugte.

En ook die lente se eerste Bloody Mary's gedrink. Soos ek al vantevore gesê het, Raymund van Niekerk maak die beste Bloody's in die land, maar die een wat ek by die Ambassador se kroeg gedrink het, was ook eersteklas.

Die klassieke een maak jy so: Eers is jy kieskeurig oor jou tamatiesap. Hall's is nog die beste. My tweede keuse is dié van Ceres in die klein koeldrankpakkie, net genoeg vir een glasvol. Jy maak eers jou sap deur dit te meng met 'n goeie lepelvol suurlemoensap, twee draaie swartpeper, Tabasco na smaak (wanneer jy 'n Pikeur nooi vir 'n Bloody, kan dit maar brand van die Tobasco), en 'n titseltjie sout. Gooi in 'n glas. Nou voeg jy twee stywe skeute vodka by (die soort maak nie saak nie, man, hou jou Stolichnaya vir skoon drink) asook één teelepel droë sjerrie. Meng goed, en drink met smaak op.

Nou kom ons by die klassieke gestry tussen blik- en vars tamaties. Jy kan nie stry dat bliktamaties wonderlik is om mee te kook nie, veral as jy die Italiaanse ingevoerde soort kan bekostig. Maar feit is steeds, hulle gebruik die klein, geurige peertamaties vir inmaak en los vir ons die groot, vlesige krieketballe om vars te eet. Kweek dus jou eie tamaties, soos Henry Nolte probeer maak, behalwe die ruspes vreet als op.

As jy die dag op special 'n paar blikke heel tamaties gekoop het, maak die gekruide Indiese sous. Gooi dit oor 'n potjie rys, of eet by braaivleis.

## TAMATIE-BAT

Verhit bietjie olie in 'n diep pan. Braai 12 kasjoeneute, 2 eetlepels pienk lensies (olie-dal), 'n teelepel papawersaad, 1 eetlepel koljandersaad (fyngestamp), 1 teelepel fyn komynsaad en 1 of 2 rissies na smaak. Braai 5 minute saam, en gooi alles deur die menger.

Verhit nog 'n bietjie olie in die pan, voeg 1 eetlepel mosterdsaad (nee, ek weet nie hoekom apart nie), die pasta uit die menger, 2 blikke heel tamaties en sout na smaak by. Kook 15 minute tot die sous dik word. Dit kan warm of koud bedien word.

So gepraat van tamatieslaai, twee sake moet hier aandag kry: mozzarella en vinaigrette. Mozzarella is heerlike sagte Italiaanse kaas, eintlik gemaak van buffelmelk, maar hier seker van gewone koeimelk. Met die gevolg dat dit taamlik smaakloos is en opgedress moet word. Onthou dit tog as jy tamatie-en-mozzarellaslaai voorsit. Skyfies tamatie tussen die skywe kaas lyk mooi, maar dit benodig 'n skerp vinaigrette om die nodige geur en smaak te gee.

En vergeet van daai bottel-slaaisouse. Hulle dien geen doel op aarde nie. Is jy te lui om drie lepels olie te meng met 'n lepel asyn, sout en peper? Slaaisous in 'n bottel skif naderhand, en die kruie wat hulle daar ingooi, smaak soos gras. Snipper jou eie strooisel chives oor die slaai, en onthou om sommer nou al basiliekruid vir die somer te plant (baie son, elke dag water, geen wind nie).

Louis Leipoldt gee 'n interessante resep vir tamaties: Vul die uitgeholde helftes met gekerfde sampioene (hy noem hulle swamme), gemeng met broodkrummels, sout en peper. Bak in die oond.

Een van die min kere dat ek en Patrys dié vakansie by die huis geëet het, het ek vinnig 'n hoendergereg gemaak met alles wat in die kombuis was.

## HOENDER-EN-TAMATIEGEBAK

Sny 'n heel hoender rugkant oop en druk hom plat. Plaas onder in 'n gesmeerde plat oondskottel. Smeer die kip met olyfolie én botter en geur met paprika en sout. Sny sulke dik skywe uie oor en pak langsaan, en maak ook so met ryp tamaties (ek het nie eens gebodder met afskil nie) asook pynappelstukke.

Twee eetlepels sojasous en 'n koppievol witwyn word ook bo-oor gegooi, en die hele pot gaan vir anderhalf uur onder 'n deksel oond toe.

Patrys het die half vreemde mengsel van soet pynappel, hoender en tamaties baie geniet, en die volgende dag het ek vir hom padkos daarvan gemaak van rogtoebroodjies. Hy het hulle opgeëet nog vóór hulle in die kar geklim het.

'n Klassieke tamatiesous is 'n wonderlike standby vir pasta. Hier is 'n resep wat jy een Sondagoggend, Bloody Mary in die hand, in die groot swart pot drievoudig kan maak. Bedien een derde met maalvleis oor pasta vir middagete, verdeel die res in twee, of in porsies, en vries.

## KLASSIEKE TAMATIESOUS

Verhit 'n kwartkoppie olie in die swaarboompot. Voeg twee gekapte uie, 3 huisies gekapte knoffel, 3 stokke gekapte seldery en 2 groot gekapte wortels by en braai 3 minute. Voeg sowat 1 kg vars tamaties of 4 blikke heel tamaties, asook 1 klein blikkie tamatiepasta by, met 'n halwe koppie water, 'n halwe koppie wit- of rooiwyn en 1 eetlepel suiker.

Nou die kruie - gemengde Italiaanse kruie uit 'n botteltjie is nie die beste nie, maar dis geurig. Anders gaan kyk wat kom in die tuin op: marjolein, grasuie, winter-bonekruid, wat ookal. Ook 1 stokkie kaneel, wat jy later uithaal. Sout en peper na smaak.

Prut alles saam en roer vir sowat 1 uur tot effens verdik. Proe weer - nog sout, nog kruie? Dit moet geurig ruik én proe.

As dit klaar is, sit die deksel op die pot, trek van die stoof af, en skink vir jou 'n gin & tonic. Dis genoeg tamatie vir een dag.

# resensies
## films

deur christi van der westhuizen

★★★★★Voortreflik
★★★★Sterk aanbeveel
★★★Sien gerus
★★So-so
★Vermy as jy nugter is

### onafskeidbares skei

**★★★★★ *INDOCHINE***

"In ons jeug het ons gedink die wêreld bestaan uit onafskeidbare goed: man en vrou, die mens en God, Frankryk en Indochina." Dié woorde omvat *Indochine*, 'n epiese film wat afspeel in die 1930s, die laaste dae van Franse koloniale heerskappy in Indochina (vandag Viëtnam). Die skeiding van die twee "onafskeidbares" word versinnebeeld in die verhouding tussen Eliane, 'n Franse rubberplantboer, en haar aangenome dogter Camille, die kind van Viëtnamese koninklikes. Dramatiese en bloedige verwikkelinge lei tot Camille se insig in haar land se predikament en die besef dat sy haar nie langer met haar eie welvarende verlede kan vereenselwig nie. Soos wat die Franse kolonialiste die bome leegbloei vir rubber, só bloei hulle die land en die mense leeg van alle menswaardigheid.

Regisseur Régis Wargnier betrek die kyker op politieke én persoonlike vlak: terwyl die film indringend kyk na die gruwelike geskiedenis van Frankryk in Indochina, word die persoonlike transformasie van die mense daarin vasgevang, boeiend belig. Aan romantiek skiet dit nie te kort nie: Camille ontdek "ewige liefde" by Jean-Baptiste, 'n vlootoffisier waarby Eliane ook seksueel betrokke is. Jean-Baptiste simboliseer Franse ideale van imperiale grootsheid. Sy liefde vir Camille bring hom tot ander insigte. Die spel is deurgaans meesleurend: Catherine Deneuve speel die emosioneel onderdrukte Eliane met ysige flair; Linh Dan Pham is roerend as Camille; Vincent Perez vertolk die ontluiking van Jean-Baptiste met oorgawe. Die kinematografie is esteties en toepaslik grandioos; die verhaal gryp jou aan sonder om sentimenteel, kitsch of voorspelbaar te raak.



**Linh Dan Pham en Catherine Deneuve in *Indochine***

### somber komedie

**★★★ *LE ZÈBRE (THE ODDBALL)***

Jean Poiret durf in *Le Zèbre* 'n tema aan wat menige minnaar kwel: die verdamping van hartstog. Die eksentrieke Hippolyte (Thierry Lhermitte) probeer sy huwelik 'n maanskyn-en-rose-inspuiting gee. Ongelukkig is sy tydsberekening effens uit: sy 15 jaar oue huwelik is verbasend gelukkig. Dié lighartige film ontaard sonder rede in 'n somber verhaal oor hoe vernietigend mense kan optree. Die film is dus merendeels vermaaklik - die slottonele, waar Hippolyte se geesdrif tot manie verword, is 'n antiklimaks. Die film is seker as tragi-komedie beoog: ongelukkig oorskadu die komiese die tragiese so dat laasgenoemde slegs irriteer.

### mens ontdek mens

**★★★ *LOVE FIELD***

'n Blonde Michelle Pfeiffer speel Lurene wat in die Kennedys iets verhewe vind buite die smerige roetine van haar bestaan. 'n Ontmoeting met Paul, 'n African-American (Dennis Haysbert) en sy kind skommel albei se perspektief van die wêreld ru. Dis 1963 en terwyl rassehaat bloei, ontdek Lurene en Paul mekaar se menslikheid - soos hulle mekaar ontdek, ontdek die kyker hulle. Jonathan Kaplan (regisseur van *The Accused*) verdiep hom nie in die ideologiese tweespalt nie, maar in die menslike. Pfeiffer se gevoelvolle vertoning bewys weer haar veelsydigheid as akteur.

### komiese regstelling

**★★★ *JUST LIKE A WOMAN***


Gerald (Adrian Pasdar), 'n suksesvolle sakeman, het 'n frillerige klein geheim: hy hou daarvan om in vroueklere op te tert. Regisseur Christopher Monger verlustig hom egter nie in die sensasionele sappigheid van die onderwerp nie - dis wel 'n simpatieke, soms komiese kyk na transvestisme en ruim die mistasting dat alle transvestiete histeriese drag queens is, versigtig uit die weg.

# teater
## teater vir afrika

deur beverley mitchell

MET die opening van The New Black Sun en die Arts


*Orrelmusiek* IS STEUREND



*r a d i o s o n*

LINDSAY SMITHERS-FCB 5898/1/A



Michelle Pfeiffer in *Love Field*



Thierry Lhermitte en Caroline Cellier in *Le Zèbre*



Megan Davies met haar verwoestende towerstaf.



Manu Dibango

Alive Festival woel teater in Johannesburg. Verbeel jou, 'n 82-jarige goeie fee wat 'n towerstaf soos 'n AK-47 rondswaai (en dis 'n lethal weapon, jong), 'n afwykende wat sommer so met sy dinges voor almal staan en speel en 'n opvoering wat rassisme tussen swartes uitbeeld. Hopelik is dié verskeidenheid nie van korte duur nie.

*Cinderella - de tru storie,* waarin die skreeusnaakse golden oldie Megan Davies die goeie-fee-met-a-mission speel - is opgevoer deur 'n afgetrede groep amateurspelers, Die Bougainvilla Spelers. Seemagtig, omdat hulle vir die eerste keer voor 'n "intellektuele" gehoor speel, kwyt dié spelers hulle nogtans, op 'n lagwekkende manier, goed van hul taak. Dié energie en geesdrif het ek lanklaas gesien.

*Wankers*, deur Ismail Mahomed, laat die vel kriewel: dit ontbloot die ontaarde psige van die seksueel afwykende. Francois Coertze lewer boeiende spel wat soms onwillige simpatie uitlok. *Wankers* is meer as 'n sielkundige studie met 'n ietwat wellustige trek. Daar ís dramatiese ontwikkeling en 'n *dénouement* wat 'n onstellende vraag stel. Die vrou is vermoor. Is Alex bewus, of onbewus, verantwoordelik? Of is hy maar net die ironiese prooi van sy eie intrige?

*Maru,* 'n verwerking van Bessie Head se briljante roman oor rassisme tussen swartmense, stel teleur. Walter Chakela, regisseur en verwerker, het moontlik nie die pynlike ingewikkeldheid van Head se verhaal verstaan nie. In 1964 het sy uit Suid-Afrika na Serowe, Botswana gereis waar sy sélf 'n slagoffer van die rassisme en misbruike van Motswana-mans was. Chakela se karakters het geen egte kern nie - hulle is meestal stereotipes wat hul lyne uitgalm met min uitdrukking (behalwe Nomsa Nene, wat Margaret speel). Dit lyk ook asof Chakela net 'n paar sketse uit die roman saamgesnoer het, en belangrike temas verloor het.


* *Cinderella* is binnekort in Gold Reef City en die Lenasia Burgersentrum te sien; *Maru* is nou in die Windybrow-teater te sien; en *Wankers* in The New Black Sun.

## opregte rebellie

*Dead slugs and strawberries?* Dis elke individu se persepsie van die realiteit, volgens R Kipling in Anton Calitz se gelyknamige vertoning. In Calitz se musikale improvisasies en monoloë is dieselfde satire en ideologie; soms na aan swart humor. Calitz 'n hiperbewuste waarnemer binne die sosio-politieke realiteit van SA - tog verval *Dead Slugs* nooit in cliché-agtige versetteater nie. Die varsheid en opregtheid van sy vertoning maak Calitz 'n buitengewone musikant wat nie skroom om vernuwend met sy musiek, lirieke en pretensielose menings om te gaan nie. 'n Vyfstervertoning. - Kobie le Grange

**MANU DIBANGO,** die wêreldbekende jazz musikant van Kameroen het gister (Woensdag) in Suid-Afrika aangekom. Sy vertonings is soos volg: 16 & 17 September, Electric Workshop, Johannesburg; 18 September, Soweto, Vista Arenaskou; 24 & 25 September, Universiteit van Wes-Kaap. Hy sal ook deelneem aan 'n paar werkwinkels in Kaapstad en Johannesburg.


# EN OPRUIEND.



***As Johannes Kerkorrel laat waai, gaan party mense se harte staan. Ander se voete begin jeuk. Afrikaanse musiek is lankal nie meer 'n eentoondeuntjie nie. Want Afrikaanssprekendes dans nie meer almal na dieselfde pype nie.***

***Die klanke het uitgespat in 'n duisternis nuwe rigtings en by Afrikaans Stereo vang ons dit alles op. Ons luister met 'n fyn oor en voer jou die beste terug. In stereo. Simfonieë, nuwe klanke, volkswysies uit 'n verre, vergete verlede, jong stemme, vars stemme, kabaret, musiek uit die stamlande, wysies van oral.***

***Ons lei jou 'n hele nuwe wêreld binne en vertel jou dinge oor musiek, oud en nuut, wat jou ore sal laat tuit.***

***Ons dink onafhanklik en ons saai landwyd uit op 100/104 FM: Diepteprogramme, insigprogramme, nuus, musiek, drama, humor. Ons is reg om 'n hele paar nuwe snare te roer.***

AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

***d e r g r e n s e***

# wynproe

deur henry nolte

## magiese muskadel



MOEKIE kan nie verstaan hoekom ek so te kere gaan oor muskadel nie. "Jy drink nooit verder as een glas as daar meer as 3,8 gm\l suiker in enige wyn is nie."

Muskadel is in ieder geval nie wyn nie, betoog sy. Want die burokratiese definisie aanvaar dat wyn uit "gegiste druiwesap" bestaan. Sy het 'n punt. Muskadel is eintlik maar druiwesap wat met 'n goeie brandewyn gefortifiseer word. Maar dis ook nie heeltemal so eenvoudig nie.

Vir muskadel swaai ek graag die vlag. Miskien maar my koloniale afkoms. Want dis muskadeldruiwe waarmee Jan van Riebeeck onse land se eerste wyn gemaak het. Nou nie soet muskadel soos ons hom vandag ken nie, maar wel die grondslag van die destyds beroemde Constantia-wyne. Muskadel is so uniek Suid-Afrikaans as kan kom.

(Ross Gower maak deesdae 'n wonderlike Vin de Constance in dieselfde styl op Klein Constantia. Die druiwe is muscat de frontignan. Pragtige ouderwetse botteltjies wat sowat R30 kos.)

Maar as Montagu kan muskadelfees vier, weet ons dis die ding om te drink laat-winteraande in die Boland.

'n Goeie muskadel - en daar is vele - is nektar wat die hart, siel en lyf met poëtiese warmte versterk. Voor 'n maaltyd as aptytwekker of vernoeglik met die kaas daarna. Of sommer 'n bottel voor die kaggel saam met die rugbytoets. (Pasop vir sy alkohol met 17-18 persent!)

'n Onlangse media-uitreiking vertel so effens meerderwaardig hoe "geliefd (muskadel) onder vissermanne en boere" is. Ek kan jou sê ek weet van voorste yuppies wat daardie duur grand KWV-nommers met groot plesier uithaal!

Maar my plesier lê aan die algemeen voortreflike goedkoop genot wat muskadel bied. Vat nou maar die pryswenners van Wilhelm Linde van Nuy se wynkoöp. Sy wit en sy rooi muskadel staan albei jaar ná jaar in die voorste gestoeltes. Die jongste 1991-oesjaar kos R10,99 by Picardi. En op die Nederburg-veiling had ons twee jaar gelede 'n paar kissies wit kon bekom teen net oor die R16 'n bottel. Weelderige waarde, die!

Want hoewel 'n mens goedgemaakte muskadel jonk kan drink, bring ouderdom - soos in ander dinge - meer komplekse plesier. Soos daardie 1983 Nuy van die Nederburg-veiling. Vandag is dit pure neute, rosyne, heuning sonder dat dit aan jou verhemelte vassit.

En hoe ouer, hoe beter skynbaar. As die brandewyn-fortifisering in harmonie is met die suiker en suur, kan die wyn teoreties vir altyd behoue bly.

Nuy se geweste is goeie aarde vir muskadel. Dis nou die pad vanaf Worcester. En nog 'n koöpkelder langs dié pad maak topmuskadel.

Dassie Smit se Rooiberg, rooi muskadel, is ryk en ongewoon omdat 'n mens selfs tropiese vrugtegeure optel. Die jonge 1992 oesjaar het pas die Wyn van die Maand gewen en kos van die klub net R7,90 'n bottel. Probeer dié rooi muskadel met 'n lekker lamskerrie.

Verder na Robertson, in die Klaasvoogdsvallei, maak Johnny Burger 'n klassieke rooi muskadel in 'n klas van sy eie. Met "breeding" soos die Ingelse sou sê, want die landgoed Rietvallei behoort sedert 1864 aan die gesin en Johnny se oupagrootjie het die eerste muskadel aangeplant. Pure familietradisie dus.

En watter muskadel! Geen wonder die 1988 (R14,50 by Picardi) het pas 'n goue medalje op die internasionale wyn en spirituskompetisie gewen nie. Dis amberkleurig met 'n komplekse elegansie van verskeie sensuele smake en fluweelsagte aromas. 'n Mens wil doodeenvoudig meer en meer daarvan drink.

# ontdek 'n eetplek

## 'n salige paradysie



Café Paradiso,
Kloofstraat,
Kaapstad. Gelisensieer.

**JOAN HAMBIDGE**

DIS nie 'n kafee in die oorspronklike sin van die woord nie, hoewel jy ook hier 'n wonderbaarlike Mediterreense brood kan koop, eksotiese koffies, kase en dies meer. En daar is niks lekkerder as om ná werk 'n drankie te drink met 'n vriendin en na die papier-mâché-kwaliteit van Tafelberg te staar nie. Enige oomblik, nou, kan die berg dalk omval soos 'n agtergrondtoneel in 'n skoolproduksie.

Die Café Paradiso se spyskaart is aan my goed bekend. Hulle koektafel is smullend lekker en 'n liewe kelnerin het selfs eendag klein stukkies van alles aangedra omdat ons nie kon besluit nie. In 'n stadium was daar 'n "Meraai se pie" op die spyskaart. Bring terug, bring terug want dié hoenderpastei was net gevleuelde dier met g'n niks bykomstig in die pastei nie. Joe.

Ons was verlede Saterdag drie mense wat 'n láng middagete gedoen het en drie bottels wit wyn kafgedraf het. 'n Weltevrede Blanc Fumé (R19,95) en twee Klein Constantia Blanc de Blanc (R18,95) wat fris op die palaat gelê het. Ek het gesmul aan 'n penne Alfredo (R16,95), hoewel ek dit teruggestuur het vir meer knoffel. My twee besoekers had 'n Spinasie Quiche (Quiche and make up?) teen R18,56 en 'n Spagetti Broccoli (R16,95).

Die Quiche was lekker, maar my vriendin met die Broccoli-gereg het op my aanbeveling wit sous by bestel omdat die spagetti 'n bietjie aan die droë kant is. Ons was eensgesind oor die feit dat my keuse numero uno was. Maar nadat haar spagetti opgedoilie is, was alles Jim Dandy.

Restaurant wet nommer 6 (as 'n mens bygelowig is) moes ek wel ondervind: goeie hoofgeregte - swak nagereg. Terwyl my etemaats innig brommend van genot was en wyl die sjokoladekoek sommer wegsmelt, kon ek my kaaskoek se kors nie deurgesaag kry nie. Wat jammer! Dit was seker maar net die glips van die dag want gewoonlik is die kaaskoek echt leuk, hoor.

Die hele spulletjie (met koffie daarby, twee ligte drankies en 'n rookdingetjie) was so R168 (footjie bygesit). Die diens was vriendelik én vinnig en die maitre d' het haar aan my gesellinnne kom voorstel en 'n ogie gehou.

Wat vir 'n plek is dit? Môii modern Mediterreens gedekoreer (terra cotta-styl) met klein tafeltjies. Dit is up-market, yuppie-rig en miskien vir Jan en alleman aan die durige kant. Maar dan betaal 'n mens vir gehalte en op 'n someraand is daar geen lekkerder plek as Cafe Paradiso nie. Die totaal: R168.

# iets waaroor jy huis toe kan skryf


deur mark beare

## Nóú begin die Suid-Afrikaners rigting kry in internasionale krieket

DIE tweede toets tussen Sri Lanka en die Suid-Afrikaanse toerspan by die Sinhalese Sportklub in Colombo, die hoofstad, was presies die soort hupstoot wat die besoekers al sedert hul terugkeer uit afsondering in November 1991 nodig gehad het.

Die eendag-wedstryd is, ondanks al die bekoorlikheid daarvan, basies 'n swak plaasvervanger vir die tradisionele internasionale wedstryd. Dit fokus op uitslae en nie die proses nie; min erkenning word gegee aan die jare van gedissiplineerde oefening wat dit kos om 'n topklaskolwer te lewer.

Eweneens is dit maar eers nou, 25 jaar sedert die ontstaan van die eendag-wedstryd, dat draaiboulers, die ware vakmanne van die wedstryd, 'n betekenisvolle rol in wedstryde met beperkte boulbeurte begin speel. Dis immers net in die vyfdag-wedstryd dat 'n kolwer werklik 'n kolfbeurt kan bou en die draaibouler sy vaardighede kan verfyn. Dit is dus die ware toets waaraan die vordering van individuele vertonings op die toer gemeet kan word.



Suid-Afrika se Hansie Cronjé in aksie tydens sy kolfbeurt van 122 lopies op die derde dag van die tweede toets teen Sri Lanka in Colombo. Ook in sig is die Sri Lankaanse veldwagter Hashan Tillekeratne en paaltjiewagter Pubudu Dassanayake. (Foto: Dexter Cruez/AP)

DIE MERKWAARDIGE Suid-Afrikaanse kolfbeurte in die tweede toets is verreweg die beste sedert die terugkeer en het groot vertroue in die kolwers en die span gewek. Die werklik verbasende eienskap van die kolfwerk op dié toer was die gemak waarmee die draaiballe deur al die top-kolwers gespeel word.

Aan die spelers wat geanker aan die kolfperk gewag het, volslae reaktief op die vernuf van Kuble en Raju, herinner dié span geensins nie. Veral Rhodes in die eerste toets en Cronjé in die tweede het vaardigheid en dissipline gewys deur vorentoe te beweeg en die ampervol bal te speel. Drew Forrest praat in die *Weekly Mail* van die "dialektiek van twyfel" wat die stryd tussen kolwer en draaibouler kenmerk, waarin elkeen wroeg oor wat die ander een in die mou voer. Tot met die toetse was daar op dié toer nie veel dialektiese stryd nie - die draaiboulers het twyfel geskep en die kolwers is daardeur ontsenu. Dis 'n plesier om die verandering te aanskou.

NOG 'N NOEMENSWAARDIGE element is die indeling. Die Suid-Afrikaanse middel-orde was nog altyd 'n bron van groot kommer. Die werklikheid is dat die openingskolwers altyd tyd het om hulself in te speel, selfs in die eendag-wedstryde, en die Hudson-Wessels-vennootskap het 'n ruk lank stewig gelyk. Dit was in die middel-orde dat groot kolfbeurte nodig was - en verskaf is.

Die manier waarop Hansie Cronjé sy weg na 'n ritme oopgekrap en -baklei het, was uiters imposant. Temperament was histories 'n vraagstuk by Cronjé. Sy vroeë vorm in internasionale krieket - en in die eerste deel van dié toer - het die indruk gewek dat hy sensitief is vir druk. Hy het meer kolfbeurte soos dié een nodig.

Vir die krieket-puriste was Cullinan se 52 iets om gevier te word. Hy het 'n geskiedenis in provinsiale krieket om nulle of honderdtalle te behaal en die feit dat hy konstant tellings van 30 en 40 oplewer, beteken dat die groot tellings nie ver weg kan wees nie. Die legendariese nommer 4-posisie, eens Graeme Pollock se domein, wag nou al langer as 'n dekade vir Cullinan om die mantel op te neem. Miskien, net miskien, sien ons nou uiteindelik die opvolging.

Heelwat is in die pers gesê oor die onderwerp van Jonty Rhodes, wat al te lank met effense lof belas word. Rhodes se probleem is presies die teenoorgestelde van Cronjé en Rhodes s'n: niemand trek sy temperament in twyfel nie, maar almal bevraagteken sy vermoëns. Rhodes is nou baie na daaraan om te bewys dat temperament en 'n aanvoeling vir die bal die platform kan wees vir prestasie in toetswedstryde. Die verbetering in sy tegniek - sy hantering van draaiballe teen die Indiërs was rampspoedig - was vinnig en imposant en is, soos altyd met Rhodes, simbolies van die spanpoging en 'n aansporing aan sy portuur.

'n Ewige onderwerp van bespreking tydens toere na die Indiese subkontinent (nie die minste in dié rubriek nie), is die dubbele gevare van geslepe draaiboulers en 'n behulpsame kolfblad. Die Sri Lankaanse blaaie was gepas vir draaiballe, maar nie alte veel nie, en daar was tot dusver lewe in hulle vir die snel- en swaaiboulers. Sri Lanka se swakheid in dié afdelings is genadeloos onthul deur die Suid-Afrikaanse kolwers. Dis net Muralitharan se unieke vaardighede wat konstant probleme veroorsaak het, hoewel andere netjiese getalle lopies opgelewer het.

Wat die Suid-Afrikaners betref, is die ritme van die aanval stewiger gevestig. Die ont-beklemtoning van die draaiboulers is waarskynlik die beste besluit wat die keurders op dié toer gemaak het: dis duidelik dat die vaardighede nie beskikbaar is nie en die vier-man snel- en swaaiboulaanval het vrugte afgewerp. Die stommiteit om te verwag dat 'n toetswedstryd-paaltjie 'n uitstekende medium-snelbouler soos McMillan sou negeer en die beperkte vaardighede van 'n Eksteen sou verhef, is blykbaar agter die rug. Onder die boulers was, met die nodige respek aan Donald se volgehoue voortreflikheid, Schultz se prestasie asembenemend. Sy eiewysheid is blykbaar iets van die verlede en 'n linkerarm-snelbouler, wie se natuurlike boulaksie wegtrek van eerder as na die regshandige, is altyd 'n betekenisvolle voordeel.

Die aandrang daarop om Snell bo De Villiers te kies bly bedenklik. De Villiers is ook 'n goeie bouler, en baie meer as Snell in staat om lyn en afstand vol te hou, en die argument dat Snell se kolfwerk 'n voordeel is, is regverdig, maar geensins oortuigend nie.

TER OPSOMMING DAN: dit was 'n uitstekende vertoning deur die besoekers. Hulle het ware moed aan die dag gelê in die aanpassing by nuwe omstandighede en daar was geen geleentheid waarop nie minstens een van die span nie 'n wêreld-klas-vertoning gelewer het nie - van Schultz se vyf paaltjies-trek tot Rhodes se honderdtal tot die toegewyde opbou van kolfbeurte in die tweede toets. Die boulwerk was egter van 'n hoë peil, en die kwelvrae oor die middel-orde lyk minder kwellend as op enige tydstip in die laaste 18 maande. Die stukke begin inmekaar pas. ■



televisie

# klipoog

## die man met die geligte wenkbrou

"MAN has climbed Mount Everest, gone to the bottom of the sea; man has shot rockets at the moon, split the atom, achieved magnificence in every field of human endeavour - except crime!" sal die aartsskurk Auric Goldfinger (Gert Frobe) aanstaande Saterdagaand snedig op jou TV-skerm aan 'n klomp Mafia-base bulder in *Goldfinger*, die derde in TV1 se reeks heruitsendings van vyf James Bond-films uit die jare sestig (met die ware Jakob, Sean Connery, agter die stuur van die Aston Martin).

Die bombastiese Goldfinger sal knoppies op 'n beheerpaneel druk. Die verdwaasde Mafia-base wat in Goldfinger se reuse-vergadersaal byeengebring is, sal verbouereerd uitroep "Hey, what are you trying to pull?" terwyl reuseluike oor die reusevensters van die saal afsak. 'n Skaalmodel van Fort Knox op 'n reusagtige tafel sal hidrolies uit die enorme vloer opstyg, terwyl reuse-lugfoto's van die gebied om die fort op die reuse-mure geprojekteer word. Goldfinger sal diabolies selfingenome lyk terwyl hy die mees ambisieuse misdaad van alle tye aankondig...

Jy sal nie wonder waarom hulle die ding nie maar oor spaghetti en 'n glasie sambuca in 'n koffiekroeg kon bespreek het nie. Jy sal besef dis die era van die uitspattige gimmick en die duur gebaar, want met dié reeks reis jy drie dekades terug in die tyd na die bloeityd van die kapitalistiese verbruikerskultuur - die booming sixties; toe die maatstaf vir alle handelsware en haarkapsels was: hoe blinker en meer opsigtelik kunsmatig, hoe beter.

DIT SOU BOEIEND wees om die metamorfose in die uiterlike voorkoms van hoëtroustelle na te vors in die tydperk wat TV1 se reeks Bond-movies omvat - 1962 (*Dr No*) tot 1967 (*You Only Live Twice*, wat op 2 Oktober gebeeldsaai word). Jy sal straks vind dat daar, soos in die Bond-flieke, al hoe meer knoppies en liggies en fieterjasies bygevoeg word.

In die eerste twee Bond-flieke wat al gewys is - *Dr No* en verlede Saterdag se *From Russia With Love* (1964) - was die beheptheid met tegnologiese truuks nog nie so intens nie. In *Dr No* word die goeie ou natuur nog ingespan in een poging om van Bond ontslae te raak ('n giftige spinnekop word in sy hotelkamer geplant) en die siening van kernkrag is taamlik naïef: Bond en Dr No baklei bo-op 'n kernreaktor - en al spat die swaarwater waarmee dit verkoel word op hulle, is daar geen sprake dat Bond bestralingsiekte gaan opdoen nie. Later in *Thunderball* (1966), wat op 25 September vertoon word, sal die karakters naby 'n reaktor darem al waarskuwingsstrokies dra wat verkleur as hulle te veel bestraling opgedoen het.

In *From Russia With Love* is die booswigte se spiere en gemene persoonlikhede - soos die butch Rosa Klebb (Lotte Lenya) - nog belangriker as hul hulpmiddels, maar van *Goldfinger* af (waarin 'n laserstraal onder meer gebruik word om Bond kastrasievrees te gee) begin die tegnologiese toebehore die ware hoofrol speel. Bond, wat in *From Russia With Love* nog trein gery het *à la* Agatha Christie, kry sy Aston Martin wat fallies bewapen is as toonbeeld van manlike potensie.

VANUIT ONS GROEN gesigspunt van vandag lyk die Bond-movies natuurlik hoogs verouderd en super-kitsch; maar dis juis wat hulle so fassinerend maak. Van al die dinge wat verander het, is die opsigtelikste seker die verandering in die beeld van die ideale man. In die androgene era ná David Bowie, Boy George en andere, lyk Bond na die toonbeeld van die manlike chauvinistiese vark.

In die sestigerjare was Sean Connery as 007 die presiese teenpool van die Hippie-ideaal: die spioen as snobistiese verbruiker en kampvegter vir die upper classes - hy dra nie net 'n Saville Row-pak nie, maar weet watter oesjaar Dom Perignon by die kaviaar gedrink móét word. Dat juis die Britse spioen tot pop-held verhef word, is ook boeiend: die verbruikerskultuur wat in Amerika ryk geword het, gaan soek styl in ouwêreldse sjarme en roots.

Sjarme is dalk nie die woord nie. Bond is genoeg om enige eietydse feminis 'n oorval te laat kry. Hy behandel sy minnaresse met eweveel minagting as sy vroulike teenstanders. Van betekenisvolle verhoudings is daar g'n sprake nie: vroue is net daar om (tydelik) geniet te word. Jy hoef nie eens 'n ete by kerslig te koop nie - al wat nodig is om in die bed te spring is 'n lyn soos: "I like that outfit you're almost wearing."

Die vroulike vyande is natuurlik almal óf sadisties en lelik óf wulps, maar gespierd. Die punt is: al raak hulle hóé aggressief, is hulle nooit opgewasse teen 'n Ware Man (Bond) nie.

BOND IS IN WERKLIKHEID so 'n gevoellose moordenaar dat 'n mens soms moeite het om te onthou hy is die held en nie net nóg 'n psigopatiese moordenaar nie. Omdat hy self geen moraliteit toon nie, is M en Miss Moneypenny nodig - hulle verteenwoordig die saak waarvoor Bond veg: die patriargale orde, die gesag van die nasionalistiese staat. Dis 'n oppergesag: selfs die onverskrokke Bond trap in sy spore om nie te betig te word deur die vaderlike M nie.

Hul goedgemanierde gesag is veronderstel om 'n perspektief te plaas op Bond. Bond, moet hulle paradoksaal wys, verteenwoordig darem nie werklik die hoër waardes van die kapitalistiese orde nie (al is hy nou wel die held wat jou as rolmodel moet bekoor). Hy's eintlik 'n buitestaander in ordentlike geselskap, die rebel, die stout seun wat nooit sal grootword nie (elke slag as hy op kantoor kom, gooi hy sy hoed na die kapstok), nooit sal trou en settle nie, al vry Moneypenny hóé hard na 'n trouring.

Jy's dus veronderstel om sy uitspattighede te verskoon, omdat outsiders soos hy jou goeie orde beskerm. Klipoog verskoon sy uitspattighede nie, en vind die makabere humor wat telkens opduik glad nie so fyn soos Hitchcock s'n nie. Om die waarheid te sê, dis gross. So gross dat Klipoog nie kan ophou kyk nie: hoeveel geslagte grys skoene het Bond nie waansinnig besiel nie?


AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

**AFRIKAANS STEREO: HOOGTEPUNTE**

**DIE TAAL WAT ONS PRAAT.**
Maandag, 20 September, om 11.30 vm.
Uittreksels van die taaldebat wat 28 Augustus gehou is, aangebied deur Henk Bierman.

**DOKUMENTÊR - DIE ALABAMA.**
Sondag, 19 September, om 4.30 nm.
Die 50e herdenking van Die Alabama, aangebied deur Martin Jansen.

**PROFIEL - DR VAN ZYL SLABBERT.**
Donderdag, 23 September, om 10.15 vm.
Frikkie Wallis is die aanbieder.

# Haai, watse ding hou ET vas?



As dit nou nie 'n falliese simbool is wat Die Man met die Stukkende Groen Onderbroek hier vashou nie, dan is daar nie iets soos 'n falliese simbool nie. Wat probeer jy sê, Gene? Die foto kom uit *Rapport* (deesdae die naaste wat die regses aan 'n mondstuk kom) en was TerreBlanche se statement met Vredesdag. En toe moes ons later hoor dit was 'n plastiek-geweer - nes sy oorlogpraatjies.

# Ek ken modder

Bittergal se oupa het altyd gesê hy ken modder en hy ken twak, en wat hy hier sien, is nie modder nie.

Dis hoe Bittergal gevoel het oor die stormvloed nonsens wat Ferdi Hartzenberg en sy trawante die laaste twee weke kwytgeraak het. Lanklaas is soveel twak deur soveel mense in so 'n kort tyd gepraat.

Soos dat die regses 'n burgeroorlog gaan loods as die oorgangsraad ingestel gaan word. Hy gáán ingestel word, en sommer gou. Nou wat gaan die regses doen? Swartmense by die duisende doodskiet? Die SAUK of die Uniegebou bestorm? Brûe opblaas? Bittergal het 'n vermoede hulle gaan nie veel meer weerstand bied as om te weier om hul TV-lisensies te betaal nie.

Nog 'n voorbeeld: Die Beleg van Bothaville. Swaar gewapen met masjiengewere en haelgewere en opgedres in kakie en swastika's het hulle die dorp en die kerkbasaar "bewaak", want Harry Gwala sou die plek inval. En al die tyd het Piet Gous, KP-LP vir Parys en hoofkommandant van die beleg, voor die tyd baie goed geweet Gwala was glad nie op pad nie.

Nog 'n voorbeeld: Hartzenberg wat die ANC 'n "meedoënlose moordmasjien" noem wat "oorlog verklaar het op die KP".

As dié mense maar geweet het hoe min Suid-Afrikaners hulle deesdae ernstig opneem, en as hulle maar geweet het hoe hulle eiehandig die Afrikaner se naam gat maak.

# Jacko se liedjie

Uit die *Financial Mail* se Did You Hear-rubriek: Michael Jackson's new song, Don't Let Your Son Go Down On Me, appears to have been well received in Bangkok.

## Gatvol-faktor

*'n Groep wedergebore Christene van 'n "huiskerk" naby Pretoria en Johannesburg is seker hulle word nog dié maand na die wolke weggeraap.* - Nuusberig verlede Sondag.

Met al die geweld en misdaad om ons en die petrolprys wat weer styg, is dit dalk glad nie 'n slegte idee nie.



# Sê hulle

Die drie "Nuwe Suid-Afrikaners" by TV1 se *Agenda* wat laasweek op die rooi tapyt was omdat hulle gedurf waag het om die mentaliteit en joernalistieke etiek van die SAUK te kritiseer - Jacques Pauw, Thandeka Gqubule en Charles Leonard - het een ding gemeen: hulle was almal *Vrye Weekblad*-joernaliste. Dis seker te verstane: die kultuur by *Vrye Weekblad* is jy hou jou bek vir g'n niks en g'n niemand nie.

# Bles se wát?

'n Afrikaanse kopieskrywer by 'n advertensie-agentskap, Linette Retief, het die ander dag selfs stoere gryskop-taalbulle (en -koeie?) laat skud toe sy tydens 'n debat van *De Kat* en Afrikaans Stereo oor Afrikaans vertel het hoe party goed net in Afrikaans gesê kan word - soos dat Bles Bridges so gewild is omdat hy 'n tril in sy stem het...

# Goeie raad

Gehoor van die wyse ou tagtigjarige se drie belangrikste lesse van die lewe? *Never pass up an opportunity to go for a pee; never waste an erection; never trust a fart.*

## Nog 'n kleintjie

Die vrou wil graag nog 'n kind hê en gaan sien haar ginekoloog. "Jou vorige drie is gesond en is maklik gebore, wat is jou probleem?" vra die dokter. "Ja, maar ek het in die koerant gelees elke vierde kind is 'n Chinees."

# Opstaantyd

Met die groot skommeling van party-verbintenisse die laaste tyd - AVU na NP, DP na ANC - merk 'n sinikus op: 'n Politikus se mening is soos 'n ereksie - dis maklik om een te kry, maar om dit staande te hou...

# 'n Hoogte

Wat noem 'n mens 'n masturberende Afrikaner? 'n Voortrekker. En as so 'n Afrikaner 'n orgasme kry? Voortrekkerhoogte. (Dis nou as hy dit nie fake nie.)

# In groepe

Dié een kom van die Nederlandse komediant Freek de Jonge: *Warrom zitten mannen in praatgroepen? Omdat ze zijn wat ze hadden willen hebben: grote lullen! En nog een: Ik wil de paus wel eens zien bij een spermabank met zijn eerste storting...*

# briewe

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR
RIG BRIEWE AAN:
DIE BRIEWEREDAKTEUR, VWB POSBUS 177
NEWTOWN 2113



**Johannes Kerkorrel**



**Koos Kombuis**



**Anton Goosen**

## Trekkerwoord

*Joos Tonteldoos van Braamfontein, Johannesburg skryf:*

Na aanleiding van sir Ralph Kerkorrel se prettige brief (*Vrye Weekblad* 19 Augustus 1993), wil ek graag die volgende kwytraak:

Hy is reg. Ek het in 'n stadium van my brose leeftyd te veel na Led Zeppelin geluister. Maar gelukkig kan ek (op my Trekkerwoord) voor die Here sweer dat Shakin' Stevens of BZN my nog nooit musikaal beïnvloed het nie.

Geseënde Kersfees.

## Orreltjie Blou

*Anton Goosen van Hennopsrivier skryf (ook na eenleiding van die Kerkorrel-brief):*

Liewe Orreltjie Blou

Gaap, gaap... Jy pis al weer die hele issue mis (het jy gehurk of gestaan?).

Sug, sug... ons hoor jy kom terug...

Groetnis

Oom Anton

## Vomeer

*Koos Kombuis van 'Skelmbos' skryf (steeds vir Kerkorrel):*

Kots Kreef.

## Moenie hans raak nie

*Leonard M van Kaapstad sing:*

Ek deel saam met Pierre Schenage en Leonhard Praeg (*Vrye Weekblad* Briewe 19 Augustus 1993) die gevoel dat Christi van der Westhuizen gereeld twak oor ander mense kwytraak waarvoor sy tien teen 'n kreupel een seker geen bewyse het nie.

Aan Johannes Kerkorrel: Jy's steeds een van my favourites. En baie ander dudes s'n. Moet asseblief net nie kom hans raak en vir Anton probeer beledig nie. Ek hoop nie jy praat stront as jy sê jy kom terug nie.

Raaiselpret: Napoleon het 'n rooi baadjie gedra in al sy oorloë sodat sy manne nie kon sien as hy gewond word nie. Glo om te voorkom dat hulle ontmoedig word. Oor groot pense en regses: Dis omdat die meeste van hulle heeldag op hul gatte sit terwyl ander mense onder vrot toestande vir hulle moet werk. Ek hoor die moeilikste besluit wat 'n regse ooit hoef te neem is wanneer hy sy toonnaels knip. Hy moet besluit aan watter kant van sy pens om om te gaan...

*(Brief verkort - Red.)*

## Wild en wakker

*Riana Scheepers van Rondebosch skryf:*

Ek sien in haar brief aan *Vrye Weekblad* van 18 Augustus dat Telana Grootboom deeglik vies is vir die dikgevrete, dofgevrete ou spul wat by Wits se Winterforum opgetree het. Hoekom het sy nie maar haar woorde bymekaar gemaak en tydens die besprekings haar sê gesê om 'n bietjie insig, helderheid en commitment in die bespreking te bring nie? Miskien kon sy nog die treurige situasie met haar bydrae gered het!

Ek sien ook dat sy in haar brief darem alte wild en wakker met aanhalingstekens tekere gaan. Sy quote in een asem sommer 'n hele klomp uiteenlopende sake wat ek (sou) kwytgeraak het. Net vir die rekord: ek het nie gesê *Wit Vis* van Jan van Tonder is 'n feministiese teks nie. Wat ek dit genoem het, moet suster Grootboom maar gaan nalees in die Winterforum se besprekings wat gepubliseer gaan word.

## Gooi die taal

*Gastronoom van Durbanville skryf:*

As 'n mens 'n negatiewe houding teenoor "Die Taal" (cf ons Engelse pers) het, het sy seker haar redes. As 'n kelner egter daardie houding werk toe bring en my as Afrikaanssprekende klant daaraan blootstel, betaal hy daarvoor.

Of Afrikaans sal oorleef vir langer as 'n jaar of honderd dra nie eintlik by tot my insomnia nie, maar wat my wel 'n derrière-kramp besor'e is swak diens in die vorm van disrespek wanneer ek deur 'n kelner bedien word en dié geen poging aanwend om My Taal te praat nie. Nie eens 'n enkele "dankie" nie, en dit soms terwyl die eienaar van die eetplek self Afrikaanssprekend is.

Nou ja, 'n mens wil nie elke nou en dan 'n negatiewe atmosfeer aan tafel skep nie met gepaardgaande gastriese ongemak soos sooibrand, dus laat ek dit gewoonlik daar totdat dit by die fooi kom: hy/sy kry 'n fooitjie heelwat kleiner as die gangbare 10 persent, of heeltemal niks.

Come on people, times are tough. Be pragmatic. Let's face it: you need my money. Showing a little respect will do the trick. Just a dankie here and a plesier there will do to convince me of your welwillendheid. And while you're at it, how about adding to your tips and South Africa's chances of survival by getting au fait with Ke a leboha, Enkosi, Ngiyabonga, etc.

## Net wittes bevorder

*Kolonel van Paarl skryf:*

Die departement van Korrektiewe Dienste beskik oor die mees korrupte bevorderingstelsel ter wêreld. Nog nooit in menseheugenis het ek gesien dat bevordering op so 'n wyse kan geskied nie.

Byna 98 persent van die offisierskorps in die departement is blank, terwyl die oorgrote meerderheid van die ledetal swart is. Ek self is byna tien jaar in die departement, maar is nog steeds 'n gewone bewaarder. My deel I bevorderingseksamen deur Technikon RSA het ek met lof geslaag, maar is nog steeds nie gereed vir bevordering nie. Dit is wat die blanke offisierskorps jou vertel by die meriete beoordeling.

Sedert die Staatspresident se Februarie 1990 toespraak is alles in die departement van Korrektiewe Dienste nog dieselfde.

Bevordering geskied nog steeds volgens die ou apartheidsbeleid.

Die vraag wat ek myself afvra, is: hoe lyk 'n Nuwe Suid-Afrika met net 'n blanke offisierskorps? Hoe sal die agterstand uitgewis word as die blankes alleen bevorder word?

Dit alles bring frustrasie en negatiwiteit mee. 'n Onafhanklike komitee is nodig om ondersoek in te stel na die bevorderingsbeleid. Gee ons (die anderskleuriges) 'n regverdige geleentheid tot bevordering.

## Meer 'hogere kuns'

*Musiekhonger van Waterkloofrif, Pretoria skryf:*

Met *Vrye Weekblad* se nuwe baadjie hoop ek dat ernstige musiek ook so 'n gereelde rubriek sal kry soos wat aan byvoorbeeld popmusiek afgestaan word.

Moet asseblief nie in dieselfde slaggat val as Afrikaans Stereo, wat meen dat Afrikaanssprekendes nie in 'hoger kuns' belangstel nie" (Henning Viljoen, *Vrye Weekblad* 20 Augustus 1993). As 'n beskaafde Afrikaner beskou ek dit as 'n belediging.

*(Ons neem kennis - Red.)*

# Tussen die regse papiertiere en die Apla-sideshow

**Meer as 2 600 mense is vanjaar in geweld dood. Kan dié verskynsel op 'n burgeroorlog of 'n militêre coup uitloop? Dr Max Coleman, van die Menseregtekommissie wat 'n voortdurende monitering van geweld publiseer, antwoord op MARTIE MEIRING se vrae oor die konflik.**

**Volg die geweld 'n patroon?**

Beslis - ná elke politieke deurbraak. Die ergste vlaag was ná die Pretoria Minuut in Julie 1991 toe 702 mense in een maand dood is, daarna met die Referendum in Augustus 1992 is 437 mense dood, weer na Julie vanjaar met die besluit op 'n verkiesingsdatum. En nou weer nadat op 'n Uitvoerende Oorgangsraad besluit is. Dit was nog die gewelddadigste twee maande.

**Die teikens van die geweld lyk dan so lukraak - soos laasweek se menseslagting in Wadeville? Hoekom?**

Die trein- en taxigeweld lyk ook lukraak, en daar ís elemente wat bloot krimineel is, maar dis baie duidelik dat daar politieke geweld in hierdie gevalle bestaan. Die doel is net om totale moedeloosheid onder gewone mense te bring, om 'n chaos, vrees en verwerping van politiek en politieke strukture te veroorsaak: om mense in hul huise te jaag en die deure te sluit.




Foto: Sally Shorkend

**Wie is hieragter?**

In 'n neutedop: die anti-demokratiese groeperinge. Dis 'n desperate destabiliserende mag. Dis elemente uit die deur apartheid bevoordeeldes wat die ou orde nie wil prysgee nie. Dis mense van die KP na regs, ook strukture in die Nasionale regering wat teen demokrasie is, soos elemente in die veiligheidsmagte en in ander departemente. Die tuislande het te veel onder apartheid gewen om dit nou maklik te wil verloor, soos Ciskei, Bophuthatswana en ook QwaQwa en, natuurlik, KwaZulu wat van die R100 miljard wat aan tuislande gegee word, R15 miljard ontvang, en Inkatha is eintlik net deel van KwaZulu. Hulle wil nie daardie R15 miljard verloor nie. En dan is daar dié elemente wat deur die driekamerparlement bevoordeel is, en ook natuurlik die ou Plaaslike Swartrade.

Daar's natuurlik ook leiers wat eenvoudig nie van hul mag wil prysgee nie.

**Is daar dus 'n georganiseerde verskynsel, 'n derde mag?**

Daar is samewerking tussen die veiligheidsmagte wat nie 'n onderhandelde skikking wil hê nie en die ander groeperinge. En natuurlik moet daar 'n goeie organisasie wees om die geweld aan die gang te hou.

**Sterk genoeg om 'n burgeroorlog of 'n militêre coup uit te oefen?**

Nee. Die regses is papiertiere. Hulle sal eenvoudig nie 'n oorlog of 'n coup kan aandurf nie omdat hulle nie finansiële steun het nie, en die tuislande se water en ligte sal summier afgesny word. Praatjies van oorlog is vergesog, want al sou jy 'n derde van die wit bevolking téén demokrasie hê, sal jy dan sowat net 1 persent kon oproep om die wapen op te neem. Dis eintlik net politici wat oorlog dreig. Dis desperate pogings om die oorgangsproses te stuit.

**Wat van Apla se rol in die geweld?**

Ek dink dis 'n sideshow. Die PAC-sambreel het 'n identiteitskrisis en strukture soos Apla help eintlik net om water op die regse meule te wees. Hulle het minimale ondersteuning, hulle rol word oordryf en hulle moet uithaal om hul eie profiel te versterk - daarom dat hulle die uitgangspunt het dat swart lewens goedkoop is en daarom moet wit lewens ewe goedkoop word. Die moorde sal stellig afneem as hul beeld té veel skade ly.

**Waar lê die oplossing?**

In koelkopbesluite. Soos jy is óf vir demokrasie óf daarteen. Jy kan nie meer op die kantlyn weifel nie. Die DP wys ook sy identiteitskrisis. Kan hulle 'n 5 persent haal? Daarom is daar so 'n verskuiwing in hul geledere. Die mense wat verlede week oorgeloop het, het besluit op 'n realiteit.

Moenie vergeet nie, die ekonomie is ook die finale arbiter. As dit nie was dat die Nasionale regering te swaar gely het onder ekonomiese isolasie nie, sou hulle nooit na die onderhandelingstafel gekom het nie. Die sakelui wat aanvanklik ook onder apartheid bevoordeel is, soos die mynbou, moet ook deur ekonomiese realiteite nou verander. Die land sal alleen ekonomies oorleef as hy 'n volle demokrasie kry - dis al wat die wêreld sal aanvaar. ■

# SÊ JOU SÊ

**Vryheid** van spraak **is jou reg,** en jou **plig.** So, sê jou sê. **Ons wil graag die** menings en **idees van** jou **organisasie/besigheid hoor. Oor enige onderwerp vanaf behuising tot onderwys,** gemeenskapsontwikkeling **tot** ekonomiese **bemagtiging.**

* **Sê** jou sê en ons **sal dit in** 'n **onafhanklike** nuusbrief **publiseer** wat **bestem** is om die **mondstuk** vir **Suid-Afrikaanse organisasies te word. Maak** nie saak **hoe groot of** klein **nie. 'n** Netwerk van **positiewe-idees en** gedagtes **wat sal help** om die **nuwe** fondamente van **hierdie** land **te lê.**

**As jy** graag die **nuusbrief wil** ontvang, **of wil** vertel van jou idees **of** suksesverhale, voltooi **hierdie vorm** vandag **nog.** Jy kan 'n **verskil maak.**


**Aan: Die Redakteur, Sê Jou Sê, Posbus 2651, Rivonia 2128.**
**Naam van organisasie/besigheid:** ________________________
**Posadres van organisasie/besigheid:** ________________________
**Telefoonnommer:** ________________________
**Faks:** ________________________
**Wat doen jou organisasie/besigheid:** ________________________
**Uit hoeveel lede bestaan dit:** ________________________
**Hoof van organisasie/besigheid:** ________________________
**Jou naam:** ________________________
**Jou ampsbenaming:** ________________________

* **Onderworpe aan Redakteur se goedkeuring**

SÊ JOU SÊ

HUNT LASCARIS TBWA 308026

# Met 'n voorgee is dit net 'n droom om teen Ernie Els te speel.



# Maar vir hom kan dit nou 'n nagmerrie wees.

## Sanlam se Kanker-Uitdaagreeks – Ons eerste nasionale pro-am-gholftoernooi.

Hier is u kans om die voorste beroepsgholfspelers aan te durf!

Klub- en streekwedstryde bepaal wie in die eindstryd gaan meeding wanneer altesame 90 amateurs gratis by San Lameer aan die Natalse suidkus byeenkom. Hier sal hulle die beroepspelers op 'n pragtige baan die stryd aansê.

Die enigste vereistes is dat u 'n manlike amateurspeler met 'n voorgee van tussen 0 en 24 en lid van 'n gholfklub moet wees – waar u ook volle besonderhede kan kry.

Skryf u vandag nog in – en slaan saam met die kampioene 'n dryfhou teen kanker.

San Lameer

KANKER
KANKER KAN OORKOM WORD

Sanlam

Aangebied saam met die klub Lions International, onder beskerming van die PGA en met die steun van die Suid-Afrikaanse Gholf-federasie. (Reël 1 – 8 Behalwe 7 SAGF/2/93)

LINTAS CAPE 301648/A